# HOOFSTUK 5

## DIE REGSIMPLIKASIES VAN TREITERING VIR DIE ONDERWYSBESTUUR EN ONDERWYSREG

### 5.1 INLEIDING

Hoofstuk 5 is die finale hoofstuk in hierdie studie. Soos gemeld in hoofstuk een (1.7.4, Program van studie), sluit die regsimplikasies wat hier beskryf word ook aanbevelings vir die onderwysbestuur en onderwysreg in en bevat hierdie studie dus nie ‘n aparte hoofstuk vir aanbevelings nie. Hierdie aspek word verder toegelig in 5.6 (Afsluiting) waar leemtes vir verdere navorsing ook aangedui word. In hierdie hoofstuk word ‘n antwoord verskaf op die derde navorsingsvraag, naamlik: **Wat is die regsimplikasies van die regsreëls, wat die bestuur en hantering van treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole rig, vir die onderwysbestuur en onderwysreg?** Die beskrywing van die implikasies vir die onderwysbestuur en onderwysreg word hoofsaaklik gegrond op die respondente se response of bevindinge, maar is ‘n kulminasie van die totale navorsing. Die beskrywing word verryk deur die respondente se response te verbind met veelvuldige bronne van informasie.

Soos reeds volledig bespreek in afdeling 1.3 en 1.4 beteken die beskrywing van die regsimplikasies vir die onderwysbestuur dat daar nie slegs op skolevlak gefokus word nie. Skole is onlosmaaklik verbonde aan onderwys op nasionale vlak, provinsiale vlak en streeksvlak of distriksvlak afhangende van die struktuur in die betrokke provinsie. Die regsimplikasies vir die onderwysreg (sien ook afdelings 1.3 en 1.4) beteken dat nuwe juridiese kennis tot die onderwysreg toegevoeg word. Die implikasies vir die onderwysbestuur en onderwysreg word afsonderlik aangebied om die bespreking te vergemaklik, maar die grens tussen die twee afdelings kan soms baie dun wees. Die implikasies vir die onderwysbestuur is praktykgerig en sal hoofsaaklik fokus op die optrede van die onderwys of dit wat die onderwys in plek moet stel om treitering, as faset van leerderveiligheid, doeltreffend te bestuur en sodoende die regte van die slagoffer van treitering te beskerm. Die implikasies vir die onderwysreg fokus op nuwe juridiese akademiese kennis wat in hierdie navorsing na vore gekom het en die

onderwysregskennis ten opsigte van treitering uitbrei. Dit is baie belangrik om hierdie hoofstuk in samehang met hoofstuk 2 (fenomeen “treitering”), hoofstuk 3 (regsreëls) en hoofstuk 4 (response of bevindinge van respondente) te lees. Daar sal in hierdie hoofstuk gereeld na genoemde hoofstukke terugverwys word om sodoende onnodige herhaling in die grootste moontlike mate te beperk. Die regsreëls wat in hierdie hoofstuk ter sprake is, was geldig met die finalisering van die hoofstuk gedurende September 2007. Sien ook afdeling 3.1 (hoofstuk 3) vir bespreking van wysigings ten opsigte van regsreëls.

Aangesien dit uit die navorsing duidelik is dat die implikasies hoofsaaklik figureer op die gebiede van fundamentele regte, wetgewing, die deliktereg en strafreg, vorm genoemde fasette van die Suid-Afrikaanse reg ook die hoofkategorieë waarvolgens die beskrywing in hierdie hoofstuk geskied.

## 5.2 FUNDAMENTELE REGTE

### 5.2.1 Implikasies vir die onderwysbestuur

Die volgende implikasies vir die onderwys met betrekking tot fundamentele regte word afsonderlik bespreek:

- Die verantwoordelikheid van die onderwys om die regte van die slagoffer van treitering te beskerm.

- Spesifieke en onontbeerlike optrede (aksies) om die slagoffer se regte te beskerm.

- Bydrae van kinderregte-ooreenkomste met betrekking tot die bestuur van treitering in skole.

- Die belangrikheid van ‘n menseregtekultuur met betrekking tot die bekamping van treitering.

- Die dissiplinêre verhoor en die reg op regverdige administratiewe optrede.

- Die beperking van die boelie se regte.

5.2.1.1 Verantwoordelikheid van die onderwys om die slagoffer se regte te beskerm

In die navorsing is bevind dat verskeie fundamentele regte van die slagoffer deur treitering geskend word. Die verantwoordelikheid van die onderwys, om die regte van die slagoffer van treitering te beskerm, is geanker in die Grondwet en kom alreeds baie duidelik na vore in die bespreking van die Grondwet as regsbron (afdeling 3.2) en word daarom nie weer hier herhaal nie. Tog is dit belangrik om in aansluiting by afdeling 3.2 die volgende weer te beklemtoon:

- Artikel 7(2) van die Handves bepaal dat die staat en al sy organe die regte in die Handves moet eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik.

- Die nasionale en provinsiale departemente van onderwys asook openbare skole is administratiewe staatsorgane wat gebind is deur die bepalings van die Handves en moet dus die regte in die Handves eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik.

Rautenbach en Malherbe (2004 : 303, 304) verduidelik die begrippe "eerbiedig", "beskerm" en "bevorder" as volg:

- "Om regte te eerbiedig" beteken om regte nie aan te tas nie, of anders gestel, om die regte slegs in ooreenstemming met die beperkingsbepalings te beperk.

- "Om regte te beskerm" beteken om stappe te doen om te voorkom dat regte aangetas word deur ander.

- "Om regte te bevorder" beteken om stappe te doen om die uitoefening van regte moontlik te maak.

Die begrippe "eerbiedig", "beskerm" en "bevorder" is elkeen in die praktyk van toepassing op die bestuur en hantering van treitering deur die onderwys (nasionaal, provinsiaal en skolevlak). Anders gestel kan gesê word dat die optrede van die onderwys, en die

aksies wat die onderwys in plek stel om treitering doeltreffend in skole te bestuur, ten doel het om die regte van die slagoffer te beskerm, te bevorder en te eerbiedig.

Alhoewel die begrippe "eerbiedig", "beskerm" en "bevorder" verskillende betekenisse verteenwoordig, is die begrippe in 'n groot mate ook vervlegd by die toepassing daarvan in die praktyk. Byvoorbeeld, indien 'n skool 'n doeltreffende treiteringbeleid implementeer om te voorkom dat die slagoffer se regte deur die boelie aangetas word, word die regte van die slagoffer tegelykertyd ook bevorder, want die slagoffer kan sy regte uitoefen. Indien die boelie se regte in ooreenstemming met die beperkingsmaatreëls beperk word (om sy regte te eerbiedig) beteken dit ook dat die boelie se regte beskerm word. As gevolg van hierdie vervlegdheid word hierdie drie begrippe nie afsonderlik hanteer wanneer optredes (aksies) van die onderwys bespreek word nie, maar word eerder as 'n eenheid hanteer.

In die afdeling wat hierna volg, word spesifieke en onontbeerlike optrede en aksies wat deur die onderwys geïmplementeer behoort te word om die regte van die slagoffer van treitering te beskerm, te bevorder en te verwesenlik, geïdentifiseer. Die geïdentifiseerde aksies maak nie aanspraak op volledigheid in die sin dat dit die enigste toepaslike aksies is nie. Soos die bespreking in hierdie hoofstuk ontwikkel, kan daar nog moontlike aksies na vore kom wat tot die geïdentifiseerde aksies toegevoeg kan word. Die aksies wat hierna volg, moet dus ook gesien word as 'n riglyn, norm of basis wat aangevul kan word deur die onderwys en skole afhangende van die situasie en om tred te hou met die ontwikkeling van kennis. Dié aksies kom weer ter sprake in die bespreking wat volg in hierdie hoofstuk. Slegs die kern van die aksie word dus weergegee. Daar word ook gefokus op aksies om die slagoffer se regte te beskerm alhoewel daar ook enkele aksies ingesluit word wat gemik is op die beskerming van die boelie se regte omdat dit onlosmaaklik deel is van die proses.

#### 5.2.1.2 Spesifieke optredes (aksies, handelinge) deur die onderwys om die slagoffer se regte te beskerm, te bevorder en te verwesenlik

Die optredes hierna genoem, maak nie aanspraak op volledigheid nie en moet gesien word as riglyne of norme vir skole wat aangevul kan word op grond van die spesifieke situasie en op grond van nuwe kennis.

- Die erns waarmee treitering bejeën moet word, moet besef word en die onverskillige houding teenoor treitering moet verander word. Navorsing, wat opnames oor die aard en omvang van treitering insluit, moet in Suid-Afrika van stapel gestuur word. Onderwysdepartemente moet in terme van hul verantwoordelikheid teenoor die Handves, die omvang van treitering en die ernstige skade wat dit tot gevolg het, besef en daadwerklik optree.

- Opvoeders moet opgelei word ten opsigte van die fenomeen "treitering", die implementering van beleid (herkenningsprogramme, voorkomingsprogramme en intervensie-programme) en die regsimplikasies ten opsigte van treitering. Die herkenning van subtiele vorme van treitering moet spesiale aandag kry.

- 'n Prosedure moet in plek wees vir die onmiddellike ondersoek van 'n treitering-insident. 'n Hiërargie van sanksies moet beskikbaar wees. Die ouers van beide die boelie en die slagoffer moet in kennis gestel word. Rekordhouding vir latere terugverwysing of vir moontlike litigasie is noodsaaklik.

- Wetgewing wat skole verplig om 'n treiteringbeleid te implementeer, wat herkenningsprogramme, voorkomingsprogramme en intervensie-programme insluit, behoort verorden te word.

- Evaluering van die implementering van die treiteringbeleid moet gereeld geskied. Toesig en beheer is noodsaaklik om te verseker dat die treiteringbeleid in stand gehou word.

- Modelbeleide moet vanaf nasionale vlak voorsien word vir eenvormigheid. Dit sal meehelp om die min kennis ten opsigte van treitering by skole te oorbrug en so ook voorsiening maak dat skoolbestuurspanne en skoolbeheerliggame oor die nodige basiese kennis beskik om treitering doeltreffend te bestuur.

- Daar moet duidelike riglyne wees ten opsigte van die rapportering van treitering asook oop kommunikasiekanale (binne perke) tussen ouers, opvoeders en leerders.

- Sielkundige dienste en psigiatriese dienste moet uitgebrei word of moet voldoende wees om konstruktiewe intervensie ten opsigte van die slagoffer en die boelie van stapel te stuur.

- Ouers moet betrek word as deel van die bekamping van treitering. Die treiteringbeleid moet aan hulle gekommunikeer word, hulle moet die geleentheid kry om insette te maak. Ouers van boelies en ouers van slagoffers moet betrek word. Hulle moet in kennis gestel word ten opsigte van ‘n insident sodat hulle deel kan wees van die oplossing, ook tydens gesinskonferensies wat deel is van ‘n helenderegbenadering.

- Die slagoffer moet alle beskerming moontlik kry, ook na ‘n treiteringinsident wat reeds hanteer is, veral as ‘n dissiplinêre verhoor of ‘n strafsaak hangende is – byvoorbeeld teen intimidasie.

- Remedies wat skoolorganisatories van aard is, kan ook aangewend word waar die boelie die slagoffer se regte skend, byvoorbeeld waar die slagoffer skolastiese skade gely het, kan die skool toesien dat die slagoffer ekstra aandag (spesiale hulp) kry in ‘n poging om die skade te herstel.

- Onderwysdepartemente, skoolbeheerliggame, skoolhoofde, skoolbestuurspanne en opvoeders is gebind deur die reg op regverdige administratiewe optrede en moet ten opsigte van die bestuur van treitering – in alle gevalle waar regte aangetas word – regmatig, redelik en prosedureel billik optree.

- Die skool se gedragskode moet nie in stryd wees met die fundamentele regte van die leerders nie en moet voorskrifte bevat ten opsigte van prosedurele billikheid, wat verwys na billike prosedure, asook substantiewe billikheid wat verwys na die toepaslikheid en regverdigheid van reëls en ernstige optrede of aksie teen ‘n leerder. Die aanloop tot ‘n dissiplinêre verhoor, die verhoor self, die implementering van die besluitneming tydens die verhoor en sanksies asook die hantering van ‘n moontlike appèl moet voldoen aan die vereistes van prosedurele billikheid en substantiewe billikheid.

- Die outoritêre skoolkulture wat moontlik in sommige Suid-Afrikaanse skole bestaan, moet doelbewus afgetakel word deur die doelbewuste vestiging van skoolkulture (skooletos) wat gebou is op menseregte en 'n positiewe waardesisteem.

- Wanneer 'n reg beperk word, moet daar 'n balans wees tussen die beperking en die doel met die beperking. Byvoorbeeld, wanneer verbale treitering die slagoffer se fisiese en psigologiese veiligheid benadeel, moet die treitering hanteer word en stopgesit word – met ander woorde die boelie se reg op vryheid van spraak moet beperk word in terme van die beperkingsbepalings.

- In uitsonderlike gevalle van ernstige treitering, byvoorbeeld in die geval van ernstige aanranding, of treitering waar wapens gebruik word, behoort 'n strafklag gelê te word. Ander middele wat ook deel is van die strafregstelsel soos byvoorbeeld die polisie, kan hulp verleen aan skole deur middel van inligtingsessies of konstruktiewe intervensies ten opsigte van die boelie.

- Daar moet gewaak word teen 'n geenverdraagsaamheidsbeleid ("zero tolerance policies") wat leerders se regte skend, byvoorbeeld die outomatiese uitsetting van 'n boelie sonder 'n regverdige verhoor of selfs die uitsetting van 'n slagoffer in geval van weerwraak sonder 'n regverdige verhoor.

- Die interdik (regsmiddel om 'n dreigende onregmatige daad af te weer) kan deur die skool asook die slagoffer en sy ouers gebruik word om treitering te hanteer. Die hof kan byvoorbeeld 'n interdik toestaan om te verseker dat die boelie verbied word om naby die slagoffer te kom om sodoende te verhoed dat die slagoffer se regte geskend word of verder geskend word.

- Skole moet in terme van die Promotion of Access to Information Act inligting bekend maak wat benodig word vir die uitoefening en beskerming van regte van die slagoffer of boelie. 'n Situasie kan ook ontstaan dat private inligting weerhou moet word. Skole word aanbeveel om regsadvies in te win by die onderwysdepartemente se regsafdeling of by die skool of beheerliggaam se regsverteenwoordiger (indien hulle oor die fasiliteit beskik) in gevalle waar hulle twyfel oor die bekendmaking van inligting.

- Implementering van die inhoude van internasionale dokumente met betrekking tot kinderregte wat deur Suid-Afrika geratifiseer is: die Konvensie en die African Charter. Die bepalings van die internasionale kinderregte-dokumente kan ook in die deliktereg 'n rol speel, byvoorbeeld by die bepaling of daar 'n regsplig op die skool of die opvoeder gerus het om treitering te voorkom.

- Helende reg kan 'n groot rol speel in die konflik tussen die slagoffer en die boelie en ook as deel van skole se dissiplinêre prosesse.

- Die leerder (slagoffer) se reg dat 'n geskil deur 'n hof besleg kan word, moet op geen manier deur die skool beperk of belemmer word nie, byvoorbeeld deur die bekendmaking van inligting of die lewering van getuienis.

5.2.1.3 Bydraes van kinderregte-ooreenkomste met betrekking tot die bestuur van treitering in skole

In die bespreking van internasionale reg as regsbron (hoofstuk 3), is genoem dat internasionale dokumente met betrekking tot menseregte en kinderregte 'n belangrike invloed het op opvoedkundige prosesse soos onder meer die bestuur van leerderveilig-heid. Die twee internasionale kinderregte-ooreenkomste wat in hoofstuk 3 geïdentifiseer is as toepaslik met betrekking tot die bestuur en hantering van treitering is: die Konvensie en die African Charter. In hierdie afdeling word verwys na spesifieke artikels in hierdie dokumente wat riglyne bied en 'n bydrae maak vir die onderwys met betrekking tot die bestuur van treitering in die praktyk.

(a) United Nations Convention on the Rights of the Child

- In die voorwoord van die Konvensie word beklemtoon dat as gevolg van die kind se fisiese en geestelike onvolwassenheid, hy 'n behoefte aan spesiale sorg en beveiliging nodig het. In die geval van die tipiese (passiewe) slagoffer wat baie kwesbaar is, (klein postuur, swak selfbeeld, spesifieke ras ensovoorts) is hierdie bepaling nog meer van toepassing.

- Die hoë standaard van toesig ten opsigte van kinders, soos uitgespel deur artikel 3(3), is ook uiters noodsaaklik vir die bestuur van treitering. 'n Hoë vlak van toesig word veral in geïdentifiseerde plekke – in die skoolgebou, op die skoolterrein (asook in busse) vereis, want die boelie kies geskikte plekke uit om toe te slaan. Die hoë standaard van toesig wat vereis word, is spesifiek ook belangrik vir subtiele treitering wat moeilik is om waar te neem. Soos reeds gemeld, moet opvoeders opgelei word en bedag wees om ook die subtiele vorme van treitering hok te slaan.

- Artikel 3(3) verwys ook na die aantal toesighouers asook na die doeltreffendheid van toesighouers. Ouers kan aangewend word om opvoeders as toesighouers aan te vul om treitering, wat 'n hoë standaard van toesig vereis, hok te slaan. Opleiding van toesighouers ten opsigte van die fenomeen "treitering" is noodsaaklik om hul doeltreffendheid te verhoog.

- Artikel 19(1) verwys ook spesifiek na psigologiese nadeel wat binne die konteks van treitering belangrik is aangesien psigologiese skade, as gevolg van treitering, dié skade is wat die langdurigste en ernstigste nadeel kan veroorsaak. Artikel 19(1) verwys ook spesifiek na regsoptrede om die regte van die kind te beskerm. Hierdie bepaling onderstreep ook die feit dat skole in sekere ernstige gevalle van treitering remedies soos 'n interdik of selfs die strafregstelsel asook helende reg kan gebruik om die slagoffer se regte te beskerm.

- Artikel 19(2) is van toepassing op treiteringbeleid en verwys na voorkoming, rapportering, ondersoek, verwysing van die boelie en die slagoffer (na byvoorbeeld sielkundige dienste) asook berading, wat kernelemente is van 'n doeltreffende treiteringbeleid.

- Die begrip "beste belang van die kind" is reeds bespreek onder afdeling 3.2.6. Volgens Bray (2000b : 65) en Bekink en Brand (2000 : 194,195) is die begrip wyd en vaag om 'n betroubare en vasgestelde standaard te stel. Sien 5.2.2.1(f) vir verdere inligting oor hierdie aangeleentheid. Die begrip "beste belang van die kind" is ook die basis waarop 'n treiteringbeleid in skole gegrond moet wees asook die bestuur en implementering van die beleid. Soos reeds in afdeling 3.2.6

bespreek, werp artikel 3 van die Konvensie meer lig op wat die begrip beteken. Sien ook die bydrae van die Children's Act soos bespreek in afdeling 5.2.2.1(f).

(b) The African Charter on the Rights and Welfare of the Child

Die sorgsaamheidsplig van skole en opvoeders word in artikel 16(1) van bogenoemde African Charter beskryf. Sien 3.7.2 vir die beskrywing van die sorgsaamheidsplig in die African Charter.

In die praktyk het artikel 16(1) die volgende implikasies vir die onderwys:

- Die gebruik van alle middele tot die onderwys se beskikking om die sorgsaamheidsplig doeltreffend te bestuur.

- Om ook, indien nodig, van die reg gebruik te maak om die slagoffer(s) van treitering teen die boelie(s) te beskerm.

Artikel 16(2) beklemtoon ook optredes soos voorkoming, identifisering, rapportering, verwysing, ondersoek, behandeling, berading en nasorg wat almal kritieke elemente van 'n treiteringbeleid is. Identifisering is veral baie belangrik by subtiele vorme van treitering wat baie moeilik is om waar te neem. Daarom vorm herkenningsprogramme (wat in die afdeling oor wetgewing bespreek word) 'n belangrike faset van die opleiding van opvoeders in die hantering van treitering.

Die African Charter beklemtoon ook die feit dat kinders, as gevolg van hul kwesbaarheid, 'n groter mate van beskerming vereis. Dit onderstreep weer eens die belangrikheid om die slagoffer (veral die tipiese, passiewe slagoffer) van treitering te beskerm as gevolg van sy groter kwesbaarheid.

5.2.1.4 Die belangrikheid van 'n menseregte-kultuur met betrekking tot die bekamping van treitering

Twee respondente het aangetoon dat die vestiging van 'n menseregte-kultuur en 'n positiewe waardesisteem in ons skole 'n belangrike rol kan speel in die bekamping van

treitering. Daar word in Suid-Afrika te veel klem geplaas op individue se regte en te min gefokus op respek vir regte. Boelies het nie respek vir die regte van die slagoffer nie – dit word gestaaf op grond van die verskeie regte van die slagoffer wat in hierdie studie geïdentitifseer is en wat deur treitering geskend word.

Die aanvaarding van ‘n Handves van Regte, is volgens Dlamini (1996 : 55, 58) die beginpunt vir die ontwikkeling van ‘n menseregte-kultuur. Indien daar reeds ‘n mense-regtekultuur bestaan, vergemaklik dit die funksionering van ‘n Handves van Regte. Suid-Afrika beskik wel oor ‘n uitstekende Handves, maar beskik nie oor ‘n menseregte-kultuur nie. ‘n Menseregte-kultuur impliseer dat respek vir ander se regte ingebed is in die hart en bewussyn van elke mens. Die beginplek vir die vestiging van ‘n menseregte-kultuur is die skole, want leerders is nog ontvanklik en dis makliker vir hulle om ‘n kultuur van menseregte aan te leer.

Volgens Veny en Pauwels (1998 : 247 - 260) het leerders nie ‘n ingebore respek vir fundamentele regte nie. Hulle verkry respek vir fundamentele regte deur middel van opvoeding en sosialisering. Menseregte-opvoeding moet doelbewus in ons skole geïmplementeer word. Die doel met menseregte-opvoeding is die verstaan van, en simpatie vir konsepte en waardes soos geregtigheid, demokrasie, gelykheid, respek, menswaardigheid, vryheid, solidariteit, vrede, regte en verpligtinge, etiek, deernis, welwillendheid en verdraagsaamheid. Die einddoel moet daarop gerig wees dat funda-mentele regte die hele skoolopset sal deurdrenk: die etos van die skool; die skool-organisasie en die inhoud van die kurrikulum. Menseregte moet dus geleef word en uitgeleef word deur die hele skoolgemeenskap wat die ouergemeenskap, opvoeders en ander skoolpersoneel en leerders insluit.

Daar kan ook gesê word dat die doeltreffende bestuur en bekamping van treitering ook die ontwikkeling en vestiging van ‘n menseregte-kultuur in ‘n skool sal bevorder. Weens die feit dat treitering manifesteer as skending van slagoffers se regte, sal intervensie, voorkomingstrategieë, berading vir die slagoffer en boelie, die beskerming van die slagoffer, toepassing van helende reg, litigasie, die gebruik van die strafregstelsel en so meer die korrekte boodskap oordra in die sin dat die skending van die fundamentele regte van die slagoffer verkeerd is en afgekeur moet word.

5.2.1.5 Die dissiplinêre verhoor en die reg op regverdige administratiewe optrede

In die bespreking van die aard en wese van die reg op regverdige administratiewe optrede, is gemeld dat onderwysdepartemente, skole, skoolbeheerliggame, skoolbestuurspanne en opvoeders gebind word deur die reg op regverdige administratiewe optrede en hulle moet dus binne die skool en leeromgewing regmatig, redelik en prosedureel billik optree.

Die belangrikheid van die dissiplinêre verhoor, ten opsigte van intervensie met betrekking tot die boelie, blyk baie duidelik uit die bevindinge in hoofstuk 4 asook dat die dissiplinêre verhoor moet voortgaan wanneer 'n strafklag teen 'n boelie gelê is.

Wat betref die verband tussen die reg op regverdige administratiewe optrede en die dissiplinêre verhoor, bepaal artikel 8(5) van die Skolewet dat 'n skool se gedragskode 'n behoorlike regsproses moet insluit ten einde byvoorbeeld te verseker dat leerders wat hulle skuldig maak aan wangedrag, op 'n billike wyse hanteer word deur die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam. Volgens Oosthuizen (2005 : 84) word met 'n billike regsproses verwys na die proses (met ander woorde die verhoor en volledigheid van stappe gedoen) wat gevolg moet word om regverdigheid en billikheid aan die leerders (en eintlik ook die komitee) te laat geskied. Die begrip billikheid ("fairness") omsluit die begrippe regverdigheid ("just"), gelykwaardige behandeling ("equitable treatment" or "equity") en geregtigheid ("justice"). Om billik op te tree, behels dus meer as die logiese, presiese navolging van voorgeskrewe reëls of prosedures volgens 'n resep. Billikheid, soos die howe dit vereis, behels dat geregtigheid moet geskied tydens die dissiplinêre optrede en dat die besluit wat geneem word (sanksie) deur gepaste geskrewe redes geregverdig kan word.

Indien daar na 'n voorlopige ondersoek besluit word dat daar met 'n dissiplinêre proses (dissiplinêre verhoor) voortgegaan moet word, behoort die volgende stappe gevolg te word sodat die boelie se reg op regverdige administratiewe optrede beskerm word (Squelch 2000 : 311; Beukes 2001 : 191 - 193):

- Verhoor (aanhoor) en kennisgewing

Die boelie moet ‘n redelike geleentheid kry om aangehoor te word. Hy moet die geleentheid kry om sy saak te stel indien die verhoor gaan lei tot die uitoefening van ‘n oordeel wat sy bestaande regte, voorregte of vryhede kan beïnvloed. Voldoende kennisgewing van die verhoor moet gegee word. Die leerder moet skriftelik ingelig word oor die besonderhede van die beweerde oortreding. Die tyd, datum en plek van die verhoor moet ook skriftelik aangedui word. Volgens Oosthuizen (2005 : 87) behoort ‘n minder ernstige oortreding wat slegs kortstondige gevolge kan hê, billikerwys onmiddellik hanteer te word. In beginsel behoort minstens vyf dae vooraf kennis gegee te word vir ernstige oortredings en ten minste veertien dae kennis vir oortredings wat tot skorsing of uitsetting kan lei.

- Onpartydige dissiplinêre komitee

Normaalweg word die skoolhoof en die beheerliggaam as onpartydig beskou. Hulle moet nie enige persoonlike belang in die verhoor of die uitkoms hê nie. Hulle moet ook nie met voorbedagte rade of vooroordeel optree nie. In die uitspraak van die ongerapporteerde saak van *Michiel Josias de Kock NO v The Head of Department of the Department of Education, Province of the Western Cape,* 1998 (saaknommer – 12533/98), het die regter bevind dat die uitsetting van die leerder uit die skool nie op sigself onregmatig was nie, maar wel die prosedure van die dissiplinêre komitee wat gelei het tot die aanbeveling vir uitsetting. Die leerder het dagga in sy besit gehad. Die skoolhoof het die ondersoek gedoen, die getuienis gelei, was ‘n lid van die dissiplinêre komitee en was lid van die volle beheerliggaam wat uitsetting aanbeveel het. Die skoolhoof het dus sy eie saak bereg wat in stryd is met die gemeenregtelike *nemo iudex in sua causa* wat beteken: “no man is fit to judge his own case”. Die skoolhoof kon as gevolg van sy wye betrokkenheid nie redelikerwys as ‘n onpartydige persoon beskou word nie.

- Reg op inligting

Die fundamentele reg op inligting wat nodig is vir die beskerming van enige reg word beskerm deur artikel 32 van die Handves. Die *audi alteram partem*-beginsel vereis ook

dat alle toepaslike inligting verskaf word aan ‘n persoon wat geraak kan word deur enige administratiewe besluit. Dit verseker dat die leerder (boelie) kan voorberei vir die verhoor en nie onregverdig benadeel word nie.

- Reg op verteenwoordiging

‘n Party tot ‘n verhoor is gewoonlik geregtig op regsverteenwoordiging wanneer dit noodsaaklik is om ‘n regverdige verhoor te verseker. Volgens Oosthuizen (2005 : 90) kan leerders nie aanspraak maak op ‘n absolute reg op regsverteenwoordiging tydens ‘n dissiplinêre verhoor nie. Die gedragskode of skoolreëls mag bepaal of regsverteenwoordiging tydens ‘n dissiplinêre verhoor toegelaat word. Die beheerliggaam het ‘n diskresie om regsverteenwoordiging toe te laat, want die dissiplinêre verhoor is deel van ‘n skool se interne prosedure. Leerders kan wel deur hul ouers bygestaan word. Die omstandighede rakende die beskuldigings en die ingewikkeldheid van die saak moet as riglyne gebruik word om te bepaal of regsverteenwoordiging noodsaaklik is. Die beheerliggaam moet hul besluit, of ‘n regsverteenwoordiger toegelaat word of nie, aan die leerder of ouer kommunikeer.

- Redes vir besluit

Waar ‘n administratiewe liggaam ‘n besluit maak wat die regte van ‘n persoon kan beïnvloed, moet die persoon bewus gemaak word van die feit dat hy in terme van artikel 33(2) van die Handves redes vir die besluit kan aanvra. Die boelie kan dus vra vir skriftelike redes ten opsigte van die besluit (uitslag) deur die dissiplinêre komitee. Die skriftelike redes moet binne 90 dae gegee word en moet voldoende inligting verstrek. Indien dit nie gebeur nie word vermoed dat die besluit sonder voldoende redes geneem is.

- Reg tot appèl

Artikel 9(4) van die Skolewet bepaal dat die beskuldigde (boelie) die reg het om teen die uitspraak te appèlleer. Hy kan ook vra vir hersiening van die uitspraak deur ‘n hoër orgaan in die onderwys, naamlik die LUR of uiteindelike verwysing na die howe vir geregtelike (judisiële) hersiening. Dit is die verantwoordelikheid van die skool om die

beskuldigde in te lig ten opsigte van die prosedure wat gevolg moet word asook ten opsigte van die keerdatum.

5.2.1.6 Die beperking van die boelie se fundamentele regte

Soos reeds aangetoon, is die beskerming van die regte van die slagoffer ‘n belangrike faset van die bestuur van treitering in skole aangesien verskeie van die slagoffer se regte deur treitering geskend kan word. De Waal et al. (2001b : 144) toon aan dat orde, veiligheid, gesondheid en demokratiese waardes, beweegredes kan wees wat beperking van fundamentele regte regverdig. Ter beskerming van die slagoffer se regte, moet die boelie se regte as gevolg van die boelie se negatiewe optrede soms beperk word. In hoofstuk 3 waar die aard van die beperking van fundamentele regte bespreek is, is reeds aangetoon dat fundamentele regte en vryhede nie absoluut is nie en dat daar volgens Devenish (1999 : 541) min fundamentele regte, indien enige is, wat op absoluutheid kan aanspraak maak. ‘n Beperking van ‘n reg sal egter alleenlik grondwetlik geldig wees indien dit gemotiveer en geregverdig kan word in terme van die beperkingsklousule in artikel 36. Hierdie aspek is ook volledig in hoofstuk 3 bespreek.

Die beperking van die boelie se regte in die skoolomgewing word hierna geïllustreer deur te verwys na die beperking van die boelie se reg op onderwys, die reg op vryheid van uitdrukking en die reg op privaatheid. Dit is veral genoemde regte wat in die praktyk ter sprake kom met betrekking tot die beperking daarvan.

- Die reg op onderwys

Die boelie se reg op onderwys kan in ‘n mindere of meerdere mate beperk word deur skorsing of uitsetting. In terme van die Skolewet, artikel 9, soos gewysig deur die Wysigingswet op Onderwyswette 48 van 1999 en die Wysigingswet op Onderwyswette 24 van 2005, is die volgende beperkinge van toepassing ten opsigte van die reg op onderwys:

- ‘n Leerder kan vir sewe skooldae geskors word nadat hy skuldig bevind is aan ernstige wangedrag.

- Indien dissiplinêre verrigtinge nie binne sewe dae na die skorsing van 'n leerder gehou word nie, kan die beheerliggaam goedkeuring van die Departementshoof verkry vir die voortsetting van die skorsing van die leerder.

- Indien die beheerliggaam aanbeveel dat die leerder uit die skool gesit moet word, kan die beheerliggaam die skorsing van die leerder oplê of verleng vir 'n tydperk van 14 dae hangende die besluit deur die Departementshoof of die leerder uit die skool gesit moet word al dan nie.

- Volgens artikel 9(5) is die Departementshoof slegs verplig om vir 'n uitgesette leerder wat skoolpligtig is vir plasing in 'n ander openbare skool, voorsiening te maak. Dit impliseer dat, afhangende van die situasie en die ernstigheid van die oortreding, dit baie moeilik kan wees om die leerder wat nie meer skoolpligtig is nie, weer in 'n openbare skool te plaas.

'n Boelie wat toerekeningsvatbaar is, kan in die geval van 'n ernstige misdaad wel in 'n tronk aangehou word alhoewel artikel 28(g) van die Handves bepaal dat dit vir die kortste gepaste tyd moet wees, indien die boelie onder die ouderdom van 18 jaar is. Die boelie in aanhouding se reg op onderwys sal vir die tydperk van aanhouding beperk word alhoewel korrektiewe dienste, afhangende van die situasie, 'n reëling kan tref dat onderrig wel aan 'n leerder voorsien word. Indien die boelie na 'n "verbeteringskool" of "industriële skool" verwys word, word wel voorsiening gemaak vir onderwys. Alhoewel The Child Justice Bill dit nie spesifiek uitspel nie, behoort daar ook by veilige sorg-sentrums ("secure care centres") – soos The Child Justice Bill dit noem – en wat ook die ekwivalent is van verbeteringskole, voorsiening gemaak te word vir die reg op onderwys.

- Vryheid van uitdrukking

Volgens Devenish (1999 ; 191,192) beskerm artikel 16 beide vryheid van spraak en vryheid van uitdrukking. Vryheid van uitdrukking is 'n wyer begrip as vryheid van spraak, en kan geskied deur middel van verskeie uitwaartse vorme van uitdrukking.

Verbale treitering deur middel van spraak, is die vorm van treitering wat die meeste voorkom. Tipiese voorbeelde van verbale treitering, wat die grense van die reg op

vryheid van uitdrukking kan oorskry, is: om smerige en gemene of aftakelende berigte te begin en te versprei; die belediging van familielede; laster; ernstige negatiewe en volgehoue tergery en haatspraak. Haatspraak kom ook baie voor by rassistiese treitering en is ook een van die ongeoorloofde gronde van diskriminasie wat in artikel 9(3) van die Handves gelys word. Ander uitwaartse vorme van uitdrukking waarvan die boelie gebruik maak om die slagoffer te benadeel, is: die skryf van smerige briewe ten opsigte van 'n persoon; graffiti in toilette en op banke en vernederende notas.

Verbale treitering kan baie skade berokken en vir sommige leerders is dit die algemeenste vorm van treitering waaraan hul onderwerp word. Dit kan ernstige psigologiese letsels laat en kan ook aanleiding gee tot fisiese treitering. Die bedoeling van die boelie is gewoonlik om nadeel, leed en emosionele pyn vir die slagoffer aan te doen. Indien die verbale treitering fisiese en psigologiese skade, ernstige sosiale skade en opvoedkundige skade vir die slagoffer veroorsaak, moet die reg op vryheid van spraak opgeweeg word teen die negatiewe gevolge wat dit inhou vir die slagoffer en moet die reg op vryheid van spraak beperk word om sodoende die slagoffer te beskerm.

Voorbeelde van hoe die boelie se reg op vryheid van uitdrukking in die praktyk beperk kan word, is om die boelie aan te spreek of te verbied om negatiewe taal te gebruik of die samewerking van die boelie se ouers te verkry. Die boelie moet self die vernederende graffiti skoonmaak en in ernstige gevalle kan die boelie dissiplinêr verhoor word of 'n interdik kan ook as 'n laaste uitweg oorweeg word.

- Reg op privaatheid

Boelies bring soms gevaarlike voorwerpe soos messe en vuurwapens skool toe om die slagoffer te intimideer of af te dreig. Dit gebeur ook dat hulle die slagoffer se besittings en sakgeld of skoolgeld afneem. Hulle is ook soms in besit van pornografiese materiaal waarmee hulle die slagoffer intimideer of in die verleentheid stel as deel van die terrorisering en treitering. In terme van die reg op privaatheid, het elke persoon die reg om nie deursoek te word nie en daar nie op sy besittings beslag gelê mag word nie. Die boelie se reg op privaatheid en menswaardigheid – asook die reg om nie onregmatig deursoek te word nie en daar nie op sy besittings beslag gelê moet word nie – moet egter gebalanseer word met die regte van die ander leerders asook die reg en plig van

die skool om 'n gedissiplineerde en veilige skoolomgewing te skep. Die reg erken dat deursoeking aangewend kan word om dissipline en veiligheid in 'n skool te handhaaf en dat daar op ongewenste of gevaarlike materiaal beslag gelê kan word.

Die Guidelines for the Consideration of Governing Bodies in Adopting a Code of Conduct for Learners (GN 776 of 1998), verskaf die volgende riglyn ten opsigte van deursoeking:

> The principal or an educator upon reasonable suspicion (sufficient information), has the legal authority to conduct a search of any learner or property in possession of the learner for a dangerous weapon, firearm, drugs or harmful dangerous substance, stolen property or pornographic material brought on to the school property. During a search human dignity shall be observed and learners shall be searched in private by persons of their own gender, preferably in the presence of at least one other person. A record must be kept of the search proceedings and the outcome.

Die Regulations for Safety Measures at Public Schools (GN 1040 of 2001) stel dit as volg:

> A police official, or in his absence the principal or delegate may without warrant:

- Search any public school premises if he or she has a reasonable suspicion that a dangerous object or illegal drugs may be present in the public school premises in contravention of the regulations;

- Search any person present on the public school premises; and

- Seize any dangerous object or illegal drugs present on public school premises or the person in contravention of these regulations.

Die Amendment Regulations for Safety Measures at Public Schools (GNR 1128 of November 2006) beklemtoon ook die feit dat 'n leerder ook nie gedurende skool-aktiwiteite in besit mag wees van 'n gevaarlike voorwerp of dit mag gebruik nie.

Die begrip “redelike suspisie” is vaag, maar dit beteken dat daar betroubare inligting moet wees dat die boelie in besit van ‘n gevaarlike voorwerp, vuurwapen, gesteelde goedere of pornografiese materiaal is. Ander faktore wat in oorweging geneem kan word en wat daarop kan dui dat deursoeking behoort plaas te vind, is volgens Squelch (1998 : 1, 2): die besonderhede van die inligting; die bron van die inligting; kennis van die boelie se vorige gedrag en die ernstigheid van die spesifieke situasie. Hoe ernstiger die situasie, hoe minder suspisie is nodig om deursoeking te regverdig. Deursoeking van leerders moet in alle gevalle gedoen word deur persone (opvoeders) van dieselfde geslag. By deursoeking gegrond op redelike suspisie, behoort ‘n tweede volwassene (opvoeder) as getuie by te wees asook ‘n persoon wat deur die leerder wat deursoek word, aangewys is. Dit geld ook wanneer ‘n leerder se eiendom deursoek word. Deursoeking moet in privaatheid geskied en moet op ‘n menswaardige en ordelike manier geskied. Deursoekings waar die leerder moet ontklee, moet vermy word.

Metaalverklikkers behoort in skole toegelaat te word. Metaalverklikkers word algemeen gebruik as hulpmiddel om in openbare plekke die publiek te beveilig. Alhoewel dit lukraak geskied, is dit nie indringend van aard soos byvoorbeeld “die deursoeking” tydens deursoeking nie. Dit geskied verder weg van die persoon se persoonlike ruimte en geskied deur gebruik te maak van ‘n voorwerp (metaalverklikker). Die deursoeker bevoel of betas nie die persoon wat deursoek word nie.

Skole moet oor ‘n beleid as deel van die gedragskode beskik wat ‘n prosedure uitspel oor hoe deursoeking en beslaglegging moet geskied. Dié beleid moet aan die ouers gekommunikeer word. Indien beide die ouers en die boelie weier dat hy deursoek word, moet die saak aan die polisie oorhandig word.

Die fundamentele regte van die boelie kan dus kragtens artikel 36 van die Handves beperk word – die kern is dat daar ‘n balans moet wees tussen die beperking en die doel met die beperking. Die implikasies van fundamentele regte, vir die bestuur van treitering, is dus verreikend en behoort dus op alle vlakke van die onderwys indringende aandag te geniet. Nuwe juridiese kennis ten opsigte van treitering en fundamentele regte, soos bevind in hierdie navorsing, word hieronder bespreek.

### 5.2.2 Toevoeging van kennis tot die onderwysreg

Kennis ten opsigte van die volgende aspekte van treitering en fundamentele regte word deur die navorsing tot die onderwysreg toegevoeg:

- Die wyse waarop fundamentele regte deur treitering geskend word.

- Litigasie op grond van die skending van fundamentele regte deur treitering.

5.2.2.1 Wyse waarop fundamentele regte deur treitering geskend word

Die volgende regte is in die regsraamwerk en die onderhoude geïdentifiseer as regte wat deur treitering geskend word: gelykheid; menswaardigheid; vryheid en sekerheid van die persoon; privaatheid; vryheid van uitdrukking; lewe; onderwys asook bykomende kinderregte. Die aard en wese van elk van die regte is in die regsraamwerk bespreek en dien as vertrekpunt vir die bespreking in hierdie afdeling, wat handel oor die wyse waarop genoemde regte deur treitering geskend word. Die reg op assossiasie is tydens die onderhoude aanvullend geïdentifiseer as ‘n reg wat ook deur treitering geskend word en word ook in hierdie afdeling hanteer.

(a) Die reg op gelykheid

Artikel 9(3) van die Grondwet lys sekere gronde op grond waarvan daar nie gediskrimineer mag word nie. Diskriminasie op grond van die gelyste gronde word *prima facie* as onbillike diskriminasie beskou totdat die teendeel bewys is. Diskriminasie kan ook op grond van ongelyste gronde onbillik wees. In so ‘n geval moet bewys word dat die ongelyste gronde gelyksoortig is aan die gelyste gronde (Sien afdeling 3.2.1 – Reg op gelykheid).

Boelies se “keuse” van slagoffers is dikwels gegrond op eienskappe aan die kant van die slagoffer wat die boelie motiveer om dié spesifieke slagoffer uit te sonder. Die “andersheid” (die slagoffer is “anders” as die meeste ander leerders of beskik oor eienskappe wat hom of haar anders maak) kan ook as motivering vir die boelie dien. Sommige van die ongeoorloofde gronde wat in artikel 9(3) vermeld word, is ook soms eienskappe

waaroor ‘n slagoffer kan beskik en wat die boelie kan motiveer om hom uit te sonder. Die volgende eienskappe is in die navorsing geïdentifiseer: ras; geslag; etnisiteit; kleur; gestremdheid; godsdiens asook seksuele oriëntasie. Dit beteken nie dat genoemde gronde die enigste gronde is van dié wat in artikel 9(3) vermeld word, op grond waarvan ‘n boelie ‘n slagoffer kan uitsonder nie, of dat daar nie ander ongelyste gronde is wat die boelie kan motiveer nie en wat kan kwalifiseer as onbillike diskriminasie nie. Byvoorbeeld treiteringgedrag wat ‘n swanger meisie uitsonder op grond van haar swangerskap sal ook kan kwalifiseer as onbillike diskriminasie. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die boelie se keuse van die slagoffer ook gebaseer (gefokus) kan word op die andersheid van byvoorbeeld die gestremde leerder en nie soseer op sy gebrek nie. Dit sal egter moeilik wees om te bewys dat dit nie onbillike diskriminasie is nie.

Treitering gebaseer op ras, kleur en etnisiteit word in die literatuur oor treitering, en ook in hierdie navorsing, geklassifiseer onder rasgedrewe treitering. Die wyses waarop rasgedrewe treitering geskied, word volledig bespreek onder afdeling 2.4.7, maar sluit fisiese aanranding, verbale misbruik, uittarting, uitlokking en vervreemding in.

Wat betref treitering gebaseer op geslag het McCarthy en Carr (2002 : 2006) bevind dat seuns hoofsaaklik deur seuns getreiter word, maar dogters word deur beide geslagte getreiter. Daar bestaan nie spesiale navorsing wat aandui in watter mate geslag die beweegrede is wanneer die boelie en die slagoffer van verskillende geslagte is nie. In die geval van seuns wat dogters treiter, kan daar met redelike sekerheid gesê word dat geslag wel ‘n rol speel, veral in outoritêre kulture (ook outoritêre skoolkulture) waar die man domineer en daar dus ‘n wanbalans in mag is tussen die man (seun) en die vrou (dogter). In gevalle waar vroueregte misken word of waar manlike dominansie hoogty vier en waar daar ‘n wanbalans in mag is tussen die seun (boelie) en die dogter (slagoffer) gegrond op geslag, kan geslag wel ‘n motiveerder van die treiteringgedrag wees. Dit kan verskillende vorme van treitering insluit, waarvan die bekendste vorm seksuele treitering is. Seksuele treitering word bespreek onder 2.4.6, enkele voorbeelde is: om ‘n dogter ‘n “hoer” te noem; om ‘n dogter se bra-bandjie te laat skiet; seksuele aanranding; seksuele uitstalling en deur pornografie te vertoon.

Homofobiese treitering is gebaseer op die werklike, seksuele oriëntasie van die slagoffer of op 'n persepsie van die slagoffer se seksuele oriëntasie. Dit beteken homofobiese treitering is dus nie slegs gemik op slagoffers wat lesbies, homoseksueel, biseksueel of transvestiete is nie, maar ook op enige seun of dogter wat nie handel of optree in ooreenstemming met dit wat tradisioneel as manlik of vroulik beskou word nie. Homofobiese treitering word bespreek onder afdeling 2.4.6, maar die treitering neem gewoonlik die vorm aan van vernederende en beledigende beswaddering, deur gebruik te maak van byvoorbeeld woorde soos "moffie", "queer", "poof", "lezzie".

Dit gebeur ook dikwels dat 'n boelie 'n slagoffer teiken op grond van die gestremdheid van die slagoffer. Dit geskied gewoonlik deur middel van fisiese treitering wat verskillende vorme van fisiese treitering kan insluit asook verbale treitering wat soms spesifiek gerig is op die gestremdheid soos byvoorbeeld die gee van byname, verkleinering, tergery, spot, beledigings ten opsigte van die slagoffer se voorkoms en om te lag ten koste van die slagoffer. Dit kan ook die vorm aanneem van sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering waar die slagoffer verstoot word, vervreem word, uitgesluit word of psigologiese treitering soos negatiewe gebare of hom te takseer op grond van sy gestremdheid.

Treitering wat gemotiveer word deur die leerder (slagoffer) se godsdiens, word dikwels gekoppel aan die slagoffer se ras, waar ras en godsdiens gesamentlik die teiken word om die slagoffer te terroriseer deur gebruik te maak van fisiese aanranding, verbale treitering, uittarting en vervreemding. Godsdiens op sigself kan natuurlik ook die boelie aanspoor om die spesifieke slagoffer te teiken. Dit geskied dikwels deur belediging van die slagoffer se godsdiens, maar kan ook lei tot ander vorme van treitering waar godsdiens nie noodwendig die fokus van die treitering is of bly nie. Treitering kan dus manifesteer as onbillike diskriminasie teen die slagoffer en dus die slagoffer se reg op gelykheid skend.

Artikel 9(4) dui aan dat nasionale wetgewing verorden moet word om onbillike diskriminasie te voorkom of te belet. Dit is wel gedoen met die verordening van die Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act. Genoemde wet verbied onbillike diskriminasie in die algemeen en het dus betrekking op al die ongeoorloofde gronde in artikel 9(3) vermeld, maar ook op ongelyste gronde wat gelyksoortig is aan die gelyste

gronde. Dit maak spesifieke vermelding dat onbillike diskriminasie op grond van ras, geslag, gestremdheid, haatspraak (wat ook as treitering kan manifesteer) en teistering (treitering is 'n faset van teistering) verbied word. Die wet maak voorsiening vir gelykheidshowe wat onder andere die volgende remedies tot sy beskikking het naamlik: betaling van skadevergoeding; kan rolspelers verplig om sekere stappe te doen om die onbillike diskriminasie te stop en kan vereis dat verskoning aangebied moet word. Die gelykheidshowe funksioneer op siviele vlak en bied 'n toevoeging tot moontlike remedies vir treitering asook die geleentheid vir slagoffers van treitering, of hulle ouers, om van die gelykheidshowe gebruik te maak in geval van onbillike diskriminasie.

(b) Die reg op privaatheid

Die volgende aspekte van die reg op privaatheid is van toepassing op treitering en kan kortliks as volg opgesom word:

- Privaatheid is meer indringend hoe nader dit aan die interne persoonlike ruimte van die persoon beweeg en word minder indringend hoe verder dit daarvandaan wegbeweeg. Privaatheid funksioneer dus op 'n kontinuum.

- Privaatheid beteken dat daar nie op 'n persoon se besittings beslag gelê moet word nie.

- Privaatheid bied beskerming van die geleenthede wat 'n persoon het om sy persoonlikheid te ontwikkel.

Die intieme, persoonlike ruimte van die slagoffer word deur treitering geskend en wel deur fisiese treitering en seksuele treitering. Daar kan gesê word dat die meeste vorme van fisiese treitering die intieme, persoonlike ruimte van die slagoffer binnedring aangesien dit opsetlik geskied met die doel om die slagoffer fisiese leed aan te doen of om die slagoffer te dreig dat fisiese leed hom wel toegevoeg kan word. Voorbeelde is: skop; stamp; wurg, klap; slaan met die vuis; knyp; krap; hare trek; oormatig kielie; om die slagoffer se broek af te trek; spoeg; op die slagoffer urineer; die slagoffer se kop in die toilet te druk; iemand teen sy sin te soen; die slagoffer te dreig met fisiese leed; afdreiging met 'n vuurwapen; die slagoffer aan te rand; manslag; verkragting en ook

moord. Dis moeilik om die intieme, persoonlike ruimte af te baken, maar dit blyk dat seksuele treitering (of altans die meeste vorme daarvan), die intieme (privaat) ruimte van die slagoffer nog verder binnedring soos byvoorbeeld: om 'n seun se broek af te trek; om 'n seun se onderbroek styf op trek sodat dit ongemak en pyn veroorsaak; om 'n dogter se borste aan te raak; om 'n dogter se bra-bandjie te laat skiet; teen 'n dogter te skuur; seksuele aanranding asook seksuele uitstalling of posisionering.

Dit gebeur ook dikwels dat die boelie die slagoffer se toebroodjies of sakgeld afvat of sy skryfbehoeftes of skoolboeke. Die slagoffer word dikwels gedreig met fisiese leed indien die slagoffer die afneem of afvat van sy besittings sou aanmeld. As deel van die boelie se veldtog om die slagoffer opsetlik leed aan te doen, kan dit gebeur dat die slagoffer se boeke of aantekeninge kort voor 'n toets of eksamen op 'n "onverklaarbare" wyse kan "verdwyn". Genoemde voorbeelde van beslaglegging op die slagoffer se besittings kan meewerk tot emosionele skade, skoolfobie en opvoedkundige skade by die slagoffer. Emosionele skade en opvoedkundige skade word volledig beskryf onder afdelings 2.8.1.2 en 2.8.1.4 onderskeidelik.

Die ernstige, emosionele skade wat 'n persoon sy hele lewe kan bybly, die gevolge van stres, sosiale skade en opvoedkundige skade wat gevolge is van treitering, sal die geleenthede wat die persoon kan hê om sy persoonlikheid te ontwikkel ernstig knou en beperk. Hierdie gevolge van treitering, wat die ontwikkeling van 'n slagoffer se persoonlikheid ernstig kan knou, word volledig bespreek onder 2.8.1.

Dit is belangrik om kennis te neem dat daar 'n wesenlike verskil is tussen grondwetlike skending van die reg op privaatheid en privaatregtelike (delikteregtelike) privaatheidskending. Hierdie aangeleentheid word as deel van die *actio iniuriarium* onder "skade" (5.4.2.1(e) ) in hierdie hoofstuk bespreek.

(c) Reg op menswaardigheid

Connecticut se regsdefinisie van treitering lui as volg (Ferrell-Smith 2004 : 10):

> Bullying: overt acts by a student or group of students directed against another student with the intent to ridicule, humiliate or intimidate the other student while

on school grounds or at a school sponsored activity, repeated against the same student over time.

Helen Krige, ‘n opvoedkundige sielkundige beskryf treitering as volg: “die motief van ‘n boelie is om sy slagoffer soveel pyn en emosionele leed as moontlik aan te doen” (Greeff 2005a : 1). Volgens Davis et al. (1997 : 73) word ‘n persoon se menswaardigheid geskend wanneer hy of sy vernederend behandel word.

Volgens die regsdefinisie van Connecticut is treiteringgedrag, gedrag wat daarop ingestel is om die slagoffer bespotlik te maak, te verneder en te intimideer. Krige sê dat die boelie daarop ingestel is om soveel as moontlik pyn en emosionele leed vir die slagoffer te veroorsaak. Die wese en aard van treitering bestaan dus uit die vernedering en afbreek van die slagoffer se menswaardigheid. Gedurende die treiteringgedrag kan daar drie fases van vernederende optrede onderskei word naamlik:

- Die intensie of doel van die boelie is om die slagoffer te verneder.

- Die handelinge van die boelie (negatiewe optrede) is ook vernederend byvoorbeeld: om die slagoffer te spoeg; te vloek; ‘n vuil kyk te gee; te verstoot; te betas; rassistiese taal te gebruik ensovoorts (Sien vorme van treitering – afdeling 2.4).

- Treitering laat ‘n  slagoffer agter wat vernederd is en wie se menswaardigheid geskend is. Dit blyk duidelik uit die uitwerking van treitering op die slagoffer onmiddellik na die treiteringinsident (vernedering, ongelukkigheid, hartseer ensovoorts – sien afdeling 2.3.1) asook uit die baie ernstige langtermyngevolge – sien afdeling 2.8.

Die hofsaak *Dowling v Diocesan College and Others* 1999 (3) SA 847 (C) sluit nou hierby aan. ‘n Seun (slagoffer) is getreiter deur twee prefekte. Die treitering het herhaaldelik, gedurende ‘n tydperk van vyf maande plaasgevind, en het hoofsaaklik die vorm aangeneem van aanranding en enkele ander vernederende handelinge. In die hofuitspraak is vermeld dat die skool ‘n verpligting het om die menswaardigheid (wat in hierdie geval deur treitering geskend is) van die leerders te beskerm.

Sien ook die bespreking van die wesenlike verskil tussen die grondwetlike begrip "menswaardigheid" en die "privaatregtelike eergevoel" as deel van die bespreking van die *actio iniuriarium* onder "skade" (5.4.2.1(e) ) in hierdie hoofstuk.

(d) Reg op vryheid en sekerheid van die persoon

Volgens Malherbe (2004 : 16) skend alle vorme van treitering die reg op vryheid en sekerheid van die persoon. Die reg sluit die reg tot liggaamlike en psigologiese integriteit in. Die verskillende vorme van treitering wat in die navorsing geïdentifiseer is, sluit die volgende in: fisiese treitering; psigologiese (emosionele) treitering; seksuele treitering; kubertreitering; verhoudingsgerigte treitering; sosiale treitering; verbale treitering en rasgedrewe treitering. As die wyses waarop die verskillende vorme van treitering geskied van naderby beskou word (byvoorbeeld skop, vloek, terg, iemand 'n vuil kyk gee, die slagoffer betas, die gebruik van rassistiese taal, opbreek van vriendskappe, 'n kaal foto van die slagoffer op die internet vertoon – sien volledige bespreking in afdeling 2.4), moet saamgestem word met Malherbe, want al die vorme en wyses van treitering tas óf die slagoffer se fisiese óf psigologiese integriteit of albei aan.

In die studie is vier tipes skade (nadeel) geïdentifiseer wat deur treitering veroorsaak kan word naamlik: fisiese skade; psigologiese skade; sosiale skade en opvoedkundige skade. Saakskade (waar die boelie die slagoffer se eiendom beskadig) kan bygevoeg word, maar in die opvoedkunde-literatuur word saakskade onder fisiese skade geklassifiseer. Fisiese skade maak inbreuk op die fisiese integriteit, maar kan ook die psigologiese integriteit van die slagoffer aantas. Psigologiese skade, sosiale skade en opvoedkundige skade maak inbreuk op die psigologiese integriteit van die slagoffer en kan ook lei tot stres wat weer inbreuk maak op die fisiese integriteit van die slagoffer.

Ander handelinge waarvoor die reg op vryheid en sekerheid van die persoon beskerming bied, is geweld en marteling asook om nie op 'n wrede, 'n onmenslike of vernederende wyse behandel te word nie. Die meeste vorme van fisiese treitering kan as geweld geklassifiseer word, soos byvoorbeeld aanranding, manslag, hare trek, byt, wurg. Sekere vorme van seksuele treitering is ook gewelddadig soos seksuele aanranding, om 'n seun se onderbroek styf op te trek sodat dit ongemak en pyn veroorsaak en ook vorme van rasgedrewe treitering soos fisiese intimidasie en fisiese

treitering wat rasgedrewe is. Sommige wyses van treitering grens aan marteling, soos afdreiging met ‘n wapen, wurg, om die slagoffer se kop in ‘n toilet te druk of om op die slagoffer te urineer. Baie van dié wyses van treitering kan ressorteer onder wrede onmenslike behandeling - soos byvoorbeeld die slagoffer te byt, sy hare te trek, verwerping en om die slagoffer se privaatdele te betas. Alle vorme van treitering kan beskou word as vernederende behandeling aangesien die doel van die boelie is om die slagoffer te verneder. Sien ook die bespreking van die reg op menswaardigheid in (c).

Dit blyk uit die navorsing dat die reg op menswaardigheid en die reg op vryheid en sekerheid van die persoon, die regte is wat die meeste deur treitering aangetas word. Dit blyk ook duidelik uit die voorafgaande besprekings van die twee regte, waar bevind is dat dié twee regte deur alle vorme van treitering geskend word.

(e) Reg op vryheid van uitdrukking

Die profiel van die passiewe of tipiese slagoffer word bespreek onder afdeling 2.5.2.1 en kan as volg opgesom word – stil, skaam, bang, versigtig, sensitief, onttrek hulself en het gewoonlik nie ‘n enkele goeie vriend in hul klas nie.

As gevolg van bogenoemde profiel van die passiewe slagoffer en ook as gevolg van ernstige intimidasie deur die boelie, gebeur dit dikwels dat veral die slagoffer se reg op vryheid van spraak beperk word en erg geskend word. Die volgende voorbeelde illustreer die skending van die tipiese slagoffer se reg op vryheid van spraak:

- Sosiale probleme as gevolg van treitering behels onder andere: onttrekking; skaamheid; isolasie; uitsluiting; gebrek aan sosiale vaardighede en verwerping wat die slagoffer beperk en ook sy geleentheid om met maats te kommunikeer ernstig strem (sien afdeling 2.8.1.3).

- Opvoedkundige gevolge as gevolg van treitering wat die slagoffer se reg op vryheid van spraak beperk, sluit die volgende in: die slagoffer is bevrees om vrae in die klas te vra en weier om die opvoeder daarop attent te maak as hy nie verstaan nie omdat hy bang is om geterg te word (sien afdeling 2.8.1.4).

- Die slagoffer word dikwels afgedreig en geïntimideer deur die boelie. Selfs wapens kan gebruik word tydens die afdreiging en intimidasie. Sakgeld en skoolbroodjies word afgeneem of die slagoffer word gedwing om 'n daad vir die boelie uit te voer byvoorbeeld om 'n spesifieke opvoeder se klaskamer te vandaliseer. Uit vrees vir verdere treitering – of selfs vrees vir sy lewe – bly die slagoffer stil en gehoorsaam die boelie se versoeke. Weens die vrees vir die boelie, rapporteer die slagoffer ook nie die afdreiging en intimidasie nie.

- Die ernstige psigologiese skade en emosionele skade wat die slagoffer ly, die letsels wat die slagoffer sy hele lewe kan bybly, die gevolge van sosiale skade en opvoedkundige skade, kan die ontwikkeling van die slagoffer se persoonlikheid en van hom as mens in totaliteit ernstig strem. Dit kan 'n beperking plaas op sy vermoë om hom in die openbaar uit te druk of om op sosiale vlak te kommunikeer.

(f) Bykomende kinderregte

Hier word slegs gekonsentreer op enkele van die bykomende kinderregte in artikel 28, naamlik hoe hierdie regte deur treitering geskend word. Die addisionele kinderregte is bo en behalwe die ander regte in die Handves, wat ook van toepassing is op die kind, addisioneel bygevoeg om ekstra beskerming aan die kind te bied weens die kind se kwesbaarheid en broosheid wat ook heenwys na die tipiese, passiewe slagoffer van treitering weens sy kwesbaarheid en broosheid.

Die volgende fasette van artikel 28 is van toepassing op treitering:

- Elke kind het die reg om teen mishandeling en vernedering beskerm te word.

- In elke aangeleentheid wat die kind raak, is die beste belang van die kind van deurslaggewende belang.

Treitering skend die slagoffer se reg om teen mishandeling en vernedering beskerm te word. Voorbeelde van treiteringgedrag wat as mishandeling geklassifiseer kan word is die volgende: skop; wurg; byt; om die slagoffer se kop in 'n toilet te druk; die slagoffer

aan te rand en die slagoffer te verstoot of te verwerp. In afdeling 5.2.2.1 (c) (reg op menswaardigheid), is aangedui dat die wese en aard van treitering bestaan uit die vernedering van die slagoffer in die sin dat die bedoeling van die boelie is om die slagoffer te verneder, die handelinge van die boelie vernederend is en dat die treitering dus ‘n slagoffer nalaat wat vernederd is.

Die “beste belang van die kind”-beginsel is ‘n gemeenregtelike beginsel wat ook vervat is in die Konvensie en in die African Charter. Suid-Afrikaanse howe het nog nie die standaard van die “beste belang van die kind” verklaar nie. Dit beteken ook dat daar ten opsigte van die onderwysreg en onderwysbeleid nog nie ‘n standaard met betrekking tot die “beste belang van die kind” vasgestel is nie (De Waal et al. 2001a : 152). Onderwys-sake waar die beginsel wel gebruik is, is die volgende: *Laerskool Middelburg en ‘n Ander v Departementshoof, Mpumalanga Departement van Onderwys* en Andere 2003 (4) SA 160 (T) en *Western Cape Minister of Education v Governing Body of Mikro Primary School* 2005 (3) SA 436 (HHA), waar die beste belang van die leerders onderskeidelik in ag geneem is om te besluit dat die leerders nie verskuif moet word nie (Laerskool Middelburg), en dat die leerders wel verskuif kan word (Mikro Primary). Die belangrikste uitspraak ten opsigte van die “beste belang van die kind” is in *M v S* – saaknommer CCT 53/06 (2007) wat nog nie gerapporteer is nie en kan as volg saamgevat word:

- Howe moet die “beste belang van die kind” in ag neem in sake waar kinders betrokke is.

- Die krag van die beginsel lê daarin dat daar nie ‘n rigiede standaard vasgestel is nie – die feite van elke saak moet die basis vorm om te besluit oor die beste belang van die kind, want elke spesifieke situasie sal bepaal wat die beste optrede is in belang van die kind.

Soos gemeld in afdeling 3.2.6, bied artikel 3 van die Konvensie ‘n goeie riglyn ten opsigte van wat die “beste belang van die kind” behels in soverre dit leerderveiligheid (ook treitering) betref. Die riglyne vereis dat die staat moet verseker dat skole moet voldoen aan die standaard wat gestel word ten opsigte van leerderveiligheid. Die sorgsaamheidsplig van skole (opvoeders) moet voldoen aan ‘n hoë standaard – daar moet genoeg personeellede (opvoeders) as toesighouers beskikbaar wees. Toesig-

houers moet doeltreffend funksioneer sodat die sorgsaamheidsplig (toesighouding) effektief uitgevoer kan word. Dit beteken dat die staat die regte van die slagoffer moet eerbiedig, moet beskerm en bevorder. Indien die staat versuim om dit te doen, sal die reg van die slagoffer (leerder), naamlik dat sy beste belang van deurslaggewende belang is, in elke aangeleentheid wat hom raak ernstig geskend word.

Die Children's Act, artikel 7(1) (l) lewer ook 'n belangrike bydrae ten opsigte van die standaard van die "beste belang van die kind" en sê spesifiek dat die "beste belang van die kind" ook beteken dat die kind beskerm moet word teen fisiese en psigologiese nadeel. Fisiese nadeel en psigologiese nadeel is saam met sosiale nadeel en opvoedkundige nadeel die ernstigste gevolge (nadeel) van treitering. Psigologiese nadeel is moontlik die ernstigste skade wat deur treitering veroorsaak word aangesien dit letsels laat wat die slagoffer sy hele lewe kan bybly. Artikel 7(1) (h) van bogenoemde wet, sluit ook aan by bogenoemde en sê dat die "beste belang van die kind" ook beteken dat die kind (slagoffer van treitering) fisiese en psigologiese (emosionele) sekuriteit moet hê en dat sy intellektuele (opvoedkundige) en sosiale ontwikkeling van groot belang is. Artikel 7 is een van dié artikels van die wet wat sedert 1 Julie 2007 in werking getree het.

(g) Die reg op lewe

Die volgende is 'n paar aanhalings deur Coloroso (2004 : xvii - xxii) waar treitering in die buiteland gelei het tot die dood van 'n leerder(s):

- Manchester, England, January 1999: "Eight-year-old Marie Bentham hanged herself in her bedroom with her jump rope because she felt she could not longer face the bullies at school."

- Victoria, British Columbia, November 1997: "Fourteen-year-old Reena Virk died after being lured by school mates, attacked and beaten unconscious. Reena's arm, neck and back were deliberately broken before she was dumped in the Gorge Inlet. She had tried to fit in and had wanted desperately to belong to the group, but she was regularly mocked and taunted about her skin and her weight."

- Littleton, Colorado, April 1999: "Eric Harris and Dylan Klebold had assault weapons and homemade bombs to lay siege to their high school. The two boys killed twelve classmates and a teacher, injured eighteen other teenagers and then killed themselves. In the suicide note left by Eric, it was apparent that he and Dylan felt bullied and alienated, and in their minds it was "payback time."

- Belfast, Ireland, January 1995: "Maria McGovern overdosed after being bullied. The diary she left behind recorded a life of daily terror at the hands of her school mates."

- Invercargill, Nieu-Seeland, August 1997: "Fifteen-year-old Matt Ruddenklau committed suicide. The coroner's report stated, "Bullying and victimization were a significant factor in the boy's life in the months leading up to his suicide."

Die volgende is 'n voorval in Suid-Afrika:

- Bloemfontein, Suid-Afrika, 1986: 'n Sestienjarige skiet 'n 18-jarige seun dood. Daar was 'n lang aanloop tot die skietvoorval aangesien daar geruime tyd voor die voorval 'n gespanne verhouding tussen die twee seuns was – die oorledene het die jonger, kleiner en sensitiewe seun oor 'n lang tydperk herhaaldelik verneder en geïntimideer (*S v T* 1986 (2) SA 112 (0)).

Uit bogenoemde werklike voorvalle, waar treitering gelei het tot die dood van 'n leerder(s), kan afgelei word dat treitering kan lei tot:

- Selfmoord deur die slagoffer van die treitering (word bespreek onder afdeling 2.8.1.2). Die voorkoms van selfmoord as gevolg van treitering of waar treitering een van die aanleidende oorsake is, is kommerwekkend. Gemiddeld 16 leerders pleeg selfmoord in 'n jaar in Britse skole as gevolg van treitering (Rassool 2002 : 1). 'n Studie in Nieu-Seeland toon dat treitering 'n groot bydraende faktor is tot die land se hoë selfmoordsyfer onder die jeug (Landman 2005 : 2).

- Slagoffers vermoor die boelie(s) uit weerwraak. Slagoffers het soms die begeerte om boelies te beheer of skade aan te doen uit weerwraak. Slagoffers van

treitering tree ook self op indien opvoeders (skole) nie ingryp nie. Spesifieke statistieke is nie beskikbaar nie, maar dit blyk dat dit ‘n tendens is wat wêreldwyd voorkom (sien afdeling 2.8.1.2 en Coloroso - 2004 : xvii - xxii).

- Moord of manslag waar die slagoffer sterf. Treitering kan lei tot die dood van die slagoffer waar die boelie die slagoffer vermoor of waar die slagoffer sterf as gevolg van die nalatige onsorgsame optrede van die boelie.

Bogenoemde voorvalle waar die reg op lewe van leerders geskend is, is maar net ‘n paar voorbeelde van ‘n lang lys wat wêreldwyd voorkom. Die tragiek van die tragiese gebeure is dat dit in die meeste gevalle voorkom kon gewees het, of nie tot so ‘n kritieke vlak sou ontwikkel het nie, indien die korrekte intervensie betyds plaasgevind het.

(h) Die reg op onderwys

Opvoedkundige skade of nadeel aan die kant van die slagoffer, is in hierdie studie geïdentifiseer as een van die ernstigste gevolge wat deur treitering veroorsaak word. Opvoedkundige skade, gesien as benadeling van die onderrig-en-leer van die slagoffer, moet in samehang gesien word met die fisiese, emosionele, psigologiese en sosiale gevolge (nadeel) van treitering, wat almal negatief inwerk op die onderrig-en-leer (onderwys) van die slagoffer en dus almal gesamentlik daartoe bydra dat die slagoffer se reg op onderwys geskaad word.

Opvoedkundige skade *per se* as gevolg van treitering, is verreikend, omvangryk en baie ernstig en kan daarom die onderrig-en-leer (onderwys) van die slagoffer erg benadeel of heeltemal vernietig. Opvoedkundige skade word onder afdeling 2.8.1.4 bespreek en kan kortliks as volg opgesom word: Slagoffers van treitering is dikwels bang om skool toe te gaan of weier om skool toe te gaan en ontwikkel ‘n skoolfobie. Hulle is dikwels afwesig en onderpresteer, want hulle kan nie konsentreer nie omdat hulle gedurig in ‘n toestand van vrees leef. Negatiewe stres lei tot fisiese ongesteldheid wat hulle verhinder om skool toe te gaan. Nagmerries en slapeloosheid lei tot uitputting en werk negatief in op hul skoolwerk. Die emosionele en fisiese uitwerking van treitering veroorsaak dat ‘n slagoffer nie die geestelike krag het om op sy studies te fokus en besorgd te wees of hy gaan slaag nie. Dit kan daartoe lei dat ‘n slagoffer sy standerd druip. Dit kan ook lei tot

regressie by die slagoffer – die slagoffer beweeg terug ten opsigte van sy ontwikkeling. Slagoffers moet soms hul skoolloopbaan vroeër beëindig, na ‘n ander skool gaan of tuisonderrig kry as enigste uitweg om weg te kom van die bron van die treitering, veral ook waar daar nie suksesvolle intervensie van die skool is nie.

(i) Die reg op vryheid van assosiasie

Die meeste bronne verwys na die reg op assosiasie slegs in terme van “georganiseerde verenigings” (De Waal et al. 2001b : 341 - 347; Bray en Coetzee 2001 : 164; Currie en De Waal 2001 : 377 - 378; Devenish 1999 : 61). Een van die respondente het aangedui dat die slagoffer se reg op vryheid van assosiasie ook deur treitering geskend kan word. Hierdie siening van die respondent strook met Rautenbach en Malherbe (2004 : 377) se siening wat aandui dat die reg op vryheid van assosiasie, alle optrede in verband met die aangaan en instandhouding van verbintenisse met ander beskerm. Rautenbach en Malherbe meld spesifiek dat die reg nie slegs optrede in verband met “georganiseerde verenigings” beskerm nie, maar ‘n baie wye veld van menslike gedrag dek.

In die lig van bogenoemde en in terme van die verskillende vorme van treitering (sien afdeling 2.4) kan gesê word dat die reg op vryheid van assosiasie deur sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering geskend word. Sosiale treitering is spesifiek gerig op die beskadiging van die slagoffer se selfbeeld en sosiale status binne die groep of portuurgroep. Verhoudingsgerigte treitering (“relational bullying”) is spesifiek gerig op die beskadiging van ‘n verhouding, ‘n vriendskap of ‘n persoon se lidmaatskap van ‘n groep. Soos gemeld in hoofstuk 2, word sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering nie altyd op sigself as vorme van treitering onderskei nie en word as deel van verbale of psigologiese treitering hanteer. Verdere voorbeelde waar die slagoffer se reg op vryheid van assosiasie in die praktyk deur treitering geskend word, is: ignorering van die slagoffer; uitsluiting van die slagoffer wanneer uitnodigings vir oorslaappartytjies uitgedeel word; uitsluiting van ‘n sitplek in die eetsaal; verwerping van die slagoffer; manipulering van vriendskappe asook uitsluiting van die slagoffer deur middel van negatiewe gerugte ten opsigte van die slagoffer.

5.2.2.2 Litigasie op grond van die skending van fundamentele regte

(a) Jurisdiksie van howe ten opsigte van grondwetlike litigasie

Die Konstitusionele Hof is die hoogste hof in grondwetlike aangeleenthede. Artikel 167(6) van die Grondwet lui as volg:

> Nasionale wetgewing of die reëls van die Konstitusionele Hof moet ‘n persoon toelaat om, wanneer dit in belang van geregtigheid is en met verlof van die Konstitusionele Hof:
>
> (a) ‘n aangeleentheid regstreeks by die Konstitusionele Hof aanhangig te maak; of
>
> (b) regstreeks vanaf enige ander hof na die Konstitusionele Hof te appelleer.

Paragraaf (a) van artikel 167(6) handel oor die regstreekse toegang tot die Konstitusionele Hof. Ingevolge die hof se reëls mag regstreekse toegang verleen word by sake waarvoor samelopende jurisdiksie uitgeoefen word en waar die saak sodanig van openbare belang of dringend is, dat direkte toegang in die belang van geregtigheid is. Dit is egter ‘n buitengewone prosedure, wat net in die mees uitsonderlike gevalle toegestaan word. Wat paragraaf (b) van artikel 167(6) betref, bereik sake ook die Konstitusionele Hof deur middel van appèlle teen die beslissings van ‘n Hoë Hof, die Hoogste Hof van Appèl, of ‘n ander hof. Sake kan ook die Konstitusionele Hof bereik as bekragtigingsverrigtinge. Waar ‘n Hoë Hof of die Hoogste Hof van Appèl ‘n parlementswet, ‘n provinsiale wet of optrede van die president ongeldig (dus ongrondwetlik) verklaar het, moet dit deur die Konstitusionele Hof bekragtig word om regsgeldig te word (Harms en Pillay 2006 : 43).

Grondwetlike litigasie met betrekking tot treitering (waar die slagoffer se regte deur treitering geskend word), sal dus nie regstreeks by die Konstitusionele Hof aanhangig gemaak word nie, maar by ‘n bevoegde hof. Volgens Bray (2000b : 36) kan landdroshowe, die Hoë Hof en die Hoë Hof van Appèl ook menseregtedispute bereg afhangende van bevoegdheidsfaktore in terme van Hoofstuk 8 van die Grondwet. Die gelykheids-

howe in terme van die Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act, kan sekerlik weens die aard van die wet ook bygevoeg word as 'n hof wat jurisdiksie het oor 'n grondwetlike aangeleentheid.

(a) Verskyningsbevoegdheid (*locus standi*)

Artikel 38(a) en (b) van die Handves lui as volg:

Iemand in hierdie artikel genoem, het die reg om 'n bevoegde hof te nader en aan te voer dat daar op 'n reg in die Handves van Regte inbreuk gemaak is of dat so 'n inbreukmaking dreig. Die hof kan gepaste regshulp verleen, met inbegrip van 'n verklaring van regte. Die persone wat 'n hof kan nader, is:

(a) iemand wat in eie belang optree;

(b) iemand wat optree namens iemand anders wat nie in eie naam kan optree nie;

(c) . . . . .

(d) . . . . .

(e) . . . . .

In aanvulling tot artikel 38 bepaal artikel 14 van die Children's Act dat 'n kind ('n persoon jonger as 18 jaar) die reg het om 'n saak voor die hof te bring, of om bygestaan te word om 'n saak voor die hof te bring, met dien verstande dat die saak binne die jurisdiksie van die betrokke hof val. (Artikel 14 is een van die artikels van die wet wat sedert 1 Julie 2007 van krag is). Minderjariges kan in die meeste gevalle net met bystand van hul ouers of voogde in die hof verskyn. Daar is slegs 'n paar uitsonderlike gevalle wat nie hier van toepassing is nie waar die minderjarige volle bevoegdheid tot litigasie het (Davel 2000 : 28, 29; Kleyn en Viljoen 2002 : 115). 'n *Infans* kan nie as 'n party in 'n hofsaak optree nie en het dus nie verskyningsbevoegdheid nie. Dit is belangrik om

daarop te let dat meerderjarigheid sedert 1 Julie 2007 in terme van artikel 17 van die Children's Act verlaag is van 21 jaar na 18 jaar.

Die minderjarige slagoffer van treitering ('n kind jonger as 18 jaar) kan dus nie in terme van artikel 38(a) in eie belang optree nie ('n bevoegde hof nader) en aanvoer dat daar op 'n reg in die Handves inbreuk gemaak is of dat so 'n inbreukmaking dreig nie. In terme van artikel 38(b) kan die ouer of voog van die slagoffer wel namens hom optree. Dit is ook belangrik om daarop te let dat in terme van artikel 38 die slagoffer van treitering of sy ouer of voog, 'n bevoegde hof kan nader as sy reg(te) bedreig word – dit hoef nie noodwendig geskend te wees nie. Dit is 'n belangrike bepaling as in ag geneem word hoe belangrik 'n voorkomende benadering ten opsigte van treitering is, veral as gevolg van die ernstige nadeel of skade wat deur treitering veroorsaak word.

Volgens Davel (2000 : 29) is dit belangrik dat die ouer of voog van 'n minderjarige, wat namens hom of haar optree, voldoende kennis moet hê ten opsigte van die saak wat voor die hof gebring word. Die hoë hof kan 'n *curator ad litem* aanstel indien die minderjarige nie 'n ouer of voog het nie of indien die ouer of voog nie gevind kan word nie, of nie bereid is om die minderjarige by te staan nie of indien daar 'n botsing van belange is tussen die minderjarige en sy ouer of voog. Die hof kan selfs in uitsonderlike gevalle verlof gee dat 'n ander persoon (dus nie die ouer, voog of *curator ad litem*) namens die minderjarige optree.

(b) Deliktuele skadevergoeding en grondwetlike skadevergoeding

In terme van *Fose v Minister of Safety and Security* 1997 (7) BCLR 851 (KH) en Bray (2000b : 38), kan grondwetlike remedies die volgende insluit: deliktuele skadevergoeding; interdik; grondwetlike skadevergoeding; 'n *mandamus* (byvoorbeeld om 'n beheerliggaam te verplig om sy statutêre pligte na te kom) en administratiefregtelike remedies (byvoorbeeld geregtelike hersiening deur 'n hof).

Die respondente sonder grondwetlike skadevergoeding en deliktuele skadevergoeding uit as die belangrikste remedies wanneer die slagoffer van treitering se regte geskend word. Twee uiteenlopende standpunte kom tydens die onderhoude na vore ten opsigte

van grondwetlike skadevergoeding en deliktuele skadevergoeding as remedies en kan as volg saamgevat word (word volledig bespreek in afdeling 4.3 en afdeling 4.5.1):

- ‘n “Grondwetlike delik” word gewoonlik as ‘n delik hanteer en nie as grondwetlike regskending nie, want die basiese remedie ingevolge die bekende, bestaande deliktereg is voldoende – dus is dit nie nodig om nog ekstra vergoeding vir die grondwetlike regskending toe te ken nie. Dit is die huidige siening van Suid-Afrikaanse howe.

- Grondwetlike skadevergoeding behoort ook toegeken te word waar daar ‘n delik ter sprake is en ook fundamentele regte geskend is. Dus, nie slegs deliktuele skadevergoeding soos dit huidig die geval is nie. Die gemenereg behoort ontwikkel te word dat daar wel skadevergoeding toegestaan word vir die skending van menseregte.

Van die ergste menseregteskendings kan deur treitering teweeggebring word en kan ’n negatiewe impak hê op die slagoffer se ontwikkeling, lewe, wese, persoon en persoonlikheid, veral waar psigologiese skade ook ter sprake is en permanente letsels gelaat word. Grondwetlike skadevergoeding is gerig op die bevestiging, afdwinging, beskerming en vindikasie van fundamentele regte asook op die voorkoming of afskrikking van toekomstige skending van fundamentele regte. In die lig van die ernstige skending van kinders se regte (maar nie noodwendig net ten opsigte van kinders nie) deur treitering (maar nie noodwendig net deur treitering nie) asook in die lig van die doel met grondwetlike skadevergoeding, behoort grondwetlike skadevergoeding as ‘n remedie vir skending van fundamentele regte oorweeg te word. De Waal et al. (2001b : 188) stem hiermee saam en stel dit as volg “there is never the less, in our view, room for the development of damages as a remedy for certain violations of fundamental rights.” Dit beteken dat die gemenereg ontwikkel moet word om wel voorsiening te maak vir die toekenning van skadevergoeding vir die skending van fundamentele regte. Die Grondwet maak in artikel 8(3) wel voorsiening vir sodanige ontwikkeling van die gemenereg en bepaal dat die gemenereg ontwikkel moet word om gevolg te gee aan die Handves. Artikel 39(2) van die Grondwet bepaal dat sodanige ontwikkeling van die gemenereg die gees, inhoud en doelstellings van die Handves van Regte moet bevorder. Die feit dat die ontwikkeling van die gemenereg in terme van die gees, inhoud en doelstellings van die

Handves moet geskied, beklemtoon die feit dat indien grondwetlike skadevergoeding die bevordering en beskerming van menseregte tot gevolg kan hê, dit ernstig oorweeg moet word. Die uitspraak in *K v Minister of Safety and Security* 2005 (6) SA 419 (KH) is 'n sprekende voorbeeld van waar 'n hof (Konstitusionele Hof) die gemenereg ontwikkel het in terme van die gees, inhoud en doelstellings van die Handves. Die hof het die geykte gemeenregtelike beginsel ten opsigte van middellike aanspreeklikheid ontwikkel en gewysig om voorsiening te maak vir die unieke situasie met betrekking tot die polisie as werknemers in 'n verkragtingsaak.

## 5.3 WETGEWING

### 5.3.1 Implikasies vir die onderwysbestuur

Daar word in hierdie afdeling onderskei tussen nie-spesifieke wetgewing met betrekking tot treitering, en spesifieke treiteringwetgewing. Die doel is om die implikasies van nie-spesifieke wetgewing en spesifieke wetgewing afsonderlik vir die onderwys as geheel te bespreek en te beskryf.

5.3.1.1 Nie-spesifieke wetgewing met betrekking tot treitering

Alhoewel daar oorvleueling kan wees, word hier onderskei tussen wetgewing wat die onderwys spesifiek bind om treitering te hanteer en te bestuur en algemene wetgewing wat toepassing kan vind met betrekking tot treiteringinsidente asook tydens die bestuur van treitering.

(a) Wetgewing wat die onderwys bind om treitering te bestuur en te hanteer

Wetgewing wat die onderwys, onderwysdepartemente en skole spesifiek bind om treitering te bestuur en te hanteer, is reeds in die regsraamwerk (afdeling 3.3) geïdentifiseer. Daar is onderskei tussen algemene nasionale wetgewing, spesifieke onderwyswetgewing en ondergeskikte wetgewing. Die volgende drie fasette van hierdie wetgewing het implikasies vir die onderwys, die onderwys behoort dus daarvan kennis te neem en in ooreenstemming daarmee op te tree: Bo en behalwe die *in loco parentis*-beginsel verplig hierdie wetgewing die onderwys om leerderveiligheid in die algemeen

en treitering in die besonder te bestuur en te hanteer; die spesifiekheid van die wetgewing verhoog die regsaanspreeklikheid van die onderwys en die wetgewing plaas ook ‘n regsplig op die onderwys om om te sien na die veiligheid van die leerders.

Potgieter (2004 : 1 – 6) en Beyer (1997 : 1, 2) bevraagteken die huidige status van *in loco parentis* in die opvoeder-leerder-verhouding en sê hierdie verhouding, asook die opvoeder se pligte en verantwoordelikhede, word huidig in ‘n groot mate deur wetgewing bepaal en word nie vanaf die ouer na die skool (opvoeder) gedelegeer nie. Hierdie opvoeder-leerder-verhouding word, behalwe deur wetgewing ook gerig deur die Handves van Regte, kinderregte-ooreenkomste en die erkenning van die publiek-regtelike status van die leerder. ‘n Mens sou so ver kon gaan en kan sê dat indien die *in loco parentis*-beginsel nie bestaan nie, daar ander regsreëls (onder andere wetgewing) is wat skole ook verplig om treitering te bestuur en die slagoffer van treitering te beskerm. Dié verpligting wat hierdie wetgewing op skole plaas om leerderveiligheid te bestuur, word baie duidelik deur die volgende enkele voorbeelde geïllustreer: Beide die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (sien afdeling 3.3.2.1) en die Skolewet (sien afdeling 3.3.2.2), beklemtoon die beskerming van fundamentele regte. Verskeie fundamentele regte word deur treitering as faset van leerderveiligheid geskend.

Hierdie wetgewing is baie meer spesifiek as die *in loco parentis*-beginsel en skryf spesifieke optrede voor. Die Guidelines for the Consideration of Governing Bodies in Adopting a Code of Conduct for Learners (sien afdeling 5.2.1.6, die beperking van die boelie se reg op privaatheid) skryf byvoorbeeld spesifiek voor hoe deursoeking van ‘n leerder (boelie) behoort te geskied. Hierdie spesifiekheid van die wetgewing vergroot die risiko van regsaanspreeklikheid indien daar nie in ooreenstemming met die voorskrifte opgetree word nie. Beckmann en Russo (2003 : 30) stel dit as volg:

> Instead of having to fulfill their duty of care like reasonably prudent parents, educators are being expected more and more to become reasonably skillfull implementers of constitutional and legislative provisions. Instead of focusing on their primary task of facilitating learning, educators may have to become nervous observers of a multitude of legal provisions, failing which their risk of liability will increase exponentially. Previously they were merely expected to observe a suitable standard of care and to act within a legal framework painted in broad strokes.

Wetgewing (statutêre reg) kan deel wees van die omringende omstandighede wat kan dui op 'n regsplig om daadwerklik op te tree om nadeel te voorkom. 'n Wet kan dus 'n regsplig op iemand lê om positief op te tree (Snyman 1999 : 51 - 61; Neethling et al. 2006 : 52 - 55).

'n Persoon – so ook 'n opvoeder – is nie normaalweg aanspreeklik waar hy weens sy late of *omissio* (sy versuim om daadwerklik op te tree om nadeel te voorkom) skade tot 'n ander persoon toevoeg nie. Indien daar egter op die dader of opvoeder 'n regsplig gerus het om positief op te tree (met ander woorde om op te tree om die skade te verhoed) en hy nagelaat het om die regsplig na te kom, kan hy aanspreeklik wees (Neethling et al. 2006 : 54).

Hierdie wetgewing wat as deel van die regsraamwerk geïdentifiseer is en wat skole bind om treitering te hanteer en te bestuur, plaas 'n regsplig op die onderwysdepartement, skole en opvoeders om skade wat die gevolg is van treitering te voorkom. Volgens Neethling et al. (2006 : 63) word statutêre voorskrifte veral in ag geneem om te bepaal of daar 'n regsplig op owerheidsinstellings (byvoorbeeld die onderwysdepartement) of staatsinstellings (byvoorbeeld openbare skole) rus om skade te voorkom. Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid wat bepaal dat die nasionale onderwysminister beleid ten opsigte van leerderveiligheid moet uitvaardig, plaas 'n regsplig op die onderwys vir die daarstelling van 'n leerderveiligheidsbeleid asook op die skole om sodanige beleid te implementeer en sodoende skade wat die gevolg van treitering kan wees te voorkom. In terme van die Wet op Kindersorg kan 'n opvoeder aan 'n misdryf skuldig wees indien hy nie mishandeling van leerders rapporteer nie. Treitering kan in sommige gevalle as mishandeling kwalifiseer. Neethling et al. (2006 : 63) meld dat 'n statutêre bepaling nie noodwendig op sigself voldoende is om die bestaan van 'n deliktuele regsplig te verseker nie, dit word gewoonlik in wisselwerking met ander oorwegings as faktor oorweeg om te bepaal of daar wel 'n regsplig bestaan het. Indien 'n statutêre bepaling van toepassing gemaak word op 'n skoolsituasie waar 'n opvoeder versuim het om op te tree teen treitering, is daar ander faktore wat saam met wetgewing in ag geneem kan word om te bepaal of daar wel 'n regsplig bestaan. Sien 4.5.3.1 vir ander faktore buiten wetgewing wat deur die respondente geïdentifiseer is.

(b) Algemene wetgewing wat toepassing kan vind ten opsigte van treitering

Hierdie wetgewing kan omskryf word as enige algemene wetgewing wat toepassing kan vind met betrekking tot treitering en word onderskei van wetgewing wat skole spesifiek bind om treitering te bestuur in die sin dat hierdie wetgewing skole nie bind of verplig om treitering te bestuur nie, maar wel toepassing kan vind met betrekking tot treitering-insidente asook tydens die bestuur van treitering. Watter spesifieke wet (wette) toe-passing vind, sal afhang van die spesifieke situasie en die feite van die saak. Die moontlikhede is dus legio en slegs twee voorbeelde word vermeld, met die doel om te illustreer hoe hierdie wetgewing toepassing kan vind met betrekking tot treitering:

- Wet op Intimidasie 71 van 1982

Baie vorme van treitering is vorme van intimidasie wat ‘n misdaad in die Suid-Afrikaanse reg is. Volgens Snyman (1999 : 456) is dit algemeen bekend dat intimidasie op groot skaal in Suid-Afrika plaasvind. Vervolgings weens hierdie misdaad is relatief min. Een van die redes hiervoor is dat mense wat geïntimideer is, juis weens die intimidasie bang is om na vore te kom en ‘n klag te lê en in ‘n hof te getuig. Dit is juis ook die geval met die slagoffer van treitering, wat bang is om treitering te rapporteer, juis ook omdat die slagoffer soms geïntimideer word.

- Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act 4 of 2000

Hierdie wet vind veral toepassing by die skending van die reg op gelykheid en is reeds bespreek onder afdeling 5.2.2.1 – wyse waarop fundamentele regte deur treitering geskend word. Sien ook 4.2 vir bespreking van dié wet tydens die onderhoude.

Skole en opvoeders moet ingelig wees ten opsigte van die implikasies van bogenoemde nie-spesifieke wetgewing. Die doel is nie om regsgeleerdes of regspraktisyns van opvoeders te maak nie. Basiese kennis van hierdie wetgewing kan egter ‘n bydrae maak dat opvoeders nie leerders se regte skend nie, maar leerders se regte beskerm en bevorder en die erns van die treiteringinsident besef en die kanse van litigasie asook die moontlikheid van aanspreeklikheid verminder. Dit is die onderwysdepartement se ver-antwoordelikheid om opvoeders tydens effektiewe werkswinkels op te lei met betrekking

tot nie-spesifieke wetgewing en die basiese interpretasie van die wetgewing. Opleiding in hierdie wetgewing behoort ook deel te vorm van die vak onderwysreg wat deel behoort te wees van enige opvoeder se professionele opleiding. Hierdie opleiding in die uitleg en toepassing van wetgewing met betrekking tot treitering, moet gesien word teen die agtergrond dat opvoeders in Suid-Afrika onverskillig staan teenoor treitering en dat die omvang van treitering in Suid-Afrikaanse skole hoog is. Aangesien die onderwysdepartement nog nie opvoeders op groot skaal intensief opgelei het ten opsigte van treitering en regsaspekte van treitering nie, kan die afleiding gemaak word dat opvoeders tans oor gebrekkige kennis daaromtrent beskik.

5.3.1.2 Spesifieke wetgewing met betrekking tot treitering

Suid-Afrika beskik nie oor spesifieke treiteringwetgewing nie. In die bevindinge is veral klem gelê op die feit dat wetgewing nie verorden moet word om treitering te kriminaliseer nie. Dit blyk ook duidelik uit die bevindinge dat spesifieke wetgewing met betrekking tot treitering nie slegs te doen het met die kriminalisering van treitering nie, maar ook ten doel kan hê om treiteringbeleid af te dwing. Die wenslikheid van kriminalisering van treitering asook die doel, problematiek en inhoud van spesifieke treiteringwetgewing – wat treiteringbeleid in skole afdwing – word in afdeling 5.3.2 (toevoeging van kennis tot die onderwysreg) bespreek.

Op grond van wat in hierdie navorsing bevind is, is dit kommerwekkend dat daar nog nie van owerheidsweë ‘n omvattende strategie teen treitering in Suid-Afrika geïmplementeer is nie. In hierdie afdeling word ‘n ondersoek gedoen ten opsigte van die wenslikheid van treiteringwetgewing wat treiteringbeleid in skole afdwing en daar word tot ‘n gevolgtrekking gekom. Op grond van die gevolgtrekking word aanbevelings (optrede deur die onderwys), spesifiek vir die Suid-Afrikaanse situasie gemaak.

‘n Aanbeveling of wetgewing wat treiteringbeleid afdwing in Suid-Afrika oorweeg moet word, al dan nie, moet gesien word teen die agtergrond van die omringende omstandighede met betrekking tot treitering in Suid-Afrika. Opsommend, gebaseer op die navorsing in hierdie studie, kan die omringende omstandighede in Suid-Afrika as volg saamgevat word. (Sien afdeling 2.9 “Treitering binne die Suid-Afrikaanse konteks”):

- Kennis ten opsigte van treitering is uiters skraal en karig. Daar is weinig navorsing oor die onderwerp gedoen en onderwysdepartemente asook die meeste skole is oningelig oor die ernstige skade wat die gevolg is van treitering.

- Daar bestaan ‘n houding van onverskilligheid teenoor treitering in die meerderheid skole. Weens die min of geen kennis het opvoeders nie insig in die probleem nie, veral ook nie ten opsigte van subtiele vorme van treitering nie. Die nodige empatie jeens die verskynsel (veral teenoor die slagoffer) bestaan byna nie. Treitering word steeds nog gesien as deel van grootword. Treitering word nie beskou as ‘n handeling wat veroordeel of afgekeur moet word nie.

- Die omvang van treitering in Suid-Afrika, soos blyk uit die navorsing wat reeds gedoen is, is kommerwekkend en korreleer met navorsing wat wêreldwyd gedoen is (sien afdeling 2.7.1). Daar moet ook in ag geneem word dat treitering in ‘n groot mate onderrapporteer word (sien afdeling 2.7.2).

- Die vlakke van geweld in Suid-Afrika asook in Suid-Afrikaanse skole is hoog. Kinders wat grootword in ‘n gemeenskap waar geweld algemeen voorkom, waar hulle blootgestel word aan aggressiewe gedrag en misbruik van mag, leer om geskille te besleg deur gebruik te maak van gewelddadige en aggressiewe metodes.

- Rassisme kan manifesteer as fisiese en psigologiese treitering. As gevolg van Suid-Afrika se apartheidsverlede was en is rassisme ingebed in die Suid-Afrikaanse kultuur. Dit het daartoe gelei dat rasgedrewe treitering toegeneem het in die Suid-Afrikaanse skole sedert integrasie by skole plaasgevind het.

- Outoritêre skoolkulture is moontlik nog deel van Suid-Afrika se onderwysbestel. ‘n Outoritêre skoolkultuur bevorder treitering en huisves nie waardes soos omgee, respek, samewerking, kollegialiteit, insluiting en deelname nie. Dis byna onmoontlik om treitering in ‘n outoritêre skoolkultuur te bekamp. ‘n Outoritêre skoolkultuur bevorder ook geslagsgeweld waar die man (seun) domineer en daar ‘n wanbalans in mag is tussen die man (seun) en die vrou (dogter). Geslagsgeweld is ‘n vorm van seksisme wat wêreldwyd voorkom en wat treitering en

seksuele misbruik insluit. In die lig van bogenoemde is dit moontlik dat geslagsgeweld in Suid-Afrikaanse skole voorkom en sluit die volgende in: aanranding; gedwonge seks; verkragting; betasting; onwelvoeglike taal; vernedering en aanbied van geskenke en gunste in ruil vir seks. (Sien navorsing oor outoritêre skoolkulture en geslagsgeweld deur Leach, MacDonald en Swart, Kamupingene en Tafa op bladsy 102 asook navorsing deur Leach en Fineran et al. op bladsye 77 tot 78).

- Suid-Afrika is 'n nuwe demokrasie met 'n nuwe Handves van Regte. Dit bestaan egter in 'n groot mate slegs op papier, want 'n menseregte-kultuur is nog nie in Suid-Afrika en Suid-Afrikaanse skole gevestig nie. Treitering het ernstige skending van kinderregte tot gevolg wat in stryd is met ons Grondwet wat gebaseer is op die waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Die onderwys (skole) behoort juis instrumenteel te wees in die vestiging van 'n menseregtekultuur.

Die Suid-Afrikaanse situasie wat hierbo beskryf is, kan 'n uitstekende teelaarde bied vir treitering om te floreer. Treitering is wêreldwyd een van die grootste probleme in skole, dit lei tot ernstige skending van kinderregte en kan ook lei tot ernstige nadeel en skade vir die slagoffer asook vir boelies en omstanders. Verskeie lande het, as gevolg van die erns waarmee treitering bejeën moet word, tot die gevolgtrekking gekom en besef dat skole van owerheidsweë verplig moet word (ook deur middel van wetgewing) om treiteringbeleide te implementeer. Soos reeds gemeld, is dit dus kommerwekkend dat daar nog nie van owerheidsweë 'n strategie teen treitering in Suid-Afrika geïmplementeer is nie. In die lig van wat in hierdie navorsing bevind is, en in die lig van die Suid-Afrikaanse situasie, word die volgende aanbevelings spesifiek vir die Suid-Afrikaanse situasie gemaak:

- **'n Nasionale opname** wat die aard en die omvang van treitering in Suid-Afrika sal bepaal is 'n noodsaaklike eerste stap voordat wetgewing uitgevaardig word, die inhoud van beleid bepaal word en op die tipes voorkomingsprogramme en intervensie-programme besluit word. Die logistieke reëlings en die rol van provinsiale onderwysdepartemente, distrikte en skole sal deur die rolspelers bepaal word.

- **Die uitvaardiging van regulasies in terme van die Skolewet** wat die krag van wetgewing dra en wat aan provinsiale onderwysdepartemente en skole voorskryf hoe treitering in skole bestuur moet word en wat die implementering van 'n beleid voorskryf.

- **Voorkomingstrategieë en intervensiestrategieë** moet deel vorm van skole se treiteringbeleid. Daar is 'n geweldige voorraad data beskikbaar ten opsigte van voorkomingstrategieë en intervensiestrategieë waaruit beleidmakers, skole en beheerliggame kan put. In afdeling 5.3.2.2(c) word voorbeelde van voorkomings-programme en intervensieprogramme aangedui. Kernelemente van 'n beleid wat deur wetgewing aangedui kan word, word ook in afdeling 5.3.2.2(c) aangetoon.

- **Die begroting, hulpbronne beskikbaar asook die aard en omvang van treitering in Suid-Afrikaanse skole** sal bepalend wees ten opsigte van die omvang en inhoud van die beleid. Provinsies en skole kan nie verplig word om programme en strategieë te implementeer as befondsing daarvoor nie beskikbaar is nie.

- **Die verskaffing van modelbeleide** aan skole is uiters belangrik in die Suid-Afrikaanse situasie as gevolg van die feit dat weinig navorsing oor treitering in Suid-Afrika gedoen is en die kennis van beheerliggame, skole en opvoeders met betrekking tot treitering uiters karig is. Die nadeel van modelbeleide is dat rolspelers op grondvlak nie betrek word nie, maar dit kan in 'n mate oorkom word deur middel van 'n hele-skool-benadering ("whole school approach") met betrekking tot die implementering van die beleid. Die beleid moet ook maatreëls bevat om kubertreitering deur middel van selfone en rekenaars sover as moontlik te beperk aangesien kubertreitering, soos meer leerders tot die fasiliteite toegang het, toeneem.

- **Opleiding van beheerliggame en opvoeders** is onontbeerlik as gevolg van die weinige kennis in verband met treitering waaroor beheerliggame en opvoeders beskik, asook die onverskillige houding jeens treitering. Opleiding behoort die volgende in te sluit: kennis van die fenomeen "treitering"; kennis van die regsimplikasies van treitering; herkenning van treitering (veral die meer subtiele

vorme) asook kennis van die implementering van die beleid, wat ook die hantering van en hulpverlening aan die slagoffer (ook die beskerming van die slagoffer) en boelie insluit.

- **Regsdefinisie**: Dit is belangrik dat saam met die wetgewing of regulasies ook 'n regsdefinisie van treitering saamgestel word – dus, 'n omskrywing van die gedrag wat deur die wetgewing of beleid verbied word. Die definisie kan ook 'n lys van handelinge wees wat treitering insluit en wat dit makliker maak vir die opvoeders of leke om te verstaan. Dit moet ook subtiele vorme van treitering insluit. Soos reeds aangedui, moet treitering nie gelykgestel word met verwante begrippe soos teistering en intimidasie nie – die uniekheid van treitering moet in die definisie na vore kom. (Sien bladsye 38 en 39).

- **'n Beleid vir kubertreitering** (rekenaar en selfone) moet ook ingestel word. Strategieë moet ingestel word om gebruikmaking van kubertreitering tot die absolute minimum te beperk.

- **Skoolkultuur (etos)**: Die outoritêre skoolkulture moet omskep word in skoolkulture waar waardes soos respek, omgee, samewerking en insluiting op 'n natuurlike wyse deel vorm van die optrede van personeel en leerders. Dit beteken dat 'n menseregtekultuur en 'n waardesisteem ingebed moet wees in die skoolkultuur. Dit is geen maklike taak nie, maar 'n begin moet gemaak word aangesien treitering lei tot van die ernstigste skending van kinderregte. Wat treitering betref, is die belangrikste waarde of fundamentele reg wat uitgeleef moet word respek, dus erkenning van die ander persoon se menswaardigheid. Die boelie het nie respek vir die slagoffer nie en erken nie sy menswaardigheid nie. Die Manifesto on Values, Education and Democracy kan hier 'n belangrike rol speel (Minister of Education 2001).

- **Evaluering van die treiteringbeleid** – Die effektiwiteit van die beleid moet geëvalueer word, aangepas word en waar nodig verbeter word. Die evaluering moet op skoolvlak geskied, byvoorbeeld deur middel van 'n vraelys. Die inligting moet op provinsiale en nasionale vlak geëvalueer word sodat aanpassings ook vanaf daardie vlak gemaak kan word byvoorbeeld die landswye implementering

van karakteronderwys. Evaluering van inligting moet ook in elke skool geskied sodat aanpassings per skool gemaak word soos nodig, byvoorbeeld beter toesig in die toilette, gegrond op die inligting deur die vraelys verskaf.

- **Toesig en beheer** moet in elke provinsie geskied. Beamptes van die distriks-kantore of streekkantore kan 'n belangrike rol hier speel om te verseker dat die beleid doeltreffend geïmplementeer en in stand gehou word.

- **Korrelasie met die skool se gedragskode** – Die treiteringbeleid moet in korrelasie met die skool se gedragskode vir leerders toegepas word. In 'n spesifieke skool kan dit as addendum tot die gedragskode vir leerders toegevoeg word.

5.3.2 **Toevoeging van kennis tot die onderwysreg**

Die volgende twee aspekte word in hierdie afdeling bespreek:

- Treitering en kriminalisering asook die redes waarom treitering nie gekriminaliseer behoort te word nie.

- Die doel, problematiek en inhoud van spesifieke treiteringwetgewing wat aan skole voorskryf hoe treitering bestuur moet word.

5.3.2.1 Treitering en kriminalisering

In die Suid-Afrikaanse reg word daar 'n onderskeid gemaak tussen gemeenregtelike misdade en statutêre misdade. Gemeenregtelike misdade word as misdade in die Suid-Afrikaanse strafreg beskou op grond van die feit dat hierdie misdade oorgedra is uit die bronne van die Suid-Afrikaanse gemenereg. In die historiese verlede kon regters gemeenregtelike misdade skep bloot deur dit aan te kondig. Dit is nie meer die geval nie, en die enigste manier om 'n nuwe misdaad te skep is deur middel van wetgewing wat gemaak word deur die wetgewer (Burchell en Milton 1991 : 32, 33). Indien treitering dus gekriminaliseer moet word, is die enigste manier deur middel van wetgewing, dus 'n statutêre (wetteregtelike) misdaad sal geskep moet word. Die konteks (betekenis)

waarin die begrip “kriminalisering” hier gebruik word is in die sin dat ‘n misdaad (statutêre misdaad) geskep word deur middel van wetgewing.

Die oorwoë mening van die respondente is dat kriminalisering van treitering nie oorweeg moet word nie. Daar moet saamgestem word met die respondente dat treitering nie ‘n handeling is wat gekriminaliseer moet word nie en wel om die volgende redes:

(a) Treitering is nie ‘n regsbegrip nie

Die belangrikste rede is dat treitering nie ‘n regsbegrip is nie en alhoewel sommige vorme van treitering as misdade kwalifiseer, is daar baie vorme van treitering wat nie misdade is nie. Die feit dat treitering *per se* nie ‘n regsbegrip is nie word bevestig in die bevindinge asook deur Furniss (2000 : 18) en Lawson (1994 : 87). Treitering is eerder ‘n psigologiese begrip in die sin dat die faktore en omstandighede wat daartoe aanleiding gee dat leerders boelies word, dikwels psigologies gemotiveer word. Enkele voorbeelde is: die aggressiewe boelie se behoefte aan mag; die angstige boelie se negatiewe self-beeld; die passiewe boelie se onsekerheid asook ouerhuise waar daar min liefde, empatie en ondersteuning is, kweek boelies (sien afdeling 2.5.1 – Tipes boelies en afdeling 2.6 – Faktore en omstandighede wat daartoe aanleiding gee dat leerders boelies word, waaruit die psigologiese sy van treitering duidelik blyk). Alhoewel treitering nie ‘n regsbegrip is nie is dit duidelik (ook uit hierdie navorsing) dat treitering beslis belangrike regsgevolge kan hê.

(b) Nie alle vorme van treitering kwalifiseer as ‘n misdaad nie

Belangrik is ook die feit dat daar baie vorme van treitering is wat beslis nie as ‘n misdaad kan kwalifiseer nie (Sien afdeling 2.4 – Vorme van treitering en afdeling 5.5 – Die straf-reg). Kriminalisering van die begrip “treitering” sal dus lei tot ‘n diskrepansie aangesien baie vorme van treitering uitgesluit sal wees.

(c) Die strafreg het ‘n goeie respons ten opsigte van treitering

Die Suid-Afrikaanse strafreg se respons ten opsigte van treitering is baie goed, dit word bevestig deur die misdade, wat deur die respondente in hoofstuk 4, en deur die navorser

in hoofstuk 5 geïdentifiseer is en waaronder baie vorme van treitering tuishoort. Dit word volledig bespreek in afdeling 5.5.2.1.

(d) Oorkriminalisering

Daar moet gewaak word teen oorkriminalisering, met ander woorde om ‘n statutêre misdaad te skep wanneer daar nie ‘n behoefte daarna is nie. Volgens Burchell en Milton (1991 : 37) moet ‘n nadelige handeling nie gekriminaliseer word as daar redelike alternatiewe bestaan waarmee die nadelige gedrag hanteer kan word nie. Daar is reeds gemeld dat die Suid-Afrikaanse strafreg ‘n goeie regsrespons het ten opsigte van nadelige of skadelike treiteringgedrag. Ander remedies is byvoorbeeld die deliktereg, grondwetlike remedies, gelykheidshowe vir treitering wat manifesteer as diskriminasie, en deur gebruik te maak van die skool se dissiplinêre proses. Die rol wat sielkundige dienste (terapie en berading) kan speel, veral met betrekking tot sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering – maar ook ten opsigte van ander vorme van treitering – kan ook as remedies beskou word. Daar bestaan dus redelike alternatiewe remedies wat ingespan kan word teen skadelike treiteringgedrag, wat ook bevestig word deur die respondente.

5.3.2.2 Die doel, problematiek en inhoud van spesifieke treiteringwetgewing wat beleid afdwing

In afdeling 5.3.1.2 is reeds vermeld dat spesifieke treiteringwetgewing daarop ingestel kan wees om treiteringbeleid in skole af te dwing. In dié afdeling is die wenslikheid van wetgewing, wat treiteringbeleid in skole afdwing, ondersoek en daar is aanbeveel dat sulke wetgewing in Suid-Afrika oorweeg moet word. Daar is ook aanbevelings gemaak van hoe te werk gegaan behoort te word indien sulke wetgewing in Suid-Afrika oorweeg word en ingestel word. Die doel van hierdie afdeling is om die doel, problematiek en inhoud van sulke spesifieke treiteringwetgewing, wat beleid in skole afdwing, te bespreek.

(a) Doel van die wetgewing

Die doel van hierdie wetgewing is gewortel (het as vertrekpunt) in die gevolge van treite-

ring of meer spesifiek in die ernstige skade of nadeel wat treitering tot gevolg het. Hierdie gevolge en skade is volledig bespreek in hoofstuk 2, afdeling 2.8, maar kan kortliks as volg saamgevat word:

Sedert navorsing met betrekking tot treitering in 1978 begin het, is herhaaldelik aangetoon dat treitering een van die ernstigste en skadelikste probleme in skole is wat wêreldwyd voorkom. Alhoewel navorsing in Suid-Afrika aangaande die omvang van treitering uiters skraal is, dui statistiek wat wel beskikbaar is daarop dat treitering ook in Suid-Afrikaanse skole 'n ernstige probleem is (sien afdeling 2.7 wat handel oor die frekwensie van treitering). Slagoffers van treitering word dikwels agtergelaat met ernstige en lewenslange probleme, boelies het 'n groter kans om in hul latere lewe by misdaad betrokke te raak. Treitering het ook nadelige gevolge vir die omstanders, die skoolomgewing en die skoolkultuur. Die slagoffer is egter die rolspeler wat die meeste ly. Skade vir die slagoffer is in afdeling 2.8 onderverdeel in fisiese skade, psigologiese (emosionele) skade, sosiale skade en opvoedkundige skade.

Wetgewing wat skole dwing om treitering volgens sekere riglyne, en selfs voorskrifte, te bestuur en te hanteer, kan deur regerings oorweeg word en geïmplementeer word om die erns waarmee treitering benader moet word te beklemtoon en te poog om die nadeel en skade te beperk (Limber en Small 2003 : 445 - 455; Dessoff 2004 : 1; Ferrell-Smith 2004 : 1 - 3; Mawdsley 2005 : 1 - 4). Die rasionaal of motivering vir sulke wetgewing is geleë in die feit dat alle moontlikhede en metodes ondersoek en aangewend moet word in 'n poging om treitering te beheer, te hanteer, te beperk en sover as moontlik uit te roei. Wetgewing is afdwingbaar en 'n beleid wat deur wetgewing afgedwing word, dra meer gewig en verhoog aanspreeklikheid indien dit nie nagekom word nie.

(b) Problematiek van die wetgewing

Kennis van die problematiek rondom hierdie wetgewing is noodsaaklik en moet in aanmerking geneem word wanneer 'n wetgewer die inhoud van hierdie wetgewing oorweeg. Die essensie van die problematiek van hierdie wetgewing, kan kortliks as volg opgesom word (Stein 2003 : 789; Mawdsley 2005 : 6 - 9; Barton 2003 : 121, 122; Yell en Rozalski 2000 : 1 - 17):

- Hierdie wetgewing fokus soms nie sterk genoeg op primêre voorkoming nie, met ander woorde skryf nie proaktiewe anti-treiteringstappe of anti-treiteringstrategieë voor wat die risiko van treitering verminder nie en leerders opvoed om nie by treitering betrokke te raak nie.

- Hierdie wetgewing is dikwels gegrond op die aanname dat alle vorme van treitering maklik waarneembaar is en dat die treitering slegs aangemeld moet word en daarvandaan hanteer moet word. Dit verontagsaam subtiele, psigologiese vorme van treitering.

- Volgens Barton (2003 : 121, 122) glo kritici van karakteropvoeding (as deel van die skoolkurrikulum) dit is die ouers se plig om 'n positiewe waardesisteem by hul kinders vas te lê en hul kinders te leer om ander te respekteer. Die kritici is dus teen wetgewing wat karakteronderwys voorskryf.

- Die wetgewing se toon en benadering is dikwels bestraffend van aard. Indien die toon of die aard van die wetgewing eerder voorskriftelik is, sal die wetgewing beter aanvaarbaar wees.

- Kritici van die wetgewing glo dat wetgewing wat daartoe lei dat verbale treitering beperk word daartoe kan lei dat die boelie se reg op vryheid van spraak geskend word.

- Kritiek teen 'n beleid van geenverdraagsaamheid (met betrekking tot treitering) is onder andere die volgende: dit fokus slegs op die dissiplinêre optrede teenoor die boelie en geensins op voorkoming nie; leerders word dikwels geskors of uit die skool gesit vir minder ernstige oortredings; die leerder se reg tot prosedureel billike optrede kan deur 'n geenverdraagsaamheidsbeleid geskaad word en dit is in stryd met die beginsel van demokrasie.

- Die teendeel van 'n geenverdraagsaamheidsbeleid teenoor treitering, is dat opvoeders dikwels in 'n poging om treitering te identifiseer, kriminele handelinge (byvoorbeeld aanranding) bloot as minder ernstige treitering "versag" en dienooreenkomstig hanteer.

- Wetgewing en beleid wat té voorskriftelik is, kan opvoeders se diskresie beperk en hulle nie die geleentheid gun om op te tree in ooreenstemming met 'n spesifieke situasie nie.

- Hierdie wetgewing maak dikwels nie voorsiening vir maatreëls om te evalueer of te moniteer of skole optree in ooreenstemming met die voorskrifte van die wetgewing nie. Indien daar nie 'n sisteem in plek is wat skole aanspreeklik hou vir implementering van die wetgewing nie, kan die wetgewing misluk.

(c) Die inhoud van die wetgewing

Die inhoud van wetgewing wat aan skole voorskryf hoe treitering bestuur behoort te word, sal beïnvloed word deur spesifieke omstandighede, spesifieke behoeftes asook die finansiële begroting. Wetgewers skryf gewoonlik voor dat elke skool oor 'n treiteringbeleid moet beskik en skryf ook die kernelemente van die treiteringbeleid voor. Die volgende is kernelemente wat deel kan vorm van die treiteringbeleid met die doel om skole te verplig om treitering volgens spesifieke voorskrifte te bestuur (Ferrell-Smith 2004 : 8; Limber en Small 2003 : 445 - 455; General Assembly Missouri 2006a : 1 - 3; General Assembly, Missouri 2006b : 1 - 10; General Assembly Connecticut 2002 : 1 - 3; Senate and General Assembly, New Jersey 2002 : 1 - 4; Legislature, Washington 2003 : 1 - 3; Senate and House of Representatives, Oklahoma 2002 : 1 - 4; Smith et al. 2003 : 1 - 6; O'Moore 2000 : 105 - 109; Smith et al. 2003 : 87; Allen 2006 : 2 - 12; McCarthy en Carr 2002 : 206 - 220; Birmingham City Council 2005, Section 1: 10 - 16; Barton 2003 : 37 - 106; Hoover en Oliver 1996 : 15 - 89; Roberts 2006 : 65 - 160; Coloroso 2004 : 148 - 189):

- **Verklaring**: Die wetgewing moet onomwonde verklaar dat alle vorme van treitering verbied word op die skoolterrein, op die skoolbus, op ander skoolvervoer of tydens enige skoolgesanksioneerde aktiwiteit.

- **Definisie van treitering**: Die treiteringgedrag wat verbied word, moet in die beleid omskryf word. Subtiele vorme van treitering moet ook in die definisie vermeld word en nie net die maklik waarneembare vorme van treitering nie. Treitering moet nie gelykgestel word met verwante begrippe soos teistering en

intimidasie nie – die uniekheid van treitering moet in die definisie na vore kom (sien hoofstuk 2, afdeling 2.2, waar treitering onderskei word van ander verwante begrippe).

- **Treiteringprogramme**: Die implementering van die volgende programme kan deur die beleid voorgeskryf word: **herkenningsprogramme; voorkomingsprogramme** en **intervensieprogramme**. Die doel van **herkenningsprogramme** is om opvoeders op te lei om in staat te wees om die verskillende vorme van treitering te identifiseer. **Voorkomingsprogramme** het ten doel om anti-treiteringstappe en anti-treiteringstrategieë te implementeer wat die risiko verminder en leerders opvoed om nie by treitering betrokke te raak nie. Beleid moet dus nie slegs fokus op die hantering van treitering wat alreeds plaasgevind het nie – beleid moet dus ook pro-aktief georiënteerd wees. Aangesien voorkomingsprogramme voorkomend van aard is, sal dit ook treitering wat alreeds aanwesig is, beheer en bekamp. Voorbeelde van voorkomingsprogramme, voorkomingstrategieë en aksies wat spesfiek ten doel het om leerders op te voed om nie by treitering betrokke te raak nie en om treitering wat reeds aanwesig is te bekamp, is: karakteropvoeding; die aanleer van positiewe waardes; afleer van anti-sosiale gedrag; kurrikulumgebaseerde werk met betrekking tot treitering; voorbereiding van leerders om verhoudings konstruktief en selfgeldend te bestuur; voorligting aan leerders, die portuurgroep, ouers en die gemeenskap ten opsigte van wat treitering en die gevolge daarvan behels; die opleiding van omstanders om treitering af te keur; verbetering van die skoolklimaat; die skepping van ‘n positiewe en vriendelike skoolomgewing; die daarstelling van ‘n ordelike skoolomgewing; gepaste skoolreëls en klaskamerreëls teen treitering; opleiding van personeel ten opsigte van verskillende fasette van treitering; goeie toesighouding; opleiding van leerders in selfgelding (“assertiveness training”) en konflikhantering; oriëntering van personeel ten opsigte van die beleid; die nastreef van positiewe opvoeder-leerder-verhoudings; opleiding in sosiale vaardighede en vaardighede om aggressie te beheer asook strategieë om leerders se selfagting te verhoog. **Intervensieprogramme** kan eerstens omskryf word as ingrype in, of aanpassings aan, die huidige situasie of beleid met die doel om treitering meer doeltreffend te hanteer en te beheer, byvoorbeeld om die toesig in sekere dele van die skoolgeboue te verskerp nadat ‘n opname die

probleem uitgewys het. Tweedens moet skole optree wanneer treiteringinsidente plaasvind – die insident moet ondersoek word en daar moet op spesifieke wyses met die boelie en die slagoffer gehandel word. Voorbeelde van intervensie-programme, intervensie-strategieë en aksies is: ondersoek die insident en pas die geskikte remedie toe; betrek die boelie by konstruktiewe en ondersteunende interaksies; betrek die slagoffer by konstruktiewe en ondersteunende interaksies; beveilig die slagoffer; opnames met betrekking tot die aard, omvang en lokalisering van treitering in 'n skool; die implementering van nuwe beleid of aanpassing van bestaande beleid; mediasie; opleiding van mede-leerders in voorligtingsvaardighede; treiteringhowe; rapportering van treiteringgedrag deur gebruik te maak van 'n telefoondiens ("hotlines") of houers vir skriftelike aan-melding; tydelike veiligheidskameras; tegnieke om ouers en voogde te betrek; verwysing na sielkundige dienste en psigiatriese dienste en die ontwikkeling van 'n duidelike hiërargie van sanksies waarvan leerders bewus is.

- **Sanksies**: 'n Beskrywing van die reeks gevolge (sanksies) en toepaslike remediërende aksies vir die boelie asook vir 'n personeellid wat versuim om die treitering te rapporteer.

- **Rapportering**: Rapportering sluit onder andere die volgende in: 'n prosedure om treitering te rapporteer wat insluit dat die rapportering naamloos kan geskied, maar dat die naamlose rapportering nie die enigste basis sal wees waarop dissiplinêre optrede gebaseer sal word nie; 'n vereiste dat skoolpersoneel treite-ringinsidente wat reeds verbied is, sal rapporteer selfs al het hulle dit reeds hanteer; 'n prosedure wat gevolg sal word nadat 'n treiteringinsident gerappor-teer is; 'n verklaring wat weerwraak of vergelding teenoor 'n persoon wat treitering rapporteer, verbied, asook die gevolge vir en toepaslike remediërende aksie ten opsigte van die persoon wat hom daaraan skuldig maak; 'n beskrywing van die verskillende wyses waarop 'n skool sal reageer op 'n treiteringinsident wat gerapporteer is asook 'n prosedure om treitering wat gerapporteer is te dokumenteer.

- **Gedrag wat verwag word**: 'n Beskrywing van die tipe gedrag wat van elke leerder verwag word.

- **Ondersoek**: Die prosedure vir onmiddellike ondersoek van verslae aangaande oortredings en klagtes asook die aanwys van die skoolhoof of sy gedelegeerde, as dié persoon verantwoordelik vir die ondersoek.

- **Kommunikasie met ouers van boelie**: 'n Vereiste dat die ouers of voogde van die boelie in kennis gestel word.

- **Beskerming van die slagoffer**: Om die slagoffer te beskerm teen verdere treitering.

- **Intervensie ten opsigte van die slagoffer**: 'n Prosedure om berading en voorligting te voorsien aan die slagoffer.

- **Intervensie ten opsigte van die boelie**: Die dissiplinêre prosedure of voorligtingsprosedure wat gevolg sal word ten opsigte van die boelie.

- **Vertroulikheid van inligting**: 'n Vereiste dat enige inligting verwant aan 'n gerapporteerde insident as konfidensieel beskou word.

- **Bekendstelling van die beleid**: 'n Verklaring van hoe die beleid bekend gestel sal word wat ook insluit dat die beleid geldig is tydens skoolgesanksioneerde aktiwiteite.

## 5.4 DIE DELIKTEREG

### 5.4.1 Implikasies vir die onderwysbestuur

Uit die bevindinge in hoofstuk 4 is dit duidelik dat beide die boelie en die opvoeder deliktueel aanspreeklik kan wees – weens treitering wat in die skoolsituasie plaasvind – en kan kortliks as volg opgesom word:

- Die toerekeningsvatbare boelie kan deliktueel aanspreeklik wees as hy as gevolg van treitering opsetlik skade toevoeg tot die slagoffer. Alhoewel dit nie uit die bevindinge blyk nie, kan nalatige optrede deur die boelie ook lei tot deliktuele

aanspreeklikheid. Die ouer van die boelie wat bewus is van sy kind se treiteringgedrag en niks doen nie, kan deliktueel aanspreeklik gehou word weens ‘n late.

- Die opvoeder kan opsetlik skade toevoeg tot die slagoffer indien die opvoeder opsetlik versuim om die treitering stop te sit omdat hy byvoorbeeld ‘n perverse behae put uit die treitering, of nie van die slagoffer hou nie.

- Indien die opvoeder se onsorgsame, onversigtige en onsorgvuldige optrede die oorsaak is dat die slagoffer skade toegevoeg word, kan die opvoeder ook weens nalatigheid deliktueel aanspreeklik wees.

As gevolg van die feit dat die onderwysdepartement middellik aanspreeklik kan wees vir onregmatige dade van opvoeders, behoort skole alles binne hulle vermoë te doen om deliktuele aanspreeklikheid te beperk.

Sedert die inwerkingtreding van die Grondwet was daar ‘n dramatiese toename in onderwysregsaktiwiteite in die land. Navorsing het bevestig dat daar ‘n skokkende onkunde onder Suid-Afrikaanse skooladministrateurs is rakende onderwyswetgewing en verwante kwessies wat ‘n bydrae kan lewer tot hierdie toename (Oosthuizen 2004 : 9). Hofsake is duur en traumaties en die slagoffer se regte behoort beskerm te word. Alle stappe deur die staat, onderwysdepartemente en skole om die slagoffer teen treitering te beskerm, sal meewerk om deliktuele aanspreeklikheid te beperk.

Die doel van hierdie afdeling is om spesifieke optredes te identifiseer wat deliktuele aanspreeklikheid sal beperk. Dit maak geensins aanspraak op volledigheid nie en moet gesien word as ‘n riglyn (norm) vir skole wat aangevul kan word op grond van die spesifieke situasie of op grond van kennis wat beskikbaar is. Dit fokus op die beperking van deliktuele aanspreeklikheid aan die kant van die onderwysdepartemente (opvoeders en skole) en sal terselfdertyd deliktuele aanspreeklikheid aan die kant van die boelie en sy ouers beperk aangesien die skool se optredes voorkomend van aard is en ook treitering bekamp.

5.4.1.1 Optrede deur die skool om deliktuele aanspreeklikheid te beperk

- Die belangrikste stap om deliktuele aanspreeklikheid te voorkom, is om die standaard van toesig op ‘n hoë vlak te bring en te handhaaf. Die reg verwag dat elke opvoeder wat sy sorgsaamheidsplig betref soos ‘n redelike opvoeder moet optree. Wat treitering betref, moet die omvang van die treitering in ‘n spesifieke skool in ag geneem word asook die lokalisering van die treitering. Die omvang en lokalisering sal bepaal hoe intensief die toesig moet wees asook watter areas in die skool die hoogste graad van toesig verg. Die skool moet dus soveel opvoeders aan toesigdiens hê as wat redelik en doenlik moontlik is in die omstandighede. Dit kan dus ook nodig wees om addisionele toesig te gebruik deur van gewillige ouers gebruik te maak. Ouers moet gekeur word om onge-wenste persone uit te hou.

- Kennis dat treitering wel plaasvind, verhoog die opvoeder se regsplig. Indien treitering aangemeld is, of indien die ouers van die slagoffer die skool besoek het om die treitering te bespreek, verhoog dit die opvoeder se regsplig om meer waaksaam te wees. Getuienis dat die skool wel in kennis gestel is, maar nie in ooreenstemming met die inligting opgetree het nie, kan verdoemend wees in ‘n hof.

- ‘n Treiteringbeleid of ‘n toesighoudingsbeleid wat in plek is en wat nie nagekom word nie, sal baie moeilik wees om in ‘n hof te verdedig. Beleid is ook ‘n belangrike deel van die omringende omstandighede om te bepaal of daar ‘n regsplig op die opvoeder gerus het om op te tree. Opvoeders moet opgelei wees in terme van die inhoud van beleid asook die toepassing daarvan. Spesifieke aandag behoort gegee te word met betrekking tot kubertreitering in terme van beleid en prosedures om dit te beperk.

- ‘n Gedragskode en beleid wat in plek is en nagekom word, kan in ‘n geval van aanspreeklikheid die skool se saak versterk in die sin dat die skool voorsorg getref het. Die skool het dus soos die redelike persoon in die posisie van die opvoeder die skade voorsien en redelike stappe gedoen om die skade te voorkom wat betref die spesifieke situasie.

- Bogenoemde beginsel sal ook geld indien die skool sy opvoeders indiens-opleiding gegee het wat betref die fenomeen "treitering", en die regsimplikasies van treitering. Opvoeders moet ook op hoogte wees ten opsigte van die omvang van treitering in die skool, die tipes treitering wat in die skool plaasvind asook die lokalisering van die treitering.

- Die aanvangstyd van toesig in die oggend en die beëindiging daarvan in die namiddag behoort baie duidelik aan ouers gekommunikeer te word. Dit kan nie van skole verwag word om vanaf vroeg soggens of tot laat in die middag toesig oor leerders te hou nie. Die duidelike kommunikering van middagtye is veral belangrik sodat verwarring uitgeskakel kan word ten opsigte van leerders wat later moet bly vir buitemuurse aktiwiteite of die wat terugkom van wedstryde of kompetisies.

- Skole is ook verantwoordelik vir effektiewe toesig tydens skoolgesanksioneerde opvoedkundige aktiwiteite, wat buite die skoolterrein en ook buite skoolure plaas-vind, asook vir effektiewe toesig tydens vervoer van leerders heen en terug.

- Ouers moet bewus wees dat die skool ontvanklik is wanneer klagtes in verband met treitering gerapporteer word en dat die klagtes aandag sal geniet en nié geïgnoreer sal word nie. 'n Spesifieke, verantwoordelike persoon of persone moet aangewys word aan wie die ouers hul probleme kan kommunikeer. Ouers en leerders moet nie verplig word om klagtes skriftelik te kommunikeer nie weens die vertroulikheid en persoonlikheid van die inligting. Ouers moet weet dat hulle ook welkom is om probleme met die skool te gaan bespreek.

- Regsreëls moet nie vrees inboesem nie en moet gekommunikeer word aan diegene wat daardeur geraak word. Dit beteken dat ouers bewus moet wees dat hul kinders (boelies wat toerekeningsvatbaar is) deliktueel aanspreeklik gehou kan word vir treitering. Ouers moet ook bewus wees dat hulle deliktueel aan-spreeklik kan wees weens 'n late indien hulle bewus is dat hul kind skuldig is aan treitering ('n boelie is) en hulle niks doen om te verhoed dat hul kind voortgaan met sy aktiwiteite nie. Selfs boelies moet weet dat hulle aanspreeklik kan wees vir 'n onregmatige daad weens treitering. Die feit dat boelies, en ouers van

boelies self aanspreeklik kan wees, behoort op 'n baie elementêre en diplomatiese wyse aan hulle gekommunikeer te word. Opvoeders behoort ook ingelig te wees ten opsigte van die beginsels van deliktuele aanspreeklikheid sodat hulle kan waak teen optrede wat deliktuele aanspreeklikheid tot gevolg kan hê.

- Die uitneem van aanspreeklikheidsversekering deur die skool word aanbeveel. Indien die ouer of slagoffer 'n eis teen die onderwysinstansie of teen die opvoeder persoonlik instel, sal hierdie skade deur die versekeraar gedra word.

- Ten slotte moet gemeld word dat kragtens 'n wysiging ten opsigte van die Regulations for Safety Measures at Public Schools (GN 1040 of 2001) mag 'n skool nie meer 'n ouer versoek om 'n vrywaringsvorm te teken, wat die skool vrywaar, teen enige regsaksies wat kan voorspruit as 'n gevolg van skoolaktiwiteite nie (Amendment Regulations for Safety Measures at Public Schools – GNR 1128 of 2006).

### 5.4.2 **Toevoeging van kennis tot die onderwysreg**

Volgens Evans (2001 : 128) is aanspreeklikheid weens nalatigheid, die tipe aanspreeklikheid wat die meeste by opvoeders voorkom. Die meeste sake waar opvoeders, skole en onderwysdepartemente in Suid-Afrika deliktueel aanspreeklik gehou is ten opsigte van aspekte van leerderveiligheid, is sake waar leerders fisiese beserings opgedoen het as gevolg van beweerde nalatigheid aan die kant van die opvoeder of skool. Nalatigheid aan die kant van opvoeders wat kan lei tot fisiese beserings van leerders, is ook van toepassing op treitering, maar dit strek veel verder in die sin dat treitering ook spesifieke (eiesoortige) implikasies het vir die deliktereg. In die bespreking wat volg, sal daar spesifiek gefokus word op hierdie eiesoortige implikasies van treitering vir die deliktereg. Die bespreking sal gebaseer wees op die respondente se interpretasie van die regsreëls van die deliktereg in terme van treitering. Die implikasies van treitering vir die deliktereg, word onder die volgende hoofde bespreek:

- Die eiesoortigheid van treitering in terme van die vyf vereistes (elemente) vir deliktuele aanspreeklikheid.

- Regspraak ten opsigte van fisiese en psigologiese skade.

- Die interdik as 'n regsmiddel om treitering te hanteer.

- Middellike aanspreeklikheid.

5.4.2.1 Eiesoortigheid van treitering in terme van die vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid

Die vyf vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid, naamlik: handeling, onregmatigheid, oorsaaklikheid, skuld en skade is reeds kortliks in die regsraamwerk bespreek. In hierdie afdeling word die eiesoortigheid van treitering, ten opsigte van elk van die vyf elemente (vereistes) van deliktuele aanspreeklikheid, bespreek en beskryf. Daar word dus bespreek hoe treitering manifesteer ten opsigte van die vyf vereistes.

(a) Handeling

'n Delik of 'n onregmatige daad – waarmee 'n delik ook beskryf word – dui aan dat die dader skade of nadeel aan die benadeelde moet veroorsaak deur middel van 'n gedrag, 'n daad of handeling – die handeling is 'n willekeurige menslike doen of late (Neethling et al. 2006 : 25). Dit is belangrik om daarop te let dat beide die doen en die late albei handelinge is. Baie simplisties gestel, kan gesê word dat die "doen" (*commissio*) 'n positiewe aksie is wat deur die dader uitgevoer word en die "late" (*ommissio*) in die feit lê dat die dader versuim om op te tree. Indien dit van toepassing gemaak word op treitering, kan gesê word dat die boelie (dader) 'n willekeurige en opsetlike aktiewe handeling (die treiteringgedrag) uitvoer om skade (nadeel) aan die slagoffer (benadeelde) te veroorsaak (*commissio*), want treitering is 'n opsetlike ("intentional") handeling. Die opvoeder of selfs die ouer van die boelie (dader) wat niks doen om die benadeling van die slagoffer te verhoed nie, veroorsaak deur hul *ommissio* ook skade (nadeel) aan die slagoffer. 'n Late kan opsetlik of deur nalatigheid verrig word (Neethling et al. 2006 : 128). In die praktyk sal die opvoeder wat nie optree teen treitering nie – omdat hy nie van die slagoffer hou nie – en wil hê dat die treitering moet voortgaan, opsetlik versuim om op te tree (sien afdeling 5.4.2.1 (c)). Die opvoeder wat byvoorbeeld die treitering sien gebeur, maar sy aandag so toespits op 'n gesprek met 'n ander

opvoeder dat hy nie die erns van die treitering waarneem nie en dus nie optree nie se late word nalatig verrig. Beide die handelinge van die boelie (*commissio*) en die opvoeder en ouer (*ommissio*) is willekeurige handelinge. Volgens Neethling et al. (2006 : 27) kan 'n dader (verweerder) aanvoer dat sy gewraakte handeling nie aan die willekeurigheidstoets voldoen nie en hom dan beroep op die verweer van outomatisme (hy het bloot werktuiglik opgetree).

(b) Onregmatigheid

Wat betref treitering en onregmatigheid, word die volgende drie aspekte bespreek:

- Treitering as die skending van subjektiewe regte van die slagoffer.

- Treitering en die verbreking van 'n regsplig.

- Regsverdigingsgronde wat moontlik onregmatigheid met betrekking tot die optrede van die boelie kan uitskakel.

Wat betref die bespreking van die eerste twee aspekte is dit noodsaaklik om eers die tweeledige ondersoek vir onregmatigheid en die praktiese toepassing van die *boni mores*-maatstaf te bespreek om die verband aan te toon.

- Die tweeledige ondersoek vir onregmatigheid

Volgens Potgieter et al. (2006 : 9, 21) verg die bepaling van onregmatigheid 'n twee-ledige ondersoek. Eerstens moet vasgestel word of die dader se handeling 'n nadelige gevolg vir 'n ander persoon veroorsaak het. Indien dit blyk dat dit wél die geval is, moet daar aan die hand van regsnorme vasgestel word of die skadeveroorsaking op 'n onredelike of regtens ongeoorloofde wyse plaasgevind het – dit is die wese van die onregmatige daad. Die basiese toets (norm of maatstaf) om te bepaal of die handeling onregmatig was (met ander woorde of dit op 'n regtens ongeoorloofde wyse plaasgevind het), is die *boni mores*-toets vir onregmatigheid. As die dader die benadeelde se belange volgens die *boni mores*, die regsopvattings van die gemeenskap, op 'n regtens ongeoorloofde wyse aangetas het, staan onregmatigheid vas.

- Praktiese toepassing van die *boni mores*-maatstaf

Ten spyte van die feit dat die regsoortuigings van die gemeenskap of *boni mores*, die basiese onregmatigheidsnorm in ons reg uitmaak, is dit selde nodig om direk met hierdie algemene, vae toets te werk wanneer onregmatigheid bepaal word. Twee voorbeelde waar daar nie direk met die *boni mores* gewerk word om onregmatigheid te bepaal nie is die standpunte dat onregmatigheid geleë is in die skending van 'n subjektiewe reg of in die nie-nakoming van 'n regsplig om positief op te tree. Die vasstelling of 'n subjektiewe reg geskend is en of 'n regsplig wel verbreek is, is meer spesifieke en noukeuriger metodes om te bepaal of die dader in stryd met die regsopvattings van die gemeenskap opgetree het, met ander woorde of die dader die benadeelde se belange volgens die *boni mores* op 'n regtens ongeoorloofde wyse aangetas het (Neethling et al. 2006 : 44, 45).

- Treitering as die skending van 'n subjektiewe reg

Die vyf kategorieë subjektiewe regte wat onderskei word, is reeds in die regsraamwerk, afdeling 3.5.2.2 bespreek. Die respondente het bevind dat subjektiewe regte van die slagoffer deur die treitering (deur die boelie) geskend word en wel saaklike regte en persoonlikheidsregte. Persoonlikheidsregte word uitgesonder as die kategorie subjektiewe regte wat die meeste deur treitering geskend word en in die lig van die skade (gevolge van treitering) wat in die navorsing geïdentifiseer is, word elke denkbare persoonlikheidsreg deur treitering geskend. Volgens Neethling et al. (2006 : 50) vorm die bestaande, subjektiewe regte nie 'n geslote getal nie, maar die objekte van die persoonlikheidsregte wat tans erken word is: die goeie naam; liggaamlike integriteit; eergevoel; privaatheid en identiteit. Indien die verskillende vorme van treitering asook die gevolge van treitering, wat in hierdie navorsing geïdentifiseer is, in ag geneem word, moet daar met die respondente saamgestem word dat elkeen van die erkende persoonlikheidsregte deur treitering geskend kan word. Saaklike regte van die slagoffer word deur treitering geskend in gevalle waar die boelie die slagoffer se besittings beskadig of afneem.

Teen die agtergrond van bogenoemde kan gesê word dat die boelie se gedrag as onregmatig vir doeleindes van deliktuele aanspreeklikheid aangemerk kan word indien sy treiteringgedrag saaklike regte en persoonlikheidsregte as subjektiewe regte van die slagoffer skend. Die boelie kan dus deliktueel aanspreeklik wees afhangende van die feit of hy toerekeningsvatbaar is. Toerekeningsvatbaarheid is bespreek in afdeling 3.4.3.

- Treitering en die verbreking van ‘n regsplig

Onregmatigheid binne die konteks van treitering kan ook bepaal word deur te vra of daar volgens die regsopvattings van die gemeenskap ‘n regsplig op die dader gerus het om skade te voorkom. Daar word nie in die algemeen van mense verwag om te voorkom dat iemand skade opdoen nie. ‘n Persoon is dus nie normaalweg aanspreeklik wanneer hy weens ‘n late (*ommissio*) – sy versuim om daadwerklik op te tree om nadeel te voorkom – skade (nadeel) vir ‘n ander persoon veroorsaak nie. Aanspreeklikheid is slegs aanwesig indien die late onregmatig was en dit is net die geval as daar in die besondere geval ‘n regsplig op die dader gerus het om positief op te tree om die skade te voorkom en hy nagelaat het om die regsplig na te kom. Indien daar dus ‘n regsplig op die opvoeder gerus het en hy sonder enige regverdiging vir sy optrede die regsplig nie nagekom het nie en daar het nadeel uit sy optrede voortgekom, word hierdie versuim aan sy kant as onregmatig vir doeleindes van deliktuele aanspreeklikheid aangemerk. Of hierdie regsplig wel bestaan, word beantwoord aan die hand van die *boni mores*. Gebaseer op die *boni mores* het daar sekere faktore uitgekristalliseer wat aanduidend kan wees van die bestaan van so ‘n regsplig (Neethling et al. 2006 : 52 - 55; Botha 1990 : 25).

Die faktore wat (in die geval van leerderveiligheid) in die algemeen daarop dui dat daar ‘n regsplig op die opvoeder rus om positief op te tree en sy sorgsaamheidsplig na te kom, is reeds bespreek as deel van die regsraamwerk en wel in afdeling 3.5.2.2. Die faktore wat spesifiek betrekking het op treitering is in afdeling 4.5.3.1 geïdentifiseer. Die doel is nie om wat reeds aangebied is te herhaal nie, maar toeligting en aanvulling tot die faktore wat reeds aangebied is, is noodsaaklik. Wat betref die faktore wat in 3.5.2.2. aangebied is en wat betrekking het op leerderveiligheid in die algemeen is dit belangrik om daarop te let dat net sekere faktore betrekking het op treitering. Die volgende faktore het wel betrekking: in gevalle waar daar sekere statutêre verpligtinge op die opvoeder

rus; die besondere verhouding tussen die opvoeder en die leerder asook die opvoeder se amp of beroep. Laasgenoemde faktor is nie deur die respon-dente geïdentifiseer nie, maar het wel betrekking op treitering. Dit sluit aan by die *in loco parentis*-beginsel in die sin dat die opvoeder in terme van die feit dat hy 'n opvoeder is (sy amp of beroep), 'n sorgsaamheidsplig teenoor die leerders in sy skool het en die slagoffer moet beskerm teen treitering. Afdelings 3.5.2.2 en 4.5.3.1 moet noodwendig in samehang met mekaar gelees word. Die volgende faktore – wat deur die respondente in afdeling 4.5.3.1 geïdentifiseer is – noodsaak verdere toeligting:

- Die *boni mores* (die goeie sedes van die mens) – Die *boni mores* is die basiese onregmatigheidsnorm in ons reg. Die standpunt dat onregmatigheid geleë is in die "nie-nakoming van 'n regsplig om positief op te tree", is slegs 'n praktiese toepassing van die *boni mores*-maatstaf (sien hierbo).

  *In loco parentis*-beginsel – sien bespreking van die besondere verhouding tussen leerder en opvoeder in afdeling 4.5.3.1.

- Toepaslike wetgewing wat nie-spesifieke en spesifieke wetgewing met betrekking tot treitering insluit. Nie-spesifieke wetgewing wat skole bind om treitering te bestuur en wat deel is van die omringende omstandighede wat dui op 'n regsplig is bespreek in die regsraamwerk en in afdeling 5.3.1.1 (a). Spesifieke wetgewing wat aan skole voorskryf hoe treitering bestuur behoort te word en wat in afdeling 5.3.1.2 beskryf word, speel veral 'n groot rol in die vestiging van 'n regsplig op die opvoeder om positief op te tree teen treitering, in die sin dat dit spesifiek uitspel hoe te werk gegaan moet word ten opsigte van intervensie en voorkoming.

- Die opvoeder se dienskontrak met die staat – die opvoeder is 'n werknemer van die staat en meer spesifiek van die onderwysdepartement. Daar bestaan dus 'n diensverhouding, tussen die opvoeder en die onderwysdepartement. Die opvoeder het dus 'n dienskontrak met die staat. Dit beteken onder andere dat die onderwysdepartement verwag dat opvoeders hul pligte met redelike bekwaamheid en effektiwiteit moet verrig. Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders beskou die bekwaamheid van opvoeders as baie belangrik, spesifiek artikel 16.

'n Opvoeder kan selfs ontslaan word op grond van onbekwaamheid. Kragtens die opvoeder se dienskontrak word van die opvoeder ook verwag om sy sorgsaamheidsplig na behore uit te voer. Gevolglik beteken dit dat daar 'n regsplig op hom rus om positief op te tree teen treitering en dit te hanteer kragtens die treiteringbeleid.

- Die gedragskode van die opvoeder – die gedragskode van opvoeders ingevolge die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders is reeds hanteer as deel van die regsraamwerk (afdeling 3.3.3.2). Die gedragskode bied sekere riglyne ten opsigte van die gedrag wat van opvoeders verwag word wat onder andere insluit dat grondwetlike regte van leerders respekteer moet word. Dit beteken dat van opvoeders verwag word om op te tree teen treitering wat manifesteer as die skending van die slagoffer se regte.

Alle omringende faktore wat daarop kan dui dat 'n opvoeder 'n regsplig het om positief te handel in geval van treitering, moet oorweeg word om te bepaal of daar wel sodanige regsplig op die opvoeder rus. Neethling et al. (2006 : 69) stem hiermee saam en sê dat die bestaan van 'n regsplig in 'n bepaalde geval soms aan 'n enkele faktor, maar meer dikwels aan meerdere faktore toegeskryf kan word. Al die omstandighede van 'n bepaalde geval moet in ag geneem word om te bepaal of daar wel 'n regsplig was of nie.

In afdeling 5.3.2.2 (c) wat handel oor spesifieke treiteringbeleid of treiteringwetgewing, is aangetoon dat dit noodsaaklik is dat die ouers van die boelie in kennis gestel moet word en dat kommunikasie met die ouers van die boelie noodsaaklik is. Dit is selfs moontlik dat 'n boelie se ouers deliktueel aanspreeklik kan wees weens 'n late. Indien die ouers van die boelie bewus is van hul kind se treitering (hulle is in kennis gestel en hulle tree nie op nie), is dit moontlik dat op grond van die omstandighede van die geval of die *boni mores,* 'n regsplig op hulle gekonstrueer kan word weens die late of versuim om op te tree. Die regsplig van die ouer van die boelie is gesetel in die besondere verhouding tussen die ouer en die kind en wel in die inhoud van ouerlike gesag wat deel is van die familiereg. Volgens Van der Vyver en Joubert (1991 : 604 - 611) het ouers in terme van hul beheer oor die persoon van hul kind, 'n opvoedingsplig teenoor hul kinders. 'n Aspek van hul opvoedingsplig is die vorming van die kind se karakter wat gehoorsaamheid, eerbied vir andere asook die afleer van negatiewe en anti-sosiale gedrag en gewoontes

behels. In terme hiervan het die ouer van die boelie dus ook ‘n regsplig om op te tree indien sy kind skade (nadeel) tot die slagoffer toevoeg.

- Regverdigingsgronde

Volgens Potgieter et al. (2006 : 7) verteenwoordig ‘n regverdigingsgrond spesiale omstandighede wat daarop dui dat die dader se optrede in die betrokke omstandighede volgens die regsopvattings van die gemeenskap nie onredelik of *contra bonos mores* was nie, selfs al het die benadeelde skade gely. As daar ‘n regverdigingsgrond aanwesig is, ontbreek onregmatigheid en is daar nie sprake van ‘n delik nie. Volgens Neethling et al. (2006 : 76) is die bestaande regverdigingsgronde wat in die Suid-Afrikaanse reg uitgekristalliseer het nie *numerus clausus* nie, daar kan ook nog ander regverdigingsgronde wees wat geskik is en wat kan ontwikkel as deel van regs-ontwikkeling.

Slegs drie van die tradisionele of geykte regverdigingsgronde is by treitering betrokke naamlik provokasie, ’n noodtoestand en toestemming, en word vervolgens bespreek. Al drie het te make met die optrede van die boelie, met ander woorde om moontlike onregmatigheid by die boelie uit te skakel. Geen van die geykte tradisionele regverdigingsgronde is van toepassing op die gedrag van die opvoeder in sy rol as sorgsame toesighouer nie – dus, om moontlike onregmatigheid aan die kant van die opvoeder uit te skakel nie.

- **Provokasie** - Onregmatigheid aan die kant van die boelie kan uitgeskakel word as die slagoffer (die provokatiewe slagoffer) die boelie uitdaag of tart. Dit gebeur wel in geval van die provokatiewe slagoffer (wat slegs ‘n klein persentasie van die tipes slagoffers uitmaak) dat hy met woorde of fisiese optrede die boelie provokeer tot optrede. Volgens Potgieter et al. (2006 : 10 - 11) en Neethling et al. (2006 : 93) erken ons reg in beginsel nie provokasie as regverdigingsgrond waar die geprovokeerde (die boelie) die provokeerder (die provokatiewe slagoffer) se liggaam aantas as gevolg van bloot woordelike provokasie nie. Waar die geprovokeerde (die boelie) deur liggaamsaantasting (byvoorbeeld ‘n klap) van die provokeerder (die slagoffer) geprovokeer word, kan dit wel as regverdigingsgrond dien vir ‘n daaropvolgende teenliggaamsaantasting deur die boelie,

maar dan moet aan twee vereistes voldoen word: Eerstens moet die provokatiewe optrede van die boelie sodanig wees dat 'n reaksie deur middel van liggaamaantasting redelik is – met ander woorde sou 'n redelike persoon in die posisie van die geprovokeerde, ook soos hy gereageer het? Tweedens moet die optrede van die geprovokeerde (die boelie) 'n "immediate and reasonable retaliation" teen die liggaam van die provokeerder (die slagoffer) wees. In die geval van provokasie deur laster of belediging moet die beledigende of lasterlike provokasie van so 'n aard wees dat 'n redelike persoon, in die posisie van die geprovokeerde (die boelie), ook deur middel van soortgelyke optrede daarop sou gereageer het. Voorts moet die lasterlike of beledigende optrede (van die boelie) direk op die provokasie van die provokatiewe slagoffer volg en nie buite verhouding tot die provokasie wees nie. In die lig van bogenoemde kan gesê word dat afhangende van die feite van die situasie dit wel moontlik kan wees dat provokasie deur die provokatiewe slagoffer as regverdigingsgrond kan dien om onregmatigheid aan die kant van die boelie uit te skakel.

- **Noodtoestand** - 'n Noodtoestand kan wel by treitering as regverdigingsgrond dien om onregmatigheid uit te skakel. Feite analoog aan 'n saak soos *S v Goliath* 1972 (3) SA (1) A ( Neethling et al. 2006 : 89 – 90) kan ook in die geval van treitering op 'n noodtoestand neerkom. In genoemde saak het A onder dwang van B en uit vrees vir sy eie lewe, aan B hulp verleen by die doodslag van C. Daarna het A hom op 'n noodtoestand beroep. Na aanleiding van bogenoemde uitspraak kan gesê word dat indien A dreig om B ernstig te beseer as B sou weier om hom (A) te help om C te treiter, B hom dan op 'n noodtoestand kan beroep.

- **Toestemming** - Die passiewe (of tipiese) slagoffer is stil, skaam en bang. Die passiewe slagoffer kan homself nie verdedig nie en verkrummel onder die aanslag van die boelie. Die respondente dui aan dat hierdie tipiese onderwerping van die passiewe slagoffer nie as toestemming deur die boelie vertolk mag word nie.

Daar moet saamgestem word met die respondente dat die gedrag van die passiewe slagoffer nie dui op toestemming vir die boelie om voort te gaan met sy

treiteringgedrag nie en toestemming nie hier kwalifiseer as regverdigingsgrond om onregmatigheid aan die kant van die boelie uit te skakel nie. Die rede vir hierdie siening is geleë in die feit dat passiewe slagoffergedrag by treitering nie regsgeldige toestemming uitmaak wat treitering regverdig nie aangesien die passiewe slagoffer se onderwerping aan die treitering nie aan die vereistes vir toestemming voldoen nie. Vereistes vir regsgeldige toestemming (Neethling 2006 : 98 – 101) wat hier van toepassing is, is:

- Die reg beskou dit as teen die goeie sedes (*contra bonos mores*) dat ‘n persoon toestem tot nadeel wat met treitering gepaard gaan.

- Die toestemming moet vrylik of vrywillig gegee word. Die passiewe slagoffer word weens die ongelykheid in mag eintlik gedwing om “toe te stem”.

- Die passiewe slagoffer moet bewus wees van die risiko van die benadeling, hy moet besef wat die aard en die omvang van die benadeling sal wees en toestemming gee tot die benadeling waarvan daar geen sprake is in die boelie-slagoffer-verhouding nie.

(c) Skuld

By skuld val die fokus in ‘n groter mate op die rol van die dader. Die vraag wat gevra moet word is: Kan die dader regtens verwyt word vir sy onregmatige optrede? Die reg verwyt die dader indien hy die nadeel wat hy veroorsaak het, gewil het met die wete dat hy onregmatig optree (dit wil sê as hy opsetlik opgetree het) of as hy die nadeel deur nalatige optrede veroorsaak het. Skuld (*culpa* – in die wye sin) het dus twee verskyningsvorme: opset (*dolus*) en nalatigheid (*culpa* – in die enge sin). Skuld kan slegs aan ‘n persoon toegereken word as die persoon toerekeningsvatbaar is. Toerekeningsvatbaarheid op grond van ouderdom is in die regsraamwerk bespreek in afdeling 3.4.3. ‘n Persoon wat tydens die gewraakte handeling ontoerekeningsvatbaar was – byvoorbeeld weens jeugdigheid, geestesongesteldheid, dronkenskap of provokasie – kan nie regtens vir sy optrede verwyt word nie. Binne die konteks van treitering is veral twee rolspelers geïdentifiseer tot wie skuld toegevoeg kan word, naamlik die boelie

(opset) en die opvoeder (nalatigheid). Daar is ook uitsonderlike gevalle waar die opvoeder ook opsetlik nie optree teen treitering nie (sien afdeling 4.5.3.2) of waar die ouer van die boelie skuld toegevoeg kan word weens 'n late (sien afdeling 4.5.4). Alhoewel dit nie in die bevindinge na vore kom nie, kan nalatige optrede deur die boelie ook tot deliktuele aanspreeklikheid lei (sien 5.4.1).

Die volgende aspekte van treitering se eiesoortigheid met betrekking tot skuld, word bespreek:

- Die boelie en opset.

- Die opvoeder en opset.

- Die opvoeder en nalatigheid – hier word veral aandag gegee aan die opvoeder as redelike deskundige en die vlak van toesig in korrelasie met ouderdom.

- Die boelie en opset

In hoofstuk twee, afdeling 2.3 (treitering as fenomeen) is die volgende drie kenmerke van treitering geïdentifiseer as onontbeerlik vir gedrag om te kwalifiseer as treiteringgedrag: opsetlike en skadelike gedrag; herhalende teistering en misbruik asook misbruik van ongelykheid in mag. Treitering kan beskryf word as negatiewe optrede (handeling) deur die boelie, waar die boelie 'n slagoffer doelbewus (opsetlik) skade (nadeel) toevoeg of 'n poging daartoe aanwend. Die feit dat die boelie daarop ingestel is om doelbewus (opsetlik) skade / nadeel te veroorsaak, word ook deur die meeste navorsers as een van die belangrikste (kritieke) elemente van treitering beskou. Verskeie regsdefinisies meld ook pertinent dat die skade opsetlik veroorsaak moet word voordat die optrede as treitering kan kwalifiseer (Ferrell-Smith 2004 : 4 - 5). Lawson (1994 : 9) beskou treiteringgedrag as opsetlike gedrag, maar sê dat daar uitsonderings is, spesifiek waar baie jong kinders betrokke is, waar die "boelie" se gedrag nie doelbewus (opsetlik) gerig is om die slagoffer skade aan te doen nie. Hierdie jong kind het dikwels geen begrip dat hul tergery of koggeling ernstige skade met betrekking tot die slagoffer kan veroorsaak nie. Alhoewel hierdie handeling van die "boelie" dus nie as opsetlik beskryf kan word nie en dus nie treitering in die ware gedaante is nie, word dit wel deur die slagoffer as treitering

ervaar. Hier moet in elk geval in ag geneem word dat jong kinders onder 7 jaar (*infans*) nie toerekeningsvatbaar is nie en skuld nie aan hulle toegereken kan word nie. Selfs boelies wat reeds sewe is, maar nog nie hul veertiende jaar voltooi het nie (*impubes*) word weerlegbaar vermoed ontoerekeningsvatbaar te wees. Daar moet dus in ‘n gegewe geval bewys word dat hy wel tussen reg en verkeerd kan onderskei. Skuld kan dus wel vir doeleindes van deliktuele aanspreeklikheid by die boelie aangemerk word indien hy toerekeningsvatbaar is. Die slagoffer of die ouer van die slagoffer, kan dus die toerekeningsvatbare boelie deliktueel aanspreeklik hou, mits sy opsetlike treiteringgedrag wel skade of nadeel vir die slagoffer veroorsaak het.

Opset aan die kant van die boelie is bedoel om skade vir die slagoffer te berokken. Sy oogmerk is om die slagoffer skade toe te voeg. Hy rig met ander woorde sy wil op die teweegbring van ‘n bepaalde gevolg en hy weet dit is verkeerd en onregmatig – dit is die eenvoudige toets vir opset. Die opset aan die kant van die boelie kan geklassifiseer word as oogmerkopset (*dolus directus*). Neethling et al. (2006 : 120) definieer *dolus directus* as: “Hierdie vorm van opset kom voor waar die dader die intrede van ‘n sekere gevolg beoog. Dit maak nie verskil of die dader seker is dat die beoogde gevolg sal intree en of dit vir hom net waarskynlik of moontlik lyk nie.”

- Die opvoeder en opset

Die respondente verskil in hul siening of opset as skuldvorm wel aanwesig kan wees in die optrede van die opvoeder met betrekking tot treitering, in die sin dat die spesifieke opvoeder opsetlik nie optree teenoor treitering wat hy aanskou nie. Die verskillende sienings van die respondente kan as volg opgesom word:

- Daar kan wel opsetlike optrede by ‘n opvoeder, onder wie se toesig treitering plaasvind, wees.

- Die opvoeder kan slegs opsetlik optree as hy kwalifiseer as mededader.

- Gemeenskaplike oogmerk is in so ‘n situasie ter sprake. (Mededaderskap en gemeenskaplike oogmerk het geen verband met opset as skuldvorm nie en word later as deel van die strafreg hanteer).

- Growwe nalatigheid is hier ter sprake. (Growwe nalatigheid word hierna as deel van nalatigheid as skuldvorm hanteer).

In 'n scenario waar 'n opvoeder self ook treiteringneigings het, of waar die opvoeder 'n perverse behae put uit die treitering, of waar hy nie van die slagoffer hou nie en hy as gevolg daarvan nie optree nie, is opset aanwesig. Hy het met ander woorde sy wil daarop gerig, dat weens sy eie beweegredes (motivering) die boelie moet voortgaan met die treitering alhoewel hy geweet het dit onregmatig is. Hy het die intrede van 'n gevolg van sy handeling (die versuim om op te tree) as moontlikheid voorsien en hom met die moontlikheid versoen, dus desondanks die handeling verrig wat die betrokke gevolg veroorsaak, naamlik die skade of nadeel aan die kant van die slagoffer. Hierdie tipe opset kan beskou word as opset by moontlikheidsbewussyn (*dolus eventualis*) (Neethling et al. 2006 : 121).

- Die opvoeder en nalatigheid

Nalatigheid is die skuldvorm wat die meeste ter sprake is by deliktuele aanspreeklikheid ten opsigte van opvoeders en skole in Suid-Afrika. In feitlik alle gevalle waar deliktuele aanspreeklikheid, met nalatigheid as skuldvorm, voor die howe gedien het, was dit te wyte aan fisiese beserings wat opgedoen is tydens kinderspel op die koshuisterrein, skoolterrein, tydens busvervoer of motorvervoer, tydens sportaktiwiteite of as gevolg van onveilige toestande op die skoolterrein, en by uitsondering waar 'n leerder 'n ander leerder met opset beseer soos dit in die geval van treitering kan gebeur. Die skade het dus gehandel oor toesig oor leerders, met die oog op leerderveiligheid, en daar beweerde nalatigheid aan die kant van die opvoeder was wat nie sy toesighoudende funksie na behore uitgevoer het nie.

Daar word nie in hierdie studie onderskei tussen gewone nalatigheid en growwe nalatigheid nie. Volgens Neethling et al. (2006 : 127) maak dit ten opsigte van Aquiliese aanspreeklikheid geen verskil of die verweerder gering of grof nalatig opgetree het nie. Ten opsigte van *iniuria* is growwe nalatigheid van toepassing by kwaadwillige vervolging wat nie hier van toepassing is nie. In die lig hiervan blyk dit dat growwe nalatigheid *per se* nie van toepassing is by nalatigheid van opvoeders nie (Sien ook bespreking van Aquiliese aanspreeklikheid en *iniuria* in afdeling 5.4.2.1(e)).

Daar bestaan 'n baie noue verband tussen nalatigheid en die standaard van toesig wat van die opvoeder met betrekking tot die veiligheid van leerders verwag word. Die opvoeder se plig om sorgsame toesig uit te oefen, is geleë in die *in loco parentis*-beginsel alhoewel die sorgsaamheidsplig teenswoordig ook gerig word deur grondwetlike beginsels en wetgewing. Die maatstaf wat ons reg aanvaar om te bepaal of 'n persoon (opvoeder) nalatig opgetree het, is die objektiewe standaard van die redelike persoon. Wanneer nalatigheid dus aan die kant van die skool of opvoeder ter sprake is in die uitvoering van sy sorgsaamheidsplig, sal die standaard van die redelike persoon aangewend word om te bepaal of nalatigheid wel ter sprake is. Die standaard van sorg wat van die skool (opvoeder) verlang word – ook wat betref sy toesighoudende funksie met betrekking tot treitering – is dus die standaard van die redelike persoon, eintlik die redelike opvoeder, aangesien opvoeders as deskundiges beskou word. Indien die opvoeder dus nie sy sorgsaamheidsplig ten opsigte van treitering na behore uitvoer nie en hy onsorgsaam, onsorgvuldig en onversigtig optree, kan hy vir nalatigheid vir doeleindes van deliktuele aanspreeklikheid aangespreek word. Al hierdie aspekte asook die toets vir nalatigheid word volledig bespreek in afdeling 3.5.2.3. Die kern daarvan is hierbo uitgelig. Soos ook blyk uit afdeling 4.5.3.3, is die howe se standaard ten opsigte van die opvoeder as redelike deskundige asook die standaard met betrekking tot toesig en ouderdom van leerders reeds vasgelê. Wat treitering betref, word aanbeveel dat hierdie reeds gevestigde standaarde nie altyd rigied toegepas kan word nie en word hierna bespreek.

- Die opvoeder as redelike deskundige en treitering

Die respondente verskil ten opsigte van die standaard wat van die opvoeder as redelike deskundige, met betrekking tot treitering in Suid-Afrika, verwag behoort te word. Die respondente se menings wissel van 'n siening dat die standaard vir die opvoeder as redelike deskundige reeds vasgestel is en ook in alle gevalle van treitering sal geld, tot 'n siening dat as gevolg van die onkunde in Suid-Afrika ten opsigte van treitering en gevalle van subtiele treitering (wat moeilik waarneembaar is) die "redelike-deskundige"-nalatigheidskriterium nie die maatstaf kan wees in alle gevalle van treitering nie (Die menings van die verskillende respondente word volledig aangebied in 4.5.3.3).

Indien daar 'n saak van beweerde deliktuele aanspreeklikheid met nalatigheid as skuldvorm, met betrekking tot treitering ten opsigte van 'n opvoeder deur 'n Suid-Afrikaanse hof bereg moet word, is die volgende aspekte ter sprake:

- Sommige vorme van treitering is baie subtiel en is baie moeilik waarneembaar, veral psigologiese vorme en waar van die elektroniese media gebruik gemaak word. Ander vorme van treitering soos fisiese vorme is makliker waarneembaar. Die hof behoort die nodige kennis en insig te openbaar (byvoorbeeld deur van spesialis-getuienis gebruik te maak) en 'n meer konserwatiewe benadering te volg wat betref die maatstaf wat aangelê word vir die opvoeder as redelike deskundige indien die feite van die spesifieke geval toon dat dit geregverdig is, soos in die geval van subtiele vorme van treitering.

- Kennis van treitering in Suid-Afrika is karig, byna geen navorsing oor treitering is in Suid-Afrika gedoen nie, opvoeders is nie opgelei ten opsigte van die fenomeen en die betrokke regsimplikasies nie. Geen verpligte treiteringbeleide bestaan in skole nie en ook geen wetgewing wat voorkoming en intervensie in skole afdwing nie. As gevolg van dié situasie is die houding ten opsigte van treitering by sommige skole en by sommige opvoeders nog ongeërg. Die erns waarmee die fenomeen as gevolg van die skade wat dit tot gevolg het, bejeën moet word, bestaan nie. Opvoeders kan, as bogenoemde situasie in ag geneem word, nie as spesialiste beskou word wat betref hul sorgsaamheidsplig en treitering nie en dit sal deur howe in ag geneem moet word.

- Die ouderdom van die leerders wat onderwerp word aan treitering

Suid-Afrikaanse regspraak spel dit uit dat van ouer leerders verwag kan word om hulself te beskerm teen gevare waarteen hulle gewaarsku is, maar in geval van baie jong kinders kan dit as gevolg van hul ontwikkelingsvlak nie verwag word nie. Die standaard van toesig by jonger leerders moet dus veel hoër wees. Dat die standaard van toesig by jonger kinders hoog moet wees, ook wat betref treitering, is onontbeerlik, maar wat treitering betref, geld die siening van howe dat toesig by ouer leerders nie so intensief hoef te wees nie (met betrekking tot leerderveiligheid in die algemeen) nie ten opsigte van treitering nie. Die meeste treitering vind plaas in die ouderdomsgroep vanaf 8 jaar

tot 13 jaar. Dit neem wel af vanaf 13 tot 16 jaar met ongeveer 50% wat nog relatief hoog is. Die skade wat die ouer slagoffer toegevoeg kan word, is net so ernstig of selfs ernstiger (die ouer boelie se optrede mag feller en ernstiger wees) as in geval van jonger slagoffers. Die afname kan ook beïnvloed word deur die feit dat boelies neig om voort te gaan met hul negatiewe optrede soos hul ouer word, maar minder slagoffers word geteiken. Die standaard van toesig (wat treitering betref) moet dus op ‘n hoë vlak wees ongeag ouderdom (Sien ook die volledige motivering hieroor in afdeling 4.5.3.3).

(d) Kousaliteit en die eierskedelreël (*talem qualem*-reël)

Soos dit ook in die regsraamwerk (afdeling 3.5.2.4(d) ) verduidelik is, moet daar bewys word dat die skade of nadeel wat aan die eiser toegevoeg is, die gevolg moet wees van die optrede of nie-optrede van die persoon wat aanspreeklik gehou is. In die geval van treitering is dit die slagoffer wat skade toegevoeg word. Daar moet dus bewys word dat die skade wat die slagoffer toegevoeg word, die gevolg is van die handeling van die persoon (boelie of opvoeder) wat daarvoor deliktueel aanspreeklik gehou word.

Daar kan gevalle wees waar die slagoffer van treitering alreeds vóór die treitering plaasgevind het oor ‘n fisiese of psigiese swakheid beskik het. As gevolg van hierdie fisiese of psigiese swakheid, is die benadeling deur die treitering ernstiger (die skade is ernstiger) as wat dit die geval sou gewees het indien die slagoffer nié oor die bepaalde swakheid beskik het nie. Die vraag is hier: moet die boelie en die opvoeder wat deliktueel aanspreeklik gehou kan word, ook aanspreeklik wees vir die benadeling wat aan die betrokke swakheid toegeskryf kan word?

Alhoewel daar meningsverskil hieroor bestaan, is die aanvaarbaarste benadering volgens Neethling et al. (2006 : 201) dié wat in *Smit v Abrahams* 1994 (4) SA 1(A) gevolg is. In dié hofsaak het appèlregter Botha die feit dat die eiser ‘n “eierskedelgeval” is as gevolg verduidelik:

> [Dit is] maar net nog ‘n feit wat tesame met al die ander feite van elke besondere saak in oorweging geneem moet word by die toepassing van die “oorheersende elastiese maatstaf” waarvolgens [op grond van redelikheid, billikheid en reg-

verdigheid] bepaal word of die betrokke skade die verweerder toegereken behoort te word.

Volgens Neethling et al. (2006 : 200 - 201) is die meeste regsgeleerdes dit eens dat die dader in so 'n geval aanspreeklik moet wees, ook vir die benadeling wat aan die betrokke swakheid toegeskryf kan word.

Die profiel van die tipiese (passiewe) slagoffer is 'n kind wat angstig is, min selfvertroue het en 'n swak selfbeeld het. In terme van die *talem qualem*-reël is die dader dus ook aanspreeklik vir die benadeling wat aan die aanwesigheid van genoemde en ander swakhede van die klassieke slagoffer toegeskryf kan word – hierdie beginsel word in die spreuk "you must take your victim as you find him" weerspieël en word die *talem qualem*- reël genoem.

Dit word aanbeveel dat 'n goeie balans gehandhaaf moet word in 'n uitspraak oor hierdie aangeleentheid en dat genoemde regspraak (*Smit v Abrahams* 1994 (4) SA 1 (A)), wat bepaal dat die eierskedelgeval saam met al die ander feite in ag geneem moet word om 'n beslissing te kan maak, as kriterium gebruik word.

(e) Skade

Die vier hoofkategorieë van skade (as gevolg van treitering) wat in hierdie studie geïdentifiseer is, is: fisiese skade; psigologiese skade; opvoedkundige skade en sosiale skade. In die deliktereg word basies tussen twee soorte skade onderskei: vermoënskade of finansiële skade en nie-vermoënskade of persoonlikheidsnadeel, dit wil sê skade wat verband hou met die mens se persoonlikheid. Die twee begrippe is in die regsraamwerk, afdeling 3.5.2.5 bespreek. Volgens die bevindinge word fisiese skade en psigologiese skade *per se* deur die deliktereg gedek en kan die benadeelde (slagoffer van treitering) in terme van vermoënskade en persoonlikheidsnadeel vergoeding eis.

Daar is basies drie delikaksies (sien regsraamwerk afdeling 3.5.2.5) waarmee vergoeding geeïs kan word vir skade wat die benadeelde gely het, naamlik: die *actio legis Aquiliae* waarmee vermoënskade verhaal word; persoonlikheidsnadeel wat verband hou met die benadeling van die liggaam (die aksie weens pyn en lyding); die *actio iniuriarum*

waarmee genoegdoening weens persoonlikheidskrenking verhaal kan word. In hierdie afdeling word eerstens gefokus op die funksionering van genoemde drie delikaksies vir die verhaling van fisiese skade en psigologiese skade as gevolg van treitering en tweedens op die hantering van opvoedkundige skade en sosiale skade wat nie deur die deliktereg *per se* gedek word nie.

- Die *actio legis Aquiliae*

Vermoënskade word met die *actio legis Aquiliae* (die Aquiliese aksie) verhaal. Uit die bespreking van fisiese treitering in afdeling 2.4.1, het die volgende twee aspekte duidelik na vore gekom: die slagoffer se eiendom word soms deur die boelie afgeneem of beskadig; as gevolg van die fisiese treitering wat ook voorkom tydens seksuele treitering en rasgedrewe treitering kan slagoffers beseer word wat strek van minder ernstige tot ernstige beserings en wat onder andere kan insluit: aanranding; manslag; moord of seksuele aanranding.

Treitering lei nie slegs tot fisiese beserings nie, maar ook tot psigologiese beserings. Psigologiese (emosionele) gevolge (skade) as gevolg van treitering, kan moontlik uitgesonder word as die ernstigste skade wat deur treitering veroorsaak word aangesien dit ernstige permanente letsels kan laat wat die slagoffer sy hele lewe bybly en kan beïnvloed. Voorbeelde van ernstige psigologiese skade wat deur treitering veroorsaak kan word is: lae selfbeeld; hoë vlakke van angs; depressie; selfmoordgedagtes; ‘n swak geheue; post traumatiese stressindroom; diepgewortelde weerwraakgevoelens en stres wat die algemene gesondheid van die slagoffer kan benadeel.

In aansluiting by bogenoemde fisiese beserings en psigologiese beserings wat deur treitering veroorsaak kan word, is dit belangrik om te beklemtoon dat die *actio legis Aquiliae* nie ingestel word weens die veroorsaking en bestaan van beserings nie, maar slegs indien die betrokke beserings vermoënskade (sien hierna) meebring.

In terme van die *actio legis Aquiliae* kan skadevergoedingseise ingestel word deur die slagoffer (met bystand van sy ouers) teen die delikpleger (die boelie of opvoeder) vir : die beskadiging of afneem van eiendom; vir mediese uitgawes ten opsigte van fisiese en psigiese beserings asook vir toekomstige mediese uitgawes; vir verlies aan inkomste en

verdienvermoë – indien die slagoffer 'n vaste inkomste verdien, sal skadevergoeding verhaal kan word vir verlies aan inkomste. Indien die slagoffer as gevolg van die fisiese of psigiese beserings sy vermoë verloor om in die toekoms ooreenkomstig sy potensiaal te verdien sal skadevergoeding vir toekomstige inkomste of verdienvermoë verhaal kan word. Skadevergoeding kan geëis word in gevalle van nalatigheid (opvoeders) en opset (die boelie, maar moontlik ook die opvoeder).

- Persoonlikheidsnadeel wat verband hou met benadeling van die liggaam

'n Slagoffer van treitering kan kompensasie eis vir verskillende vorme van persoonlikheidsnadeel wat verband hou met benadeling van die liggaam (liggaamlike krenking). Daar kan vir hierdie tipe skade geëis word selfs waar die dader net nalatig opgetree het. Opset is nie 'n vereiste nie. In terme van hierdie regsmiddel sal 'n eis vir kompensasie teen die boelie ingestel kan word wat opsetlik persoonlikheidsnadeel vir die slagoffer berokken het en ook teen die opvoeder indien nalatigheid aanwesig was, of selfs weens opsetlikheid (afhangende van die omstandighede).

Die persoonlikheidsnadeel waarvoor hier geëis kan word, hang af van die tipe liggaamsbenadeling wat die gevolg is van treitering en hou verband met die fisiese-psigiese belange van die slagoffer. In terme van Neethling et al. (2006 : 234 - 235; 278) en Potgieter et al. (2006 : 20) kan daar vir die volgende vorme van persoonlikheidsnadeel, wat verband hou met die benadeling van die liggaam, geëis word (die fisies-psigiese):

- **Pyn en lyding** - pyn, liggaamlike en geestelike lyding en ongerief weens 'n liggaamlike besering, emosionele skok, of selfs die behandeling wat daarop volg.

- **Psigiatriese besering of letsel** - dit moet 'n herkenbare psigiatriese letsel wees wat deur deskundige getuienis bewys moet word.

- **Misvorming** - ontsiering van die eiser se liggaam, insluitend die verlies van 'n ledemaat, mankheid en vertrekkings.

- **Verlies van lewensgenietinge** - dit sluit in die verlies van die vermoë om aan sport deel te neem, verlies van seksuele vermoë, verlies van gesondheid,

persoonlikheidsverandering, verlies van verstandelike funksies, slapeloosheid ensovoorts .

- **Verkorte lewensverwagting** - verkorting van die normale lewensverwagting meegebring deur beserings.

As daar na die gevolge (skade, nadeel) van treitering in die geheel gekyk word, is dit duidelik dat die vorme van persoonlikheidsnadeel hierbo gelys, ook vorme van nadeel is wat deur treitering veroorsaak kan word en waarvoor die slagoffer kompensasie kan eis. Skade (nadeel) wat deur treitering veroorsaak word en wat kan lei tot persoon-likheidsnadeel wat verband hou met benadeling van die liggaam (fisies-psigiese) kan as volg saamgevat word:

- Treitering kan in uitsonderlike gevalle manifesteer as ernstige fisiese aanranding wat ernstige fisiese beserings tot gevolg het en wat hospitalisasie tot gevolg het Treitering kan selfs lei tot liggaamskending, byvoorbeeld skending van die gesig.

- Psigologiese nadeel (psigiatriese letsel) spruit voort uit emosionele skok. (Sien verwysing na *Barnard v Santam BPK* 1999 (1) SA 202 (HHA) in afdeling 5.4.2.2 waar aangedui word dat psigologiese nadeel nie net deur emosionele skok veroorsaak word nie). Die gevolge van emosionele skok word gewoonlik met pyn en lyding geassosieer, maar kan ook nadeel veroorsaak soos wat geïdentifiseer is in die afdeling oor psigologiese gevolge (2.8.1.2) en opvoedkundige gevolge (2.8.1.4) byvoorbeeld: slapeloosheid; angsneurose; depressie; stres wat die algemene gesondheid van die slagoffer benadeel; post-traumatiese stressin-droom; skoolfobie; selfmoordgedagtes; verlies van verstandelike funksies soos vergeetagtigheid; swak konsentrasie; ‘n geheue wat afwisselend funksioneer; persoonlikheidsverandering; asook ander geestelike of fisiese siektetoestande waarvoor kompensasie toegeken kan word. Dit is belangrik om aan te toon dat dit soms moeilik is om psigologiese skade te bewys. Deskundige getuienis is hier baie belangrik.

Soos reeds gemeld, kan fisiese skade en psigologiese skade as gevolg van treitering wel deur die deliktereg gedek word. Dit is duidelik uit die bespreking van die *actio legis*

*Aquiliae* en persoonlikheidsnadeel, wat verband hou met die benadeling van die liggaam (aksie vir pyn en lyding), dat dit wel die geval is en dat genoemde twee aksies die fisiese skade en psigologiese skade direk aanspreek. Ook die *actio iniuriarum* (sien hierna) maak voorsiening vir skade wat kan voortvloei uit treitering wat nie altyd rigied onder psigologiese of fisiese skade (nadeel) gekategoriseer kan word nie, soos aantasting van liggaamlike vryheid, laster, eerkrenking en skending van die slagoffer se privaatheid. Aantasting van fisiese integriteit wat ook deur die *actio iniuriarum* hanteer kan word, is weer gelyklopend met fisiese skade.

- Die *actio iniuriarum*

Met die *actio iniuriarum* word genoegdoening geëis vir persoonlikheidsnadeel wat opsetlik veroorsaak is. Dit gaan om die psigiese bevrediging van die eiser deurdat die verweerder ‘n geldbedrag as *solatium* (troosgeld) aan hom moet betaal vir die krenking van sy persoonlikheid. In terme van die *actio iniuriarum* sal ‘n eis teen die boelie ingestel kan word wat met opset persoonlikheidsnadeel vir die slagoffer veroorsaak het. In gevalle waar daar opset aan die kant van die opvoeder was, in die sin dat hy niks gedoen het nie omdat hy die treitering goedgekeur het (wou gehad het dat dit moes plaasvind) kan sekerlik ook afhangende van die spesifieke situasie ‘n eis in terme van die *actio iniurarum* ingestel word. Die volgende is voorbeelde van persoonlikheidsnadeel wat deur treitering veroorsaak kan word en waar genoegdoening geëis kan word:

- **Aantasting van die liggaam** (fisiese integriteit): Fisiese treitering, seksuele treitering en rasgedrewe treitering (gegrond op die feit hoe hierdie tipes treitering manifesteer) kan ernstig inbreuk maak op die fisiese integriteit van die slagoffer. Die volgende is slegs ‘n paar voorbeelde om die aantasting van die fisiese integriteit deur treitering te illustreer soos aanranding, skop, wurg, manslag, moord, seksuele aanranding, betasting van die slagoffer se privaat-dele.

- **Aantasting van die reg op liggaamlike vryheid**: Die slagoffer se bewegingsvryheid word soms in ‘n mate deur die optrede van die boelie ingeperk, byvoorbeeld: die slagoffer ontwikkel ‘n skoolfobie en wil nie skool toe gaan nie; uit vrees vir die boelie is hy bang om skool toe te stap, fiets te

ry, van die taxi of busvervoer gebruik te maak en sy ouers moet hom gaan aflaai; hy onttrek hom van die speelgrond en neem nie meer deel aan kinderspel nie en vermy areas waar boelies toeslaan soos toilette en die sluitkaskamer ("locker room").

- **Laster**: Laster is die krenking van die slagoffer se goeie naam byvoorbeeld deur die publikasie van bewerings wat die slagoffer se aansien in die samelewing laat daal. Die volgende is voorbeelde waar treitering kan manifesteer as laster: smerige en gemene gerugte te begin en te versprei; verspreiding van leuens oor die slagoffer; ernstige en negatiewe skinder; belediging van familielede; smerige briewe ten opsigte van die slagoffer skryf; die verspreiding van skadelike en nadelige voorstellings en boodskappe ten opsigte van die slagoffer oor die internet of met selfone.

- **Onregmatige privaatheidsskending**: Soos reeds in 5.2.2.1(b) aangedui, moet daar onderskeid gemaak word tussen die skending van die reg op privaatheid (grondwetlike regskending) en privaatregtelike (delikteregtelike) privaatheidskending. Die skending van die reg op privaatheid (grondwetlike regskending) is bespreek onder 5.2.2.1(b) en daar is gefokus op die intieme persoonlike ruimte van die slagoffer wat deur die boelie ingedring word of waar die boelie die slagoffer se persoonlike besittings afneem. 'n Grondwetlike remedie is volgens Neethling et al. (2006 : 21) – selfs in die vorm van skadevergoeding – gerig op die bevestiging, afdwing, beskerming en die vindikasie van fundamentele regte, asook op die voorkoming of afskrikking van toekomstige skendings. Volgens Neethling et al. (2006 : 342 - 344) word die reg op privaatheid (in privaatregtelike sin) as selfstandige persoonlikheidsreg erken wat binne die *dignitas*-begrip val. Neethling et al. (2006 : 342 - 344) noem die volgende voorbeelde van onregmatige privaatheidskending wat moontlik van toepassing kan wees ten opsigte van treitering naamlik: voortdurende agtervolging van 'n persoon; afloerdery van 'n persoon in privaatvertrekke; die openbaarmaking van private feite wat deur 'n onregmatige indringingshandeling bekom is. Dit gaan dus hier oor die onregmatige aantasting van die persoon (slagoffer) se *dignitas.* Die slagoffer

kan genoegdoening eis in terme van die *actio iniurarium* op grond van die aantasting van sy *dignitas.*

- **Eerkrenking**: Eerkrenking (in 'n privaatregtelike sin) moet nie verwar word met die reg op menswaardigheid in 'n grondwetlike sin nie. Die reg op eer word ook as 'n selfstandige persoonlikheidsreg binne die *dignitas*-begrip erken. Krenking van die persoon se eergevoel is die belediging van die persoon. Maniere waarop die persoon beledig kan word is legio, byvoorbeeld vernederende woorde of bespottende of minagtende gedrag. (Neethling et al. 2006 : 340 - 341). Voorbeelde van treiteringgedrag, waar die slagoffer beledig kan word, is: op die slagoffer urineer; sy kop in 'n toiletbak druk; skadelike of kwetsende byname gee; belediging; vernederende gerugte ten opsigte van die slagoffer versprei en vele ande maniere. Volgens Neethling et al. (2006 : 340 - 341) is die publikasie van die beledigende optrede aan derdes – soos in die geval van laster – onnodig om 'n *iniuria* daar te stel. Publikasie aan die eiser of slagoffer is voldoende. Dit gaan hier ook oor die onregmatige aantasting van die slagoffer se *dignitas* en die slagoffer kan dus genoegdoening eis.

- Deliktuele remedies vir opvoedkundige skade en sosiale skade

Dit behoort duidelik te wees uit die bespreking van die drie delikaksies (die *actio legis Aquiliae*, die *actio iniuriarum* en die aksie weens pyn en lyding) hierbo dat die Suid-Afrikaanse deliktereg nie voorsiening maak vir opvoedkundige skade *per se* en sosiale skade *per se* nie. In die bevindinge word aanbeveel dat opvoedkundige skade sover moontlik onder vermoënskade en nie-vermoënskade hanteer moet word. Daar word aanbeveel dat sosiale skade op dieselfde manier hanteer word. Hierdie benadering ten opsigte van opvoedkundige skade en sosiale skade kan as volg verduidelik word:

In die lig van die feit dat die deliktereg nie spesifiek voorsiening maak vir opvoed-kundige skade nie, is die weg wat gevolg behoort te word, indien 'n eis vir deliktuele opvoedkundige skade wel ingestel word, dat opvoedkundige skade hanteer word binne die definisies van die deliktereg – met ander woorde dat die skade wat die slagoffer ly binne die oorkoepelende begrip "opvoedkundige skade" hanteer moet word – binne die

drie delikaksies soos hierbo bespreek, afhangende van waar die spesifieke nadeel inpas. Spesifieke nadeel (skade) wat binne die oorkoepelende begrip "opvoedkundige skade" geïdentifiseer kan word is: die slagoffer moet langer op skool bly, hy kan eers later begin verdien, hy moet dus meer skoolgeld betaal, hy moet 'n mindere loopbaan volg. Al bogenoemde voorbeelde kan as finansiële nadeel beskou word en skade-vergoeding kan onder die *actio legis Aquiliae* geëis word. Indien bewys kan word dat die opvoedkundige skade se uitwerking aanleiding kon gegee het tot byvoorbeeld eerkrenking of 'n psigiese letsel, kan dit onderskeidelik onder die *actio iniuriarum* of die aksie weens pyn en lyding hanteer word deur onderskeidelik genoeg-doening of kompensasie te eis. Indien psigologiese terapie nodig is, sal die kostes daarvoor weer onder die *actio legis Aquiliae* geëis word. Opvoedkundige remedies moet nie in geval van opvoedkundige skade uit die oog verloor word nie. 'n Slagoffer wat opvoedkundige skade gely het, behoort ekstra skolastiese en remediërende hulp van die skool te kry. Dit kan selfs oorweeg word om die boelie en die slagoffer te skei as hulle in dieselfde klas is. Daar word aanbeveel dat die boelie geskuif word en nie die slagoffer nie.

In terme van artikel 8(3) van die Grondwet moet die gemenereg (die deliktereg) ontwikkel word, indien dit nie gevolg gee aan die skending van 'n reg nie. Wat litigasie ten opsigte van treitering betref, is die Suid-Afrikaanse reg nog in sy babastadium. Baie ontwikkeling op die gebied lê nog voor. Die vraag kan in hierdie stadium slegs gevra word of ons die punt sal bereik waar die gemenereg (deliktereg) só sal ontwikkel dat dit spesifiek ook vir opvoedkundige skade sal voorsiening maak.

Skade binne die oorkoepelende begrip "sosiale skade" behoort op dieselfde manier as opvoedkundige skade hierbo hanteer te word. Wanneer 'n slagoffer sosiaal uitgesluit word, is die doel van die boelie om die slagoffer gemarginaliseerd, sosiaal geïsoleerd en minderwaardig te laat voel. Dit kan daartoe lei dat die slagoffer hom onttrek, verstote of verwerp voel, vervreemd word en 'n weersin ontwikkel in die sosiale omgewing. Indien bewys kan word dat hierdie sosiale uitsluiting en die gevolge wat daarmee gepaard gaan byvoorbeeld 'n psigiese letsel tot gevolg gehad het, dit die slagoffer se eer gekrenk het of dat die slagoffer terapie of hospitalisasie moes ontvang het as gevolg van die nadeel kan kompensasie, genoegdoening of skadevergoeding geëis word, in terme van onderskeidelik die aksie vir pyn en leiding, die *actio iniuriarum* en die *actio legis Aquiliae*.

5.4.2.2 Regspraak ten opsigte van fisiese en psigologiese skade

Uit die bespreking van die *actio legis Aquiliae* en die aksie weens pyn en lyding, blyk dit dat twee van die hoofkategorieë van nadeel (skade) wat deur treitering veroorsaak kan word, naamlik fisiese skade en psigologiese skade *per se* deur genoemde twee aksies gedek word. Die volgende regspraak wat betrekking het op fisiese en psigologiese skade, word in hierdie afdeling aangebied:

- *Shelby v Board of Education of Le Roy Cent. School District*, 2002, WL 31247602 (Zirkel 2003 : 90, 91). Gedurende Mei 1995 het Crystal, 'n Amerikaanse hoërskoolleerling, 'n dreigement van drie dogters wat 'n geskiedenis van dissiplinêre probleme het, ontvang. Hulle het haar gedreig met aanranding die volgende dag. Crystal het die adjunk-hoof die oggend van die voorval, voor skool, ingelig ten opsigte van die dreigement, maar hy het dit afgemaak as maar net 'n "gepratery" en gesê dat Crystal na haar klaskamer moet gaan. Op pad na haar klaskamer het Crystal by die sluitkas aangedoen waar die drie dogters haar aangerand het. Hulle het haar met die vuis geslaan en geskop, haar kop teen die muur gekap en met die slot van die sluitkas geslaan. Sy was ernstig beseer en is na die noodeenheid van die hospitaal geneem waar sy behandel is. Die drie dogters is strafregtelik vervolg in die kinderstrafhof. Die volgende twee jaar het Crystal simptome van hoofpyn, duiseligheid, stywe nek, vergeetagtigheid en swak sig ondervind. Breinskade is gediagnoseer en ses breinoperasies het gevolg. Na die operasies het Crystal geheueprobleme en leerprobleme ondervind. Crystal se ouers het die skool gedagvaar vir nalatigheid omdat die adjunkhoof nie opgetree het toe Crystal hom van die dreigemente ingelig het nie en omdat daar nie toesig was in die sluitkaskamer waar Crystal aangerand is nie. Daar is ook aangedui dat die skool se veiligheidsbeleid aantoon dat die sluitkaskamer gemoniteer moes word. In die hof het die neurochirurg getuig dat die simptome die gevolg was van die aanranding. Die arbeidsterapeut wat Crystal behandel het, het getuig dat Crystal, wat 'n baie intelligente dogter is en voor die voorval akademies presteer het, slegs 'n laevlakwerk sou kon doen as gevolg van die breinbesering. Die hof het bevind dat die skool nalatig was en die onderwysdepartement moes 11.2 miljoen dollar aan Crystal betaal.

- Dit blyk baie duidelik uit die navorsing dat psigologiese skade (emosionele skade) moontlik beskou kan word as die ernstigste skade wat die gevolg kan wees van treitering aangesien dit permanente psigiese letsels laat en kan lei tot selfmoord van die slagoffer of weerwraak waar die slagoffer die boelies of onskuldige leerders of opvoeders vermoor. Opvoeders, skole en onderwysdepartemente is bedag op deliktuele aanspreeklikheid wat spruit uit fisiese beserings, maar moet ook bedag wees op deliktuele aanspreeklikheid wat kan spruit uit psigologiese beserings (skade) wat veral die gevolg kan wees van subtiele treitering, wat deesdae toeneem en waar boelies gebruik maak van selfone en die e-pos. Die volgende regspraak is spesifiek van toepassing op psigologiese skade: Dylan Themo (18 jaar) het 700 000 dollar geëis van Tonganoxie-skooldistrik, in die VSA, weens die feit dat hy nie beskerm is teen verbale seksuele treitering nie, alhoewel distriksamptenare bewus was daarvan. Die verbale seksuele treitering het vir vyf jaar voortgegaan en Dylan het die skool telkemale ingelig. Dylan se ouers het elke insident aangeteken asook die besprekings met skoolpersoneel. Sy pa het ook sommige van die samesprekings op band opgeneem. Dylan het ook skoolfobie ontwikkel en het sy ouers soms gesmeek om nie skool toe te gaan nie. Die seksuele treitering het emosionele (psigologiese) letsels veroorsaak en hy moes psigiatriese behandeling kry wat onbepaald voortgesit moes word. Alhoewel die skool aangedui het dat hulle probeer het om die treitering stop te sit, het die hof bevind dat hulle nalatig opgetree het en 250 000 dollar is aan Dylan toegeken as gevolg van die emosionele skade en vir toekomstige mediese onkoste (Trowbridge 2005 : 1, 2).

- Psigologiese skade kan op verskillende wyses opgedoen word, byvoorbeeld deur emosionele of senuskok of deur vreeswekking of ander geestelike lyding (Neethling <u>et al</u>. 2006 : 278). Psigologiese skade weens treitering is die gevolg van onder andere vreeswekking, vernedering, uitsluiting, isolering, dreigemente, intimidering, dominering en terrorisering. In *Barnard v Santam BPK* 1999 (1) SA 202 (HHA) is bevind dat 'n psigiese letsel wat nie deur emosionele skok veroorsaak is nie ook gedingsvatbaar kan wees. In dié hofuitspraak is aangedui dat die enigste tersaaklike vraag behoort te wees of die eiser 'n herkenbare psigiese letsel opgedoen het. Hierdie uitspraak het dus die weg gebaan vir eise

vir kompensasie vir 'n psigiese letsel wat nie deur senuskok opgedoen is nie, soos in die geval van treitering.

- Voor die uitspraak in *Bester v Commercial Union Versekeringsmaatskappy van SA BPK* 1973 (1) SA 769 (A), was die standpunt van Suid-Afrikaanse howe dat 'n psigiese versteuring uit 'n fisiese besering moes voortgevloei het of 'n benadeling van die fisiese gesteldheid tot gevolg gehad het (Neethling et al. 2006 : 278). In geval van ernstige fisiese treitering kan 'n psigiese versteuring wel voortvloei uit 'n fisiese besering. In die geval van negatiewe stres as gevolg van treitering kan dit lei tot swak gesondheid (die psigiese versteuring het 'n benadeling van die fisiese gesteldheid tot gevolg). Dit is egter duidelik dat psigologiese skade deur treitering in baie gevalle ook deur ander faktore veroorsaak word soos vreeswekking, vernedering, uitsluiting, isolering, dreige-mente, intimidering, dominering, terrorisering ensovoorts. In die Bester-saak is bevind dat "om 'n benadeelde dus skadevergoeding te ontsê, bloot op grond van die feit dat die senuskok en gevolglike leed nie met 'n suiwer fisiese besering gepaard gaan nie, kan nouliks op logiese gronde verdedig word" (*Bester v Commercial Union Versekeringsmaatskappy van SA BPK* 1973 (1) SA 769 (A)) – bladsy 12. Hierdie uitspraak het die weg gebaan vir die eis van kompensasie vir 'n psigiese letsel wat nie met 'n fisiese besering gepaard gegaan het nie asook waar die psigiese besering nie benadeling van fisiese gesteldheid tot gevolg gehad het nie, soos in die geval van treitering moontlik is.

5.4.2.3 Die interdik as regsmiddel om treitering te hanteer

Die interdik is 'n belangrike regsmiddel wat deur die skool gebruik kan word om treitering te hanteer. In die response van die respondente, word beklemtoon dat die interdik veral aangewend kan word om die skending van die slagoffer se regte deur treitering te verhoed. Die hof kan byvoorbeeld 'n interdik toestaan om te verseker dat die boelie verbied word om naby die slagoffer te kom en dus nie sy regte verder skend nie. Neethling et al. (2006 : 248 - 249) beskryf die interdik as 'n regsmiddel waarmee 'n dringende onregmatige daad afgeweer kan word of die voortsetting van 'n reeds begonne delik verhinder kan word. Die volgende is scenarios of situasies waar die skool met vrug van die interdik as remedie gebruik kan maak:

- Waar die bestuur van die skool bewus is van 'n insident wat dreig om te gebeur, byvoorbeeld waar die adjunk-hoof deur 'n potensiale slagoffer ingelig is dat sy veiligheid ernstig bedreig word deur 'n berugte boelie wat 'n geskiedenis het, en waar die skool se interne remedies nie geslaagd was nie, kan in uitsonderlike situasies die aanvra van 'n interdik oorweeg word.

- Soos reeds hierbo vermeld, kan 'n boelie deur middel van 'n interdik verbied word om naby die slagoffer te kom en dus nie sy regte verder te skend nie en dus die voortsetting van die treitering stop te sit.

- Volgens Neethling et al. (2006 : 249) kan 'n interdik of finaal of *pendente lite* wees. Beide kan deur die skool toegepas word. In 'n baie ernstige geval, soos byvoorbeeld in die eerste geval hierbo genoem, kan gebruik gemaak word van 'n permanente interdik. In 'n geval waar 'n dissiplinêre verhoor nog gehou moet word, kan die interdik *pendente lite,* dit wil sê tydelik wees, hangende die uitslag van die verhoor.

Voordat die skool die aanvra van 'n interdik oorweeg, moet alle ander remedies uitgeput wees – met ander woorde die skool moet kan aantoon dat daar nie 'n ander geskikte remedie beskikbaar is nie, voordat die toestaan van 'n interdik deur die hof oorweeg sal word.

5.4.2.4 Middellike aanspreeklikheid

Die aard van die begrip middellike aanspreeklikheid is reeds bespreek onder afdeling 3.5.3 as deel van die regsraamwerk.

In onderwysverband word middellike aanspreeklikheid op artikel 60 van die Skolewet gebaseer.  Artikel 60(1) van die Skolewet lui as volg:

> Die staat is aanspreeklik vir enige skade of verlies wat veroorsaak word as ge-volg van enige daad of versuim in verband met enige opvoedkundige aktiwiteit

wat deur 'n openbare skool bedryf word en waarvoor sodanige openbare skool aanspreeklik sou gewees het by gebrek aan die bepalings van hierdie artikel.

Subartikel (1) dra dus die aanspreeklikheid van 'n openbare skool vir sekere deliktuele eise aan die staat oor. Die opvoeder as werknemer tree as orgaan van sy werkgewer in die uitvoering van sy diens op. Indien die opvoeder op 'n onregmatige en skuldige wyse nadeel aan die leerders veroorsaak deur byvoorbeeld nie sy sorgsaamheidsplig behoorlik uit te voer en op te tree teen treitering nie en so op 'n onregmatige en skuldige wyse nadeel aan die slagoffer van treitering veroorsaak, kan sy werkgewer middellik aanspreeklik gehou word. Uit die response van respondente (4.5.3.4) is dit duidelik dat die onderwysdepartement (werkgewer) ook middellik aanspreeklik is indien die betrokke opvoeder in diens is van die skoolbeheerliggaam. Dit word bevestig deur *LUR vir Onderwys en Kultuur, Vrystaat v Louw en 'n Ander* 2006 (1) SA 192 (HHA). Die werkgewer sal alleenlik middellik aanspreeklik gehou word indien sekere vereistes (wat reeds in die regsraamwerk bespreek is) aanwesig is. Volgens Botha (1990 : 38) is dit ook moontlik dat die opvoeder persoonlik aanspreeklik gehou kan word waar daar nie aan die vereistes vir middellike aanspreeklikheid voldoen word nie. In gevalle waar daar wel sprake van middellike aanspreeklikheid is en die werkgewer reeds die skadevergoeding betaal het, het sy werkgewer 'n regresreg teen die opvoeder om die geld van hom persoonlik te verhaal.

Direkte aanspreeklikheid van die boelie se ouers moet nie verwar word met middellike aanspreeklikheid nie. Indien die ouers van die boelie bewus is van hul kind se treitering en nie optree nie, kan hulle aanspreeklik wees weens 'n late as gevolg van die regsplig van die ouer. Die regsplig van die ouer van die boelie is gesetel in die besondere verhouding tussen die ouer en die kind en wel in die inhoud van ouerlike gesag (sien afdeling 5.4.2.1 (b)). Hierdie besondere verhouding tussen ouer en kind moet nie verwar word met die werkgewer-werknemer-verhouding wat 'n voorwaarde is vir middellike aanspreeklikheid nie. Middellike aanspreeklikheid kan dus nie ter sprake wees by die ouers se aanspreeklikheid nie.

Dit gebeur soms dat leerderraadslede leerders treiter gedurende die uitvoering van hul pligte. In terme van *Hiltonian Society v Crofton* 1952 (3) SA 130 (A) en *Dowling v Diocesan College and Others* 1999 (3) SA 847 (K) kan 'n skool middellik aanspreeklik

gehou word vir die optrede van sy prefekte. Die motivering vir die feit dat ‘n skool middellik aanspreeklik kan wees vir die optrede van sy prefekte word in die Dowling-saak as volg uitgespel: Die skool stel die prefekte aan (daar bestaan dus ‘n werkgewer-werknemer-verhouding); die skool het die handhawing van dissipline aan die prefekte opgedra; die prefekte het die seun getreiter en aangerand in die loop van die uitvoering van hul plig om dissipline te handhaaf. Die Verteenwoordigende Leerderraad, wat die vorige prefektestelsel vervang het by staatskole, se aard en funksie verskil van die prefektestelsel wat by Diocesan College in plek was. Die Verteenwoordigende Leerderraad word nie deur die skool aangestel nie en die handhawing van dissipline is nie ‘n funksie (taak) wat aan hulle opgedra word nie. Die Verteenwoordigende Leerderraad word demokraties verkies deur die leerders – daar bestaan nie ‘n werkgewer-werknemer-verhouding nie. Die lede van die Verteenwoordigende Leerderraad kan wat dissipline betref hoogstens die leerders aanmoedig om in ooreenstemming met die gedragskode op te tree. Bestraffing van leerders is nie deel van hul taak nie (Department of Education 1999 : 11, 22). By die Verteenwoordigende Leerderraad bestaan daar dus nie ‘n werkgewer-werknemer-verhouding nie. Daar kan ook nie sprake wees van skade wat deur ‘n lid van die Verteenwoordigende Leerderraad tot ‘n ander leerder toegevoeg word in die loop van die uitvoering van ‘n plig om dissipline te handhaaf nie, want dissipline-handhawing is nie deel van hul pligte nie. In die lig van bogenoemde kan daar dus gesê word dat middellike aanspreeklikheid nie ter sake is ten opsigte van die Verteenwoordigende Leerderraad nie (Sien die vereistes vir middellike aanspreeklikheid soos bespreek in 3.5.3).

## 5.5 DIE STRAFREG

### 5.5.1 Implikasies vir die onderwysbestuur

Die respondente is dit eens dat die strafreg ‘n rol moet speel in die bestuur en hantering van treitering in ‘n skool en word in hierdie afdeling bespreek.

5.5.1.1 Die rol van die strafregstelsel in die bestuur en hantering van treitering

Die lê van ‘n strafklag teen ‘n boelie is slegs een wyse waarop die strafregstelsel aangewend kan word ten opsigte van die bestuur en hantering van treitering. Ander wyses wat deur die respondente geïdentifiseer is, asook aanvullende wyses is:

- Gebruikmaking van die helende reg (“restorative justice”).
- Die strafreg as afskrikmiddel.
- Samewerking met die staatsaanklaer en proefbeampte.
- Polisiebetrokkenheid.
- Die stuur van ‘n waarskuwingsbrief aan die boelie en die boelie se ouers.

Daar is gevalle waar die lê van ‘n strafklag teen ‘n boelie wel aangewend behoort te word waar treitering ernstige misdaad tot gevolg het. Die siening dat die strafreg (die lê van ‘n strafklag) slegs in uitsonderlike, ernstige gevalle aangewend behoort te word omdat die reg ‘n kind in ‘n spesiale posisie plaas, is van groot belang wanneer die strafreg aangewend word vir kinders (jeugdiges onder 18 jaar). Voordat die verskillende wyses waarop die strafregstelsel in geval van treitering aangewend kan word, bespreek word, is dit noodsaaklik om eers hierdie spesiale beskerming van jeugdiges (boelies wat misdaad pleeg) ten opsigte van die strafreg uit te klaar.

(a) Spesiale hantering van die jeug (minderjariges) deur die strafreg

Daar bestaan verskeie regsreëls wat bepaal dat ‘n kind of jeugdige onder die ouderdom van 18 jaar spesiale beskerming en behandeling moet kry met betrekking tot die strafreg.

Kinders wat nog nie hul sewende lewensjaar voltooi het nie word onweerlegbaar vermoed ontoerekeningsvatbaar te wees. Hulle kan dus nie op grond van enige doen of late

deur hulle begaan voordat hulle hul sewende verjaardag bereik het aan enige misdaad skuldig bevind word nie. Vandat kinders hulle sewende lewensjaar voltooi het tot net voor hul veertiende verjaarsdag word hulle weerlegbaar vermoed ontoerekenings-vatbaar te wees. Kinders kan dus wel op grond van 'n doen of late deur hulle begaan, terwyl hulle in hierdie groep is, aan 'n misdaad skuldig bevind word, mits die staat die vermoede van ontoerekeningsvatbaarheid bo redelike twyfel weerlê. Hoe nader die kind aan die ouderdom van sewe is, hoe sterker is die vermoede van ontoerekeningsvatbaar-heid en hoe nader die kind aan die ouderdom van veertien jaar is, hoe swakker is die vermoede. Elke geval moet op eie meriete beoordeel word. Wanneer die ouderdom van 14 jaar bereik word, is die minderjarige toerekeningsvatbaar soos die volwassene alhoewel sy jeug (jonger as 18 jaar) as versagtende omstandighede mag dien (Neethling et al. 2006 : 118 - 120; Snyman 1999 : 174 - 177; afdeling 3.4.3 hoofstuk 3). Gebruik-making van die strafreg (veral die lê van 'n strafklag teen 'n boelie) is dus hoofsaaklik van toepassing op boelies ouer as 14 jaar en in uitsonderlike gevalle op boelies tussen 7 en 14 jaar, meer spesifiek die groep wat nader is aan 14 jaar. 'n Baie belangrike wysi-ging in die Child Justice Bill is dat die ouderdom van 7 jaar vir ontoerekeningsvatbaar-heid verhoog is na 10 jaar (In terme van die Children's Act, is meerderjarigheid verlaag van 21 jaar na 18 jaar).

Die Suid-Afrikaanse gemenereg erken ook die beginsel dat jeugdigheid versagtende omstandighede is vir straf. Die proefbeampte wat die jeugdige wat 'n misdaad sou pleeg evalueer, se evaluering en verslag word gebaseer op die jeugdige se huislike omstan-dighede, sy ontwikkelingsvlak, gedragspatrone en volwassenheid. Die tipe vonnis wat opgelê word, neem ook genoemde kriteria van die verslag in aanmerking (Le Roux 2003 : 186, 187).

Artikel 40(3) van die Konvensie bepaal dat lidlande (Suid-Afrika is 'n lidland) wette moet maak en prosedures, instansies en inrigtings in plek moet hê vir jeugdiges in konflik met die gereg. Hierdie bepaling verwys na 'n eie strafregstelsel vir jeugdiges wat gelei het tot die daarstelling van die Child Justice Bill wat 'n eie strafregstelsel vir jeugdiges van stapel wil stuur wat meer verbruikersvriendelik vir jeugdiges sal wees.

Indien die Child Justice Bill 'n wet word, sal dit bydra om 'n doeltreffende strafregstelsel-kultuur vir jeugdiges te skep wat positief aangewend kan word, ook deur die onderwys

en dus ook vir treitering wat misdaad tot gevolg het. Enkele voorbeelde van bepalings wat in die Child Justice Bill vervat is wat gerig is op groter beskerming van die jeug is:

- Gebruikmaking van helenderegprogramme (sien 5.5.1.1 (b)).

- Afwenteling (kanalisering van kinders weg van die formele hofsisteem na reïntegrasieprogramme) word aanbeveel.

- Die tronk word slegs beskou as ‘n laaste uitweg vir ‘n kind. Voorsiening word gemaak vir alternatiewe vonnisse vir tronkvonnisse.

- Eenstopkinderregsentrums waar met kinderstrafsake onder een dak gehandel word.

- Kinders kan gevonnis word om na ‘n residensiële fasiliteit te gaan wat die ekwivalent is van verbeteringskole.

Daar word alreeds van helenderegprogramme en van afwentelingsprogramme gebruik gemaak. Die eerste eenstopkinderregsentrums is ookal in gebruik geneem.

Ook die Grondwet bepaal dat spesiale beskerming deur die strafregstelsel vir jeugdiges noodsaaklik is. In terme van artikel 28(1)(9) kan ‘n kind onder 18 jaar slegs aangehou word as ‘n laaste uitweg asook vir die kortste toepaslike tyd. Die kind moet nie saam met ander jeugdiges ouer as 18 jaar aangehou word nie en die kind se ouderdom moet ook in ag geneem word ten opsigte van die behandeling en die omstandighede van aanhouding

Daar bestaan ook wetgewing wat spesiale beskerming aan jeugdiges bied. Wetgewing soos die Strafproseswet, artikel 153(4), bepaal dat die verhoor van ‘n jeugdige *in camera* moet geskied en artikel 153(3) van dieselfde wet verbied die bekendmaking van die identiteit van ‘n beskuldigde onder die ouderdom van 18 jaar. In terme van die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste 17 van 1994, kan jeugdiges onder die ouderdom van 14 jaar wat verhoor afwag, nie vir langer as 24 uur aangehou word nie voordat hulle vrygelaat word in die sorg van hul ouers, voog of ‘n geskikte persoon of in ‘n plek van

veiligheid geplaas word. Ingevolge die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste 14 van 1996 kan jeugdiges ouer as 14 jaar, maar jonger as 18 jaar wat beskuldig word van ernstige misdade soos moord, verkragting, gewapende roof, ernstige aanranding of aanranding van seksuele aard wel aangehou word terwyl hulle verhoor afwag.

Bogenoemde is enkele voorbeelde van hoe jeugdiges spesiale beskerming onder die strafreg geniet en die afleiding kan gemaak word dat die strafregstelsel nie werklik bedoel is vir jeugdiges nie, veral nie met betrekking tot 'n strafklag wat die hele pad deur die strafhof moet loop en uiteindelik kan uitloop op gevangenisstraf nie. Skelton (1996 : 189) merk op dat daar wel uitsonderlike gevalle van jeugmisdaad is wat wel die volle pad deur strafhowe behoort te loop en wat kan lei tot gevangenisstraf wat ook strook met die sienings van die respondente. Sy stel dit as volg:

> It is submitted that diversion should be the central principle of any future juvenile justice system. The possibility of diversion should be considered in every case, and only rejected in cases where the interests or the safety of the community demands that the case be taken through the criminal justice system.

Met inagneming van die spesiale beskerming wat jeugdiges (minderjariges) onder die strafregstelsel behoort te kry, word die wyses van hoe die strafregstelsel aangewend kan word in die bestuur van treitering in die skool (onderwys) vervolgens bespreek.

(b) Wyses waarop die strafregstelsel aangewend kan word in die bestuur en hantering van treitering

- Die lê van 'n strafklag deur 'n skool

Uit voorafgaande is dit duidelik dat die lê van 'n strafklag in uitsonderlike, ernstige gevalle van treitering wat tot 'n misdaad lei wel moet plaasvind. Die vraag wat hier opduik is hoe ernstigheid gemeet word, met ander woorde wanneer moet 'n strafklag deur die skool of skoolbeheerliggaam gelê word. Dit is nie moontlik om rigied voorskriftelik te wees nie. Die Suid-Afrikaanse strafreg maak nie werklik voorsiening vir psigologiese vorme van treitering nie. Gevalle van treitering wat dus die lê van 'n strafklag regverdig sal dus hoofsaaklik fisiese vorme van treitering wees. Die enigste uitsondering is

moontlik *crimen injuria* en die vorm van aanranding, wat vrees inboesem dat skade die slagoffer toegevoeg gaan word – wat later in hierdie afdeling bespreek word.

Leiding kan gesoek word by die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste 14 van 1996 (sien bespreking van die wet in afdeling 5.5.1.1 (a) hierbo). Die wet sonder sekere misdade wat deur jeugdiges tussen 14 en 18 jaar gepleeg word uit as ernstige misdade wat in die strafhof hoort. Die volgende is van toepassing op treitering: moord, verkragting, gewapende roof, ernstige aanranding, aanranding van seksuele aard. Indien ‘n afleiding in hierdie stadium gemaak kan word gegrond op die misdade wat hierbo gelys word, blyk dit dat dit misdade is wat ernstige liggaamlike skade veroorsaak of waar wapens betrokke is.

Volgens Furniss (2000 : 14 - 17) is die keuse tussen die lê van ‘n strafklag of die hantering van die handeling van die boelie deur die skool se interne dissiplinêre sisteem debatteerbaar. Daar is sekere handelinge waaroor daar geen twyfel hoef te wees nie en waar ‘n strafklag gelê moet word soos by moord en strafbare manslag. Verkragting kan sonder twyfel as ‘n derde misdaad bygevoeg word waar die lê van ‘n strafklag nie debatteerbaar is nie. Treitering manifesteer egter slegs in hoogs uitsonderlike gevalle as moord, strafbare manslag en verkragting.

Die besluit of ‘n strafklag gelê moet word in die geval van aanranding is weer moeiliker aangesien aanranding kan wissel van minder ernstig tot baie ernstig. Diskresie deur die skool is belangrik, maar ook baie moeilik. Daar word aanbeveel dat in die geval van fisiese treitering wat lei tot ernstige liggaamlike skade (met ander woorde ernstige aanranding) daar in alle gevalle ‘n strafklag gelê moet word. Daar mag egter gevalle wees wat kan ressorteer onder aanranding waar daar geen liggaamlike skade is nie of waar die skade minimaal is waar die skool die saak kan hanteer deur gebruik te maak van hul interne dissiplinêre stelsel.

Dieselfde beginsel ten opsigte van ‘n keuse tussen die lê van ‘n strafklag of interne hantering as by aanranding behoort ook te geld waar treitering manifesteer as onsedelike aanranding of by treitering waar gevaarlike wapens betrokke is. In albei gevalle behoort ‘n strafklag gelê te word, maar daar mag soos in die geval van aanranding gevalle wees waar die skool se interne dissiplinêre sisteem gebruik kan word om die situasie te han-

teer. Onsedelike aanranding word onder afdeling 4.4.1.4 hanteer en dit is duidelik dat dit kan wissel van ernstig tot minder ernstig. Elke situasie behoort op meriete beoordeel te word, maar ‘n goeie riglyn om die ernstigheid van onsedelike aanranding te beoordeel is om te bepaal in hoe ‘n mate die intieme persoonlike ruimte van ‘n slagoffer binnegedring word (sien die bespreking van die reg op privaatheid onder afdeling 5.2.2.1 (b)). Waar byvoorbeeld die slagoffer se privaatdele onder die klere betas word sal ‘n ernstiger indringing van die intieme persoonlike ruimte wees as waar ‘n seun se broek afgetrek word of waar teen ‘n dogter geskuur word. Waar ‘n dogter of seun se privaatdele onder die klere betas word, kan as baie ernstig beskou word en behoort ‘n strafklag gelê te word. Die ander twee voorbeelde (tweede en derde voorbeelde) is minder ernstig en kan deur die skool se dissiplinêre stelsel hanteer word. Treitering waar wapens betrokke is (sien afdeling 5.5.2.1 (b)), moet in ‘n baie ernstige lig beskou word gesien in die lig van gewelddadigheid in Suid-Afrika waar talle mense doodgeskiet word of doodgesteek word. Kennis moet ook geneem word van die situasie in Amerika waar ‘n geenverdraagsaamheidsbeleid ten opsigte van wapens toegepas word in die lig van skietery by skole waar talle leerders of personeel al gedood is. Die riglyn behoort te wees dat ‘n strafklag gelê behoort te word tydens treitering waar wapens betrokke is. Daar mag egter gevalle wees waar die boelie ‘n gevaarlike wapen skool toe bring, maar die skool oortuig is dat die boelie “te genertyd” die bedoeling gehad het om die wapen vir ‘n onregmatige doel aan te wend nie en die situasie deur die skool hanteer kan word. Waar boelies slagoffers met vuurwapens en ander gevaarlike wapens afdreig of hulle besittings op die manier roof behoort ‘n strafklag gelê te word.

Daar word in afdeling 5.5.2.2 aangetoon dat die gehalte van die Suid-Afrikaanse strafreg se respons ten opsigte van psigologiese treitering wat lewenslange letsels by die slagoffer kan laat, swak is. Twee uitsonderings is die van aanranding wat vrees by die slagoffer inboesem dat skade hom toegevoeg gaan word asook in die geval van *crimen injuria* waar die waardigheid en privaatheid van die slagoffer aangetas word. Albei gevalle kan lei tot psigologiese skade by die slagoffer. Minder ernstige gevalle kan deur die skool hanteer word. Daar mag egter gevalle wees wat ernstig van aard is en waar ‘n strafklag wel gelê kan word. Waar die vrees wat by die slagoffer ingeboesem word herhaaldelik plaasvind, dit die slagoffer reeds ernstig benadeel en die skool se pogings om die probleem op te los, misluk, behoort ‘n strafklag gelê te word. ‘n Strafklag kan ook oorweeg word in geval van *crimen injuria* wat herhaaldelik plaasvind en ook in die teen-

woordigheid van ander gebeur. Vorme van *crimen injuria* waar die boelie pornografie aan die slagoffer stuur, beledigende seksuele opmerkings ten opsigte van die slagoffer maak of kaalfoto's van die slagoffer deur middel van 'n selfoon of internet bekendstel, kan ook 'n strafklag regverdig afhangende van die feite van die situasie (sien afdelings 4.4.1.2 en 4.4.1.3 vir die respondente se respons ten opsigte van aanranding wat manifesteer as vreesinboeseming en *crimen injuria*).

Dit is ook raadsaam dat skole gebruik maak van regspraktisyns (privaat, as lid van die beheerliggaam of departementeel) se advies as dit problematies is om 'n keuse te maak tussen die lê van 'n strafklag of hantering deur die skole self. Skole se sielkundige dienste en beradingsdienste asook departementele sielkundige dienste en beradingsdienste kan ook as remedies opsigself beskou word en kan deel uitmaak van die proses van hantering deur die skool se dissiplinêre stelsel vir die rehabilitering van die boelie en genesing by die slagoffer. Ook waar 'n strafklag gelê word kan hierdie dienste 'n rol speel in die rehabilitering van die boelie veral waar daar goeie samewerking is met die staatsaanklaer en proefbeampte. Hierdie aspek word later in hierdie afdeling bespreek. Ouerbetrokkenheid (die boelie se ouers en die slagoffer se ouers) kan soms 'n bydrae lewer dat die pynlikheid van die hele proses verlig word.

Sien ook die bespreking van die verband tussen die lê van 'n strafklag en 'n dissiplinêre verhoor (4.4.5) waar redes verskaf word waarom die skool se dissiplinêre verhoor behoort voort te gaan ten spyte van die feit dat 'n strafklag gelê is.

Die volgende aspekte is belangrik by die lê van 'n strafklag (sien afdeling 4.4.3.):

- Die skool moet nie 'n strafklag lê ten opsigte van 'n nietigheid nie. Volgens die *di minimis*-beginsel hoef die polisie nie 'n saak te open as dit regtig kleinlik en nie ernstig is nie. Daarom moet die skool eers 'n ondersoek doen om seker te maak of die geval ernstig genoeg is vir die lê van 'n strafklag.

- Die skool moet nie sonder meer aanvaar as die polisie weier om 'n saak te open nie – veral as die skool oortuig is dat dit ernstig genoeg is. In afdeling 4.4.3. word verduidelik hoe te werk gegaan behoort te word as die polisie weier om 'n saak te open.

Ten slotte moet gemeld word dat dit die ouers van die slagoffer se reg is om ten opsigte van enige misdaad ‘n strafklag te lê indien die boelie toerekeningsvatbaar is.

- Helende reg (restorative justice)

Helende reg kan ‘n waardevolle rol speel nadat ‘n strafklag gelê is met betrekking tot ernstige treitering. Helende reg is gebaseer op die vergifnis van die slagoffer vir die oortreder (boelie) asook dat die oortreder moet goed maak vir die nadeel (skade) wat hy die slagoffer toegevoeg het.

Afwenteling is juis gebaseer op helende reg. Nadat ‘n strafklag teen ‘n kind (boelie) gelê is, moet hy deur ‘n proefbeampte geassesseer word. Op grond van die assessering moet daar besluit word of die kind uit die hof gehou moet word deur gebruik te maak van afwenteling en of daar voortgegaan moet word met die strafsaak. Die volgende is voorbeelde van afwentelingsprogramme wat veral geskik is vir die boelies teen wie ‘n strafklag aanhangig gemaak is: slagoffer-oortreder-mediasie en gesinskonferensies (sien afdeling 4.4.2).

Skelton en Batley (2006 : 13 - 15) identifiseer die volgende kriteria met betrekking tot die toepaslikheid vir gebruikmaking van helende reg:

- Daar moet ‘n identifiseerbare slagoffer betrokke wees.

- Die slagoffer moet bereid wees om deel te wees van die proses.

- Die slagoffer moet baat vind by die proses in die sin dat sy eer herstel word en daar restitusie en kompensasie met betrekking tot die slagoffer plaasvind.

- Oortreders moet kan leer uit die proses en insig kry in hul optrede. Daar moet die geleentheid wees dat hulle empatie kan ontwikkel vir die slagoffer en die geleentheid kry om die situasie reg te stel.

- ‘n Helenderegproses word primêr gerig op die behoeftes van die slagoffer.

Skelton en Batley (2006 : 10) meld dat helende reg ook gebruik kan word vir die oplossing van dispute in skole.

In die lig van bogenoemde kan gesê word dat die helende reg ook as deel van die skool se dissiplinêre proses gebruik kan word in die bestuur van treitering in 'n skool. Helende-regprosesse kan as uiters geskik beskou word spesifiek vir die hantering van treitering en wel om die volgende redes:

- By treitering is daar in alle gevalle 'n slagoffer betrokke wat soms ernstige fisiese psigologiese, opvoedkundige of sosiale skade kon gely het. Die magsbalans tussen die boelie en die slagoffer is ook ernstig versteur. Aangesien helende reg op die behoeftes van die slagoffer gerig is, kan dit juis bydra om die skade te herstel. Die slagoffer is die belangrikste rolspeler in 'n helende regsproses. Hy kan besluit of hy deel wil wees van die proses. Die proses word primêr gerig op die behoeftes van die slagoffer. Die proses is gerig op die herstel van die slagoffer se eer, is gerig op kompensasie en restitusie vir die slagoffer. Daar word gepoog om die skade (nadeel) wat hy gely het sover as moontlik te herstel. Die slagoffer bepaal ook of hy tevrede is met die uitkoms van die proses.

- Alhoewel die proses nie primêr gerig is op die behoeftes van die boelie nie, moet die boelie goed maak vir die nadeel (skade) wat hy die slagoffer toegevoeg het. Nadat die slagoffer vertel het watter skade (nadeel) die treitering veroorsaak het, word daar van die boelie verwag om te sê hoe hy die skade wat hy aangerig het gaan regmaak. 'n Kontrak word opgestel wat spesifiek bepaal wat die boelie moet doen om die skade te herstel en dat hy dus verantwoordelikheid aanvaar vir die nadeel (skade) wat hy veroorsaak het. Dit kan, of behoort, die vertrekpunt te wees vir die rehabilitasie of genesing van die boelie se treiteringgedrag as hy tot die besef kom watter skade die slagoffer gely het en dat sy daad 'n verpligting op hom plaas om te kompenseer vir die skade. Die balans wat versteur is deur die magspel van die boelie moet dus herstel word.

Oortreder-slagoffer-mediasie en veral die gesinskonferensie (sien 4.4.2) is uiters geskik vir die gebruik tydens treitering.

Afrimap and Open Society Foundation for South Africa (2005 : 127) definieer bogenoemde twee suiwer helenderegprogramme as volg:

> Victim Offender Mediation: This programme creates the opportunity for the victim and the offender to meet and work out a mutually acceptable agreement with the assistance of a mediator, with the aim of restoring the balance.
>
> Family Group Conferencing: These conferences are similar to mediation in certain instances, except that they involve the families of both victim and the defender in the mediation process (word bespreek in afdeling 4.4.2).

Dit is duidelik dat hierdie twee programme in wese na aanmekaar is. Gesinskonferensies is meer geskik vir jonger kinders weens die ondersteuningsfaktor van hul gesinne. Aangesien in albei gevalle direkte konfrontasie aanwesig is, is die gewilligheid van die slagoffer asook sy gereedheid daarvoor belangrik om hom nie aan verdere trauma te onderwerp nie. Skelton en Batley (2006 : 14) sê egter dis 'n mite om te aanvaar dat slagoffers nie van aangesig tot aangesig met die skuldige wil verskyn nie. Die meeste slagoffers ervaar die "ontmoeting as helend".

Helenderegprosesse – asook ander prosesse wat nie suiwer helenderegprosesse is nie soos portuurgroepmediasie – kan met vrug aangewend word as deel van die bestuur van treitering in 'n skool. Sien ook afdeling 5.3.2.2(c) vir ander intervensie-programme wat nie opsigself helenderegprogramme is nie, maar wat ook deel kan vorm van die skool se dissiplinêre proses.

Op grond van die feit dat die filosofie van helende reg asook die ontwikkeling van die helende reg in Suid-Afrika as belangrik geag word en die Child Justice Bill dit ook aanbeveel, behoort dit ook in onderwyswetgewing ingekorporeer te word. Hier word veral verwys na die Skolewet waar helenderegprosesse nog glad nie deel uitmaak van dissiplinêre prosesse soos die dissiplinêre verhoor en skorsing en uitsetting nie. Helenderegprosesse kan met vrug aangewend word voor oorgegaan word na 'n dissiplinêre verhoor. Dit kan ook selfs na 'n dissiplinêre verhoor volg waar die dissiplinêre komitee helenderegprogramme aanbeveel in plaas van skorsing en uitsetting, waarin baie skoolhoofde hul vertroue verloor het. Dit sal veral geskik wees waar daar 'n slagoffer betrok-

ke is – nie net in geval van treitering nie, maar ook vir enige ander geval wat toepaslik is vir die gebruik van die helende reg.

- Die strafregstelsel as afskrikmiddel

Die strafregstelsel kan wel dien as afskrikmiddel, met ander woorde dat treitering in 'n skool beperk word deur die feit dat die strafregstelsel in 'n skool ingespan word as deel van die bestuur en hantering van treitering. Snyman (1999 : 18, 19) onderskei tussen die individuele afskrikkingsteorie en die algemene afskrikkingsteorie. Volgens die individuele afskrikkingsteorie sal die individu afgeskrik word van verdere misdaadpleging as hy gestraf word. Volgens die algemene afskrikkingsteorie word daar geglo dat die oplegging van straf 'n boodskap na die samelewing uitstuur dat as hulle oortree, sal hulle gestraf word en dit hulle sal weerhou van verdere oortreding. Volgens Snyman (1999 : 19) hang die doeltreffendheid van hierdie teorie af van die doeltreffendheid van die land se polisiediens, howe en gevangenisowerhede hoewel daar geen empiriese navorsing is om dit te bewys nie.

Die skool is uniek en verskil van die breë gemeenskap met sy geharde misdadigers. Alhoewel skole van mekaar verskil wat betref die frekwensie van geweld, is kinders meer ontvanklik en toeganklik met betrekking tot norme, waardes, voorbeelde, rol-modelle, kennis, opvoeding en so meer. Die aanname word dus hier gemaak dat die strafregstelsel, met sy implikasies as afskrikmiddel, in 'n skool kan dien om misdaad te beperk in die algemeen, en hier meer spesifiek met betrekking tot treitering wat manifesteer as misdaad. Die volgende is voorbeelde van hoe die strafregstelsel hierdie rol in die skool kan vertolk:

- In die afdeling hierbo wat handel oor die lê van 'n strafklag is aangetoon dat daar wel gevalle is waar misdaad in 'n skool gepleeg word waar dit noodsaaklik is om wel 'n strafklag te lê. Dit behoort 'n boodskap uit te stuur dat die strafregstelsel ook jeugdiges kan straf, dat 'n jeugdige in hegtenis geneem kan word, dat 'n jeugdige in die hof kan verskyn, na 'n verbeteringskool of industriële skool gestuur kan word en aan afwentelingsprogramme moet deelneem.

- Leerders behoort op 'n baie elementêre wyse ingelig te word oor die strafregstelsel, wat misdaad is en wat die implikasies van misdaad is. Opvoeders moet opgelei word om hierdie kennis op 'n positiewe manier aan leerders oor te dra.

- Die teenwoordigheid van die polisie in 'n skool. Indien die skoolbestuur 'n goeie verhouding het met die plaaslike polisie kan van die polisie gebruik gemaak word: deur hulle byvoorbeeld te nooi om voorligtingsessies aan te bied; hulle te ontbied in geval van misdaad in die skool; hulle te gebruik vir deursoeking en beslaglegging ten opsigte van gevaarlike wapens wat boelies skool toe bring asook om die boelie of boelies te waarsku. So word die boodskap oorgedra dat die polisie en ook die strafregstelsel, die skool steun in hul stryd teen treitering en misdaad.

- Samewerking (verhoudingstigting) met die staatsaanklaer en die proefbeampte

Soos hierbo aangetoon, gebeur dit soms dat die skool 'n strafklag teen 'n leerder moet lê. Nadat 'n strafklag gelê is, is die twee belangrikste rolspelers die senior staatsaanklaer van die plaaslike landdroshof en die proefbeampte wat die leerder moet assesseer. Verhoudingstigting met hierdie twee rolspelers is uiters belangrik, om soos Oosthuizen (2005 : 80, 81) dit stel, hul ingesteldheid en benadering vas te stel. Dit is ook belangrik om aan die twee beamptes oor te dra dat die skool in uitsonderlike gevalle 'n strafklag teen 'n jeugdige kan lê en dat die skool beoog om ten spyte daarvan nog in die beste belang van die kind op te tree en hul *in loco parentis* wil uitleef. Dit mag byvoorbeeld wees dat die staatsaanklaer, wat hoofsaaklik met geharde misdadigers gewerk het, nie 'n aanvoeling het vir die hantering van kinders as unieke groep met betrekking tot die strafregstelsel nie en ook nie ingestel is op die skool se houding en verhouding met sy leerders nie. Die skool moet juis 'n ondersteunende rol speel as 'n leerder strafregtelik aangekla word. 'n Geskikte opvoeder behoort geïdentifiseer te word wat die strafregtelike proses saam met die leerder deurloop ter ondersteuning, maar ook om insette te lewer in die beste belang van die leerder. Dit kan 'n geweldige impak op die leerder se lewe hê. Die noodsaaklikheid van die rol van die skool tydens mediasie – indien van afwenteling gebruik gemaak word – moet ook beklemtoon word. 'n Geskikte opvoeder behoort deel te wees van die mediasie. Eerstens kan die opvoeder 'n belangrike bydrae lewer tydens mediasie en ook verseker dat regverdigheid geskied.

Tweedens, na die mediasie-proses, is dit dié opvoeders wat 'n positiewe rol in beide die boelie en die slagoffer se lewens gaan speel. Dit kan alleenlik gebeur as hulle deel was van die proses en oor die nodige inligting beskik (sien afdeling 4.4.3).

Bogenoemde illustreer die belangrikheid van samewerking tussen die skool, die staats-aanklaer en die proefbeampte. Daar word aanbeveel dat die betrokke distrikskantoor die leiding neem om 'n vergadering te reël tussen skoolhoofde en die staatsaanklaer en proefbeampte van die betrokke landdroskantoor om positiewe samewerking in die beste belang van die kind te verseker. Dit sal ook bydra om 'n moontlike negatiewe persepsie en selfs vrees by skole ten opsigte van die strafregstelsel te genees wat ook tot beter samewerking sal lei.

- Polisiebetrokkenheid

Polisiebetrokkenheid is 'n integrale deel van enige kinderregsisteem. Die Beijing Rules vereis dat die polisie spesiale opleiding kry ten opsigte van die hantering van jeugdiges wat misdaad pleeg (Gallinetti 2004 : 118). (Die 1985 Beijing Rules is op 29 November 1985 deur die Verenigde Nasies aanvaar. Die Beijing Rules is riglyne ten opsigte van die administrasie van die strafreg vir kinders). Die skool behoort dus gebruik te maak van die dienste van die polisie alhoewel dit oordeelkundig behoort te geskied as gevolg van die vol program van die polisie. Die polisie is gewoonlik bereid om te help en dit is ook belangrik om 'n goeie verhouding met die polisie op te bou. Die "adopt-a-cop"-projek is 'n goeie voorbeeld van goeie samewerking. In Pretoria is die polisie ook betrokke by die voorkoming van treitering en bied lesings by skole aan met betrekking tot treitering. Polisiebetrokkenheid by skole met betrekking tot treitering en misdaad het hoofsaaklik te doen met die volgende:

- In ernstige gevalle van misdaad kan die polisie ontbied word om 'n boelie in hegtenis te neem.

- Indien die skool (beheerliggaam, skoolhoof, opvoeder) 'n strafklag wil lê, word dit by die plaaslike polisiekantoor gedoen.

- Die polisie kan ontbied word om betrokke te raak by ernstige fisiese treitering waar hulle in gesprek tree met die boelie en die boelie waarsku.

- Die polisie kan gebruik word om leerders in te lig oor die strafregstelsel, wat misdaad is en wat die implikasies van misdaad is. Opvoeders kan ook deur die polisie ingelig word ten opsigte van die strafregstelsel sodat hulle voorbereid is en weet hoe om op te tree in geval van misdaad.

- Die polisie kan gebruik word vir deursoeking van leerders, veral waar boelies gevaarlike wapens skool toe bring en deursoeking en beslaglegging noodsaaklik is.

- ‘n Goeie verhouding met die polisie en polisieteenwoordigheid by die skool, wanneer nodig, kan ook dien as afskrikmiddel om misdaad te beperk.

• Prokureursbrief

Stewart en Knott (1999 : 116) beveel ook aan dat ‘n prokureursbrief aan die boelie self (afhangende van die boelie se ouderdom) of aan die ouers of voog van die boelie gestuur kan word. Dit kan eerstens dien as afskrikmiddel. Die brief moet duidelik uitspel wat van die boelie en of sy ouers verwag word asook die implikasies indien daar nie positiewe reaksie is nie.

### 5.5.2 **Toevoeging van kennis tot die onderwysreg**

Die volgende vier aspekte wat na vore gekom het in die onderhoude, vir toevoeging van kennis tot die onderwysreg, word in hierdie afdeling bespreek:

- Die Suid-Afrikaanse strafreg se respons ten opsigte van treitering is getoets tydens die onderhoude. Die respondente het verskeie misdade geïdentifiseer wat die gevolg kan wees van treitering (hoofstuk 4). Gebaseer op die vorme (wyses van treitering) wat in die studie geïdentifiseer is, is daar verdere misdade wat die gevolg kan wees van treitering. Hierdie verdere misdade word aanvullend bespreek.

- Die gehalte van die Suid-Afrikaanse strafreg se respons ten opsigte van treitering word kortliks bespreek – daar word gefokus op die leemtes ten opsigte van die psigologiese vorme van treitering.

- Die boelie wat toerekeningsvatbaar is kan strafregtelik aanspreeklik wees vir 'n misdaad wat die gevolg is van treitering. Behalwe die boelie kan daar ook ander deelnemers wees wat ook strafregtelik aanspreeklik kan wees vir 'n misdaad wat die gevolg is van treitering. Die strafregtelike aanspreeklikheid van hierdie deelnemers aan 'n misdaad word bespreek.

5.5.2.1 Misdade wat die gevolg kan wees van treitering

Die aard van die strafreg en strafregtelike aanspreeklikheid is reeds as deel van die regsraamwerk, afdeling 3.6, bespreek. Gedurende die onderhoude het die respondente misdade geïdentifiseer wat die gevolg kan wees van treitering. Hierdie misdade word volledig aangebied in hoofstuk 4, afdeling 4.4.1 en word in hierdie afdeling slegs kortliks opgesom ter wille van kontinuïteit. Indien die verskillende wyses en vorme van treitering wat in hierdie studie geïdentifiseer is in ag geneem word, kan daar ook aan-vullende misdade wat die gevolg kan wees van treitering geïdentifiseer word. Hierdie aanvullende misdade word ook in hierdie afdeling kortliks bespreek.

(a) Misdade deur die respondente geïdentifiseer

Uit die response van die respondente (afdeling 4.4.1.1 hoofstuk 4) is dit duidelik dat treitering op sigself nie 'n misdaad is nie (sien ook afdeling 5.3.2.1), maar dat sekere treiteringaksies (handelinge of sekere tipes treitering) as misdade kan kwalifiseer. Die respondente het die volgende misdade geïdentifiseer wat die gevolg kan wees van treitering: aanranding, *crimen injuria*, onsedelike aanranding, intimidasie, seksuele misdrywe met jeugdiges in terme van artikel 14 van die Wet op Seksuele Misdrywe, verkragting en sameswering. Omstanders kan moontlik selfs aangekla word van uitlokking tot aanranding of uitlokking tot *crimen injuria* (afdeling 4.4.8 – hoofstuk 4). Daar word met die respondente saamgestem dat die misdade wat deur hulle geïdentifiseer is deur treitering veroorsaak kan word mits aan die vereistes vir die betrokke

misdaad voldoen word, maar dat daar ook verdere misdade is wat die gevolg kan wees van treitering.

(b) Verdere misdade wat die gevolg kan wees van treitering

Indien die verskillende wyses en vorme van treitering wat in hierdie studie geïdentifiseer is in ag geneem word, kan treitering ook die vorm aanneem van die volgende misdade wat aanvullend tot bogenoemde geïdentifiseer word:

- Moord

Dit gebeur in uitsonderlike gevalle dat die boelie(s) selfs die slagoffer kan vermoor of dat die slagoffers uit weerwraak die boelie(s) of selfs onskuldige leerders of personeel van die skool waar hulle getreiter is, kan vermoor. Dit is belangrik om daarop te let dat opset in geval van moord aanwesig moet wees om dit te onderskei van manslag.

- Strafbare manslag

Dit kan gebeur dat die boelie tydens ernstige fisieke treitering / aanranding onversigtig en onsorgsaam optree wat daartoe lei dat die aanranding op die dood uitloop. Die boelie het nie opset om te dood gehad nie en sy nalatigheid (onversigtigheid, onsorgsaamheid, oorywerigheid) het gelei tot die dood van die slagoffer.

- Openbare onsedelikheid

Seksuele uitstalling, seksuele posisionering en onbehoorlike ontbloting is tipes seksuele treitering wat die boelie gebruik om die slagoffer te verneder, te degradeer en sy mens-waardigheid te skaad. Behalwe dat die boelie se optrede ernstige nadeel of skade vir die slagoffer veroorsaak kan dit, indien dit in die openbaar plaasvind (gewoonlik voor ander leerders en omstanders), die leerders se sin vir welvoeglikheid skok of daartoe bydra dat die leerders se sedes verlaag word en so kwalifiseer as openbare onsedelikheid (Snyman 1999 : 365 – 366).

- Afpersing

Volgens Snyman (1999 : 404 – 406) is afpersing die wederregtelike en opsetlike verkryging van 'n voordeel, hetsy vermoënsregtelik of nie, van iemand anders, deur druk op laasgenoemde uit te oefen wat hom beweeg tot afgifte van die voordeel. Dit gebeur soms dat die boelie druk op die slagoffer uitoefen sodat die slagoffer moet afstand doen van geld of eiendom of dat die slagoffer 'n sekere daad vir die boelie moet uitvoer soos byvoorbeeld om die opvoeder van wie die boelie nie hou nie, se motorbande stukkend te sny. Hierdie druk word deur die boelie geskep deur byvoorbeeld die slagoffer te dreig (byvoorbeeld met fisiese leed), vrees by die slagoffer te wek (byvoorbeeld dat die boelie leuens ten opsigte van die slagoffer gaan versprei) of die slagoffer te intimideer byvoorbeeld deur van die wanbalans in mag gebruik te maak. Volgens Snyman (1999 : 404 - 406) is die misdaad wat ter sprake is indien die boelie nie die voordeel kry nie "poging tot afpersing" en nie "afpersing" nie aangesien die misdaad dan nie voltooi is nie.

- Misdade wat verband hou met wapens

Dit gebeur soms dat 'n boelie 'n onwettige vuurwapen skool toe bring. Dit kan gebeur dat die boelie die vuurwapen op die slagoffer rig om hom af te dreig of om vrees by hom in te boesem. Boelies kan ook ander gevaarlike wapens (wat nie vuurwapens is nie) skool toe bring om slagoffers af te dreig of om vrees by slagoffers in te boesem soos byvoorbeeld messe. Al drie bogenoemde voorbeelde kan as misdade (wetteregtelike misdade) kwalifiseer indien daar aan die elemente van 'n misdaad voldoen word en wel in terme van onderskeidelik die volgende wetgewing:

- In terme van die Wet op die Beheer van Vuurwapens 60 van 2000, is 'n persoon wat 'n vuurwapen sonder 'n lisensie, permit of magtiging wat ingevolge die Wet uitgereik is, besit, aan 'n misdaad skuldig.

- Artikel 120(6) van die Wet op die Beheer van Vuurwapens bepaal dat dit 'n misdaad is om:

a. Enige vuurwapen, antieke vuurwapen, hetsy dit gelaai is of in staat is om afgevuur te word, al dan nie, op enige persoon te rig, sonder goeie rede om dit te doen; of

b. Enigiets wat waarskynlik 'n persoon kan laat glo dat dit 'n vuurwapen, 'n antieke vuurwapen of 'n windgeweer is, op enige ander persoon te rig, sonder goeie rede om dit te doen.

- Artikel 2(1) van die Wet op Gevaarlike Wapens, bepaal dat iemand wat in besit is van 'n gevaarlike wapen, of van 'n voorwerp wat so na 'n vuurwapen lyk dat, onder omstandighede soos dié waaronder so iemand in besit daarvan is, dit waarskynlik vir 'n werklike vuurwapen aangesien sou word, aan 'n misdryf skuldig is, tensy hy kan bewys dat hy "te gener tyd" die bedoeling gehad het om sodanige wapen of voorwerp vir 'n onregmatige daad te gebruik nie. Die uitdrukking "'n gevaarlike wapen" word in artikel 1 omskryf as "enige voorwerp, behalwe 'n vuurwapen, wat waarskynlik ernstige liggaamlike letsels sal veroorsaak indien dit gebruik sou word om 'n aanranding te pleeg".

Soos in die regsraamwerk (hoofstuk 3) gemeld, bepaal die Regulations for Safety Measures at Public Schools dat 'n gevaarlike voorwerp nie op die skoolterrein toegelaat word nie en dat geen persoon 'n gevaarlike voorwerp op die skoolterrein mag dra nie. 'n Persoon mag ook deursoek word indien daar 'n redelike vermoede bestaan dat hy 'n gevaarlike voorwerp dra en daar kan beslag gelê word op die voorwerp. Die begrip "gevaarlike voorwerp" sluit 'n vuurwapen en ander gevaarlike voorwerpe soos hierbo vermeld in.

- Roof

Jordaan et al. (2005 : 155) beskryf roof as volg:

> Roof is die diefstal van 'n saak deur die wederregtelike en opsetlike gebruik van (1) geweld om die saak van iemand anders af te neem of (2) dreigemente van geweld om die ander persoon te oorreed om hom te onderwerp aan die neem van die saak.

Boelies gebruik dikwels geweld of dreigemente van geweld om slagoffers se eiendom af te neem of om slagoffers se kosgeld af te neem.

- Saakbeskadiging

Jordaan et al. (2005 : 171) beskryf saakbeskadiging as die wederregtelike en opsetlike beskadiging van (1) 'n saak wat aan iemand anders behoort of (2) 'n saak wat aan die dader self behoort en wat verseker is, ten einde die waarde van die saak van die versekeraar te eis.

Slegs (1) "'n saak wat aan iemand anders behoort" is van toepassing. Boelies beskadig dikwels die eiendom van slagoffers in hul hebsug na mag.

- Pornografie

Boelies toon soms pornografie aan slagoffers om hulle te terg, om hulle in die verleentheid te bring en om hulle te verneder. Die Wet op Films en Publikasies 65 van 1996 reguleer toegang tot publikasies en films en verbied die distribusie daarvan in sekere gevalle (onder andere kinderpornografie wat in die wet gedefinieer is met verwysing na iemand onder 18 jaar). Hierdie wet skep die volgende misdrywe wat implikasies het vir onderskeidelik die boelie, die opvoeder en interdiensverskaffers:

- In terme van artikel 27(1)(a) is dit 'n misdryf om publikasies met 'n sekere klassifikasiekode te versprei of om in besit te wees van 'n publikasie met 'n visuele uitbeelding van kinderpornografie of om dit te vervaardig of te versprei.

- In terme van artikel 27(2)(a) moet enige persoon (ook die opvoeder) wat bewus is van 'n oortreding rakende kinderpornografie dit so gou as moontlik aan die SA Polisiediens rapporteer.

- Versuim deur interdiensverskaffers om sekere stappe te neem ter beperking van kinderpornografie (artikel 27 A).

Soos vorentoe vermeld is die doel van hierdie afdeling slegs om die Suid-Afrikaanse strafreg se respons ten opsigte van treitering te toets. Die beskrywing van die misdade is dus nie volledig nie. Daar moet dus met groot omsigtigheid opgetree word wanneer ‘n misdaad ter sprake is. Daar is sekere vereistes waaraan voldoen moet word voordat ‘n persoon aan ‘n misdaad skuldig bevind kan word (sien die regsraamwerk vir ‘n algemene bespreking van die elemente van ‘n misdaad). ‘n Persoon (boelie) moet ook in ‘n hof skuldig bevind word aan ‘n misdaad voordat die misdryf hom toegereken kan word.

5.5.2.2 Die gehalte van die Suid-Afrikaanse strafreg se respons

Dit is duidelik uit bogenoemde dat die Suid-Afrikaanse strafreg ‘n goeie respons het ten opsigte van die ernstiger en ernstige vorme en wyses van treitering. Die feit dat die Suid-Afrikaanse strafreg nie spesifiek voorsiening maak vir die indirekte, subtiele en psigologiese vorme van treitering nie kan wel as ‘n groot leemte beskou word. Dit is in teenstelling met die strafreg van sommige ander lande waar die strafreg in sommige gevalle wel voorsiening maak vir indirekte, subtiele en psigologiese vorme van treitering. Goeie voorbeelde is die Australiese strafreg en die Engelse strafreg.

Bekruiping (“stalking”) is byvoorbeeld as ‘n misdryf bygevoeg tot die Australiese strafreg. Die boelie kan ook van bekruiping (agtervolging) gebruik maak om die slagoffer te intimideer byvoorbeeld deur die slagoffer te agtervolg of om in ‘n motor voor die slagoffer se huis te sit. Dié spesifieke wetgewing is noodsaaklik, want bekruiping (byvoorbeeld deur iemand te agtervolg) verteenwoordig nie opsigself ‘n misdaad nie (Stewart en Knott 1999 : 116).

Ook die Engelse strafreg het gereageer op die erkenning dat psigologiese skade ernstiger kan wees as sommige vorme van fisiese skade. Stemlose telefoonoproepe, bespotting, belediging, die verspreiding van beledigende notas asook die verspreiding van gerugte ten opsigte van iemand kwalifiseer sedert 1997 as aanranding indien psigologiese skade veroorsaak word. Veral bespotting en belediging is vorme van verbale psigologiese treitering wat baie voorkom en die erkenning daarvan as misdrywe indien dit lei tot psigologiese skade, is ‘n reuse stap in die regte rigting en kan ‘n groot bydrae lewer tot die voorkoming asook bekamping daarvan (Furniss 2000 : 19).

Sommige van die misdade wat hierbo geïdentifiseer is en wat die gevolg kan wees van treitering word in die buitelandse literatuur ook aangedui as misdade wat deur treitering veroorsaak kan word en wel die volgende: aanranding, roof, moord, strafbare manslag, afpersing, die dra van gevaarlike wapens op die skoolterrein, beskadiging van die slag-offer se eiendom, onsedelike aanranding, verkragting (Lawson 1994 : 89; Birmingham City Council 2005 Section 4 : 4, 5; Furniss 2000 : 15; Coloroso 2004 : xvii - xxi).

Oorweging behoort gegee te word aan die feit dat in die Suid-Afrikaanse reg die misdryf "aanranding" nie voorsiening maak vir dade soos bespotting, belediging asook ander dade wat psigologiese skade tot gevolg het nie. Indien die misdryf "aanranding" wel daarvoor voorsiening maak sal dit waardevolle remedies bied vir treitering, maar ook buite die konteks van treitering veral in 'n tyd waar psigologiese skade se ernstigheid erken word en daar 'n groot besorgdheid daaroor bestaan.

5.5.2.3 Strafregtelike aanspreeklikheid van deelnemers aan treitering

Al die mense wat aandadig of betrokke kan wees by die pleging van 'n misdaad kan in twee breë kategorieë verdeel word naamlik deelnemende betrokkenes (deelnemers) en nie-deelnemende betrokkenes. Deelnemers kan in twee onderafdelings verdeel word, naamlik: daders en medepligtiges. Daar is net een groep mense wat in die kategorie nie-deelnemende betrokkenes val, naamlik begunstigers. 'n Begunstiger is iemand wat, nadat die misdaad voltooi is, vir die eerste keer van die misdaadpleging te hore kom en dan iets doen om die plegers van die misdaad te beskerm of hulle help om aanspreeklik-heid te ontduik (Jordaan et al. 2005 : 3 - 4). Laasgenoemde kategorie (begunstiger) is nie hier ter sprake nie. Slegs deelnemende betrokkenes (daders en medepligtiges) is hier ter sprake, naamlik deelnemers aan treitering as misdaad.

Die kategorieë betrokkenes, wie se betrokkenheid hier ondersoek word, is die van die opvoeder, die omstanders en boelies wat in 'n groep opereer. Behalwe dat nalatigheid as skuldvorm wel aanwesig kan wees wanneer die slagoffer van die boelie nadeel (skade) het, as gevolg van die onagsame, onsorgvuldige en onversigtige optrede van die opvoeder, kan opset as skuldvorm ook aanwesig wees in die optrede (nie-optrede) van die opvoeder wanneer treitering in die skool plaasvind (sien afdeling 4.5.3.2). Aangesien hierdie studie slegs fokus op treitering van leerders deur leerders is die

opvoeder as boelie nie hier ter sprake nie. Die vraag wat hier dus beantwoord moet word, is of die opvoeder wat opsetlik nie ingryp wanneer treitering plaasvind nie omdat hy byvoorbeeld nie van die slagoffer hou nie, of 'n perverse behae daaruit put, as mededader of medepligtige aanspreeklik kan wees wanneer die treitering 'n misdaad tot gevolg het. Mededaderskap en medepligtigheid word ook vir die omstanders (ander leerders wat die treitering aanskou) ondersoek. Omstanders word deur Salmivalli et al. (1996 : 1 - 5) verdeel in assistente, aanhitsers, buitestaanders en beskermers (sien 2.5.3, hoofstuk 2). Salmivalli et al. ( 1996 : 1 -15) identifiseer ook voorlopers ("ring leaders") as 'n kategorie rolspelers. Voorlopers organiseer 'n groep boelies en inisieer die treitering.

Voordat moontlike mededaderskap en medepligtigheid vir die opvoeder en die omstanders ondersoek kan word, is dit noodsaaklik dat die begrippe "mededader" en "medepligtige" eers omskryf moet word.

(a) Dader / mededader

Snyman (1999 : 257) beskryf die begrip "dader" as volg:

Iemand is 'n dader indien

(1) Sy gedrag, die omstandighede waarin dit plaasvind (insluitend enige hoedanigheid waaraan hy, ingevolge die omskrywing van die misdaad moet voldoen) en die gesindheid waarmee dit plaasvind sodanig is dat dit voldoen aan al die vereistes vir aanspreeklikheid uiteengesit in die misdaadomskrywing.

OF

(2) Ofskoon sy gedrag nie beantwoord aan dit wat in die misdaadomskrywing vereis word nie, hy saam met een of ander persone optree en die optrede wat vir skuldigbevinding vereis word aan hom toegereken word op grond van die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk.

Die boelie wat alleen optree, kan ingevolge (1) hierbo strafregtelik aanspreeklik wees as dader indien hy toerekeningsvatbaar is en indien sy gedrag voldoen aan al die vereistes wat gestel word vir die spesifieke misdaad wat die gevolg is van sy treitering.

Dit is ook moontlik dat daar meer as een betrokkene (deelnemer) betrokke kan wees (sien 2 hierbo) soos byvoorbeeld die omstanders wat een of ander aandeel kan hê aan die treitering of selfs ‘n groep boelies wat gesamentlik optree (sien die bespreking van “mobbing” in hoofstuk 2). Daar is dus ‘n moontlikheid dat die deelnemers (die omstanders en die groep boelies) as mededaders aanspreeklik kan wees (sien (2) hierbo) en wel ingevolge die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk. Om die strafregtelike aanspreeklikheid van hierdie deelnemers aan treitering in terme van (2) hierbo te kan beoordeel is kennis van die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk noodsaaklik aangesien mededaderskap ingebed is in hierdie leefstuk.

(b) Die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk (“doctine of common purpose”)

Die volgende is die kernelemente van die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk (Snyman 1999 : 257 - 267):

- Alhoewel hierdie leerstuk in algemene taal geformuleer is en derhalwe nie slegs by een besondere misdaad toepassing vind nie, is dit in die Suid-Afrikaanse reg hoofsaaklik toegepas op die misdaad “moord”.

- Die kern van hierdie leerstuk is dat indien twee of meer mense ‘n gemeenskaplike oogmerk het om ‘n misdaad te pleeg en gesamentlik optree ter uitvoering van hierdie oogmerk, die handeling van elkeen van hulle ter uitvoering van die gemeenskaplike oogmerk die ander toegereken word.

- Die kernvereistes by die toepassing van die leerstuk is dat al die lede van die groep die opset om die misdaad te pleeg en om mekaar by te staan in die pleging van die misdaad moes gehad het. Dit moet bewys word. Indien dit bewys is, word die handeling van X wat die slagoffer byvoorbeeld met die mes gesteek het, ook Z toegereken, indien Z ‘n party tot die gemeenskaplike oogmerk was en hom aktief vereenselwig het met die uitvoering van hierdie oogmerk. Hierdie

toerekening vind plaas selfs al is dit nie moontlik om die bestaan van 'n oorsaaklike verband tussen Z se handeling en die skade wat Y gely het as gevolg van die messteek te bewys nie. X se handeling word in terme van die leerstuk ook die van Z te wees. Die is net X se handeling wat Z toegereken word, en nie ook X se skuld (opset) nie. Z se aanspreeklikheid is gegrond op sy eie skuld. X en Z moes die oogmerk om Y aan te rand gedeel het, hulle moes bewustelik 'n gemeenskaplike oogmerk gehad het. Dit is nie voldoende dat twee of meer persone toevallig – dit wil sê sonder dat hulle van mekaar bewus was – dieselfde oogmerk gehad het nie. Hulle moes bewustelik saamgewerk het. Om bloot toevallig teenwoordig te wees op die plek waar die misdaad gepleeg word en 'n passiewe toeskouer van die misdaad te wees, kan nie dien as grondslag vir skuldigbevinding nie. Al sou die passiewe toeskouer die werklike dader se gewraakte handelinge stilswyend goedkeur sou sy optrede of gedrag nie regverdiging kan bied dat hy hom aktief met die misdaad vereenselwig nie.

- Vroeër is aangeneem dat die grondslag van die leerstuk daarin geleë is dat elke lid van die komplot die ander 'n geïmpliseerde mandaat (volmag) gegee het om die wederegtelike uitvoeringshandelinge te verrig. Die werking van die leerstuk is nie meer noodwendig afhanklik van 'n voorafgaande sameswering of voorafgaande ooreenkoms nie. Die gemeenskaplike oogmerk kan ook spontaan ontstaan en die hof kan so 'n afleiding maak uit die getuienis aangaande die optrede van die verskillende persone. Dit is ook nie nodig om te bewys dat die betrokke persone almal die presiese wyse waarop die misdaad teweeggebring sou word, voorsien het nie.

- Alhoewel die beginsel van die mandaat, soos hierbo bespreek, as grondslag van die leerstuk, nie uitdruklik verwerp word nie kan die leerstuk ook gegrond wees op die aktiewe vereenselwiging met die wederregtelike handeling in terme van toonaangewende resente regspraak. Aktiewe vereenselwiging is dus genoeg en 'n ooreenkoms hoef nie bewys te word nie. Ooreenkoms, uitdruklik of geïmpliseerd, is maar slegs een van die meerdere vorms van aktiewe vereenselwiging. Aangesien dit moeilik is om te bewys dat daar 'n uitdruklike ooreenkoms tussen die daders is, speel die begrip "aktiewe vereenselwiging" 'n belangrike rol. Die

deelnemer moes dus uitdrukking aan sy deelname in die gemeenskaplike oogmerk gegee het deur self die een of ander vereenselwigingshandeling te verrig.

- In terme van die leerstuk, met ander woorde waar ‘n aantal persone tesame ‘n misdaad pleeg, word daar nie ‘n hoofdader uitgesonder nie. ‘n Mededader val nie in ‘n ander kategorie as ‘n dader nie. “Dader” en “mededader” is in terme van die leerstuk dus sinoniem. Een mededader se aandeel aan die misdaad kan groter of geringer wees, maar in terme van die leerstuk is hulle mededaders indien hulle ‘n gemeenskaplike oogmerk gehad het, gesamentlik opgetree het om dit te bereik en die handeling van elkeen die ander toegereken word.

(c) Medepligtige

Snyman (1999 : 270) beskryf die begrip medepligtigheid as volg:

> Iemand is skuldig as ‘n medepligtige tot die pleging van ‘n misdaad indien, ofskoon hy nie voldoen aan al die vereistes vir aanspreeklikheid uiteengesit in die misdaadomskrywing nie, en ofskoon die gedrag wat vir ‘n skuldigbevinding vereis word hom nie ingevolge die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk toegereken word nie, sy gedrag neerkom op wederregtelike en opsetlike bevordering van die misdaad wat deur iemand anders gepleeg word.

Die kernelemente van medepligtigheid kan as volg saamgevat word (Snyman 1999 : 270 - 275):

- “Bevordering” in bogenoemde definisie vermeld, sluit in enige gedrag waardeur iemand die pleging van die misdaad deur ‘n ander vergemaklik, help pleeg, aanmoedig, moontlik maak, beveel, of raad gee in verband daarmee.

- Daar moet ‘n misdaad, deur iemand anders gepleeg, wees. Niemand kan as medepligtige aanspreeklik wees as iemand anders nie as dader aanspreeklik is nie.

- Ten einde as medepligtige aanspreeklik te wees, moet die persoon ‘n handeling verrig wat op die bevordering van die misdaadpleging deur iemand anders neerkom. Voorbeelde van handelinge wat bevordering verteenwoordig is reeds hierbo vermeld. Die hulpverlening of bevordering kan gering wees. ‘n Versuim om positief op te tree kan slegs as handeling kwalifiseer as daar ‘n regsplig op so ‘n persoon rus om iets positiefs te doen.

- Die bevorderingshandeling moet wederregtelik wees.

- Om aanspreeklik te wees as medepligtige moet ‘n mens die misdaad, gepleeg deur iemand anders, opsetlik bevorder. Nalatigheid is nie voldoende nie.

- Die mate waarin ‘n medepligtige die pleging van die misdaad bevorder het, speel ‘n belangrike rol in die bepaling van die strafmaat.

(d) Strafregtelike aanspreeklikheid van die opvoeder as deelnemer aan treitering

Die opvoeder wat hier ter sprake is (sien afdelings 4.4.8, 4.5.3.2 en 5.4.2.1(c)) is die opvoeder wat opsetlik nie ingryp wanneer treitering plaasvind nie omdat hy byvoorbeeld nie van die slagoffer hou nie of ‘n perverse behae uit die treitering put en die treitering ‘n misdaad tot gevolg het. Hierdie optrede (nie-optrede) van die opvoeder kan beskryf word as ‘n late wat opsetlik verrig word. Die opvoeder se handeling bestaan dus daaruit dat hy niks doen nie (*ommissio*). Gemeet aan die kriteria vir daderskap en mededaderskap wat hierbo beskryf is, is die opvoeder nie ‘n dader of ‘n mededader nie. Juis op grond van die feit dat die opvoeder niks doen nie kan daar tog nie sprake wees van daderskap of mededaderskap nie. Om vir daderskap te kan kwalifiseer sou die opvoeder self ‘n boelie moes wees en sy optrede sou moes voldoen het aan die vereistes wat vir die betrokke misdaad gestel word. Om as mededader in terme van die gemeen-skaplike-oogmerk-leerstuk te kwalifiseer sou die opvoeder saam met een of meer persone (opvoeders, leerders) ‘n gemeenskaplike oogmerk moes gehad het om die misdaad te pleeg. Daar sou bewys moes kon word dat die groep opset gehad het om mekaar by te staan in die pleeg van die misdaad. Indien nie bewys kan word dat daar ‘n voorafgaande ooreenkoms tussen die opvoeder en die res van die groep was nie sou aktiewe vereenselwiging bewys moes word. Volgens Snyman (1999 : 265) kan stilswyende

goedkeuring of om 'n passiewe toeskouer te wees nie ter sprake wees as omstandighede wat dui op aktiewe vereenselwiging nie.

Wat die normale kriteria vir medepligtigheid betref, naamlik bevordering van die misdaad deur die pleging van die misdaad deur die dader te vergemaklik, te help pleeg, aan te moedig, moontlik te maak, te beveel of raad te gee kwalifiseer die opvoeder ook nie, want volgens Snyman (1999 : 272) moet genoemde wyses van bevordering gepaard gaan met 'n handeling waarvan daar nie sprake is ten opsigte van die opvoeder nie. Die opvoeder kan volgens Snyman (1999 : 272) egter wel in terme van sy regsplig om positief op te tree as medepligtige kwalifiseer. As gevolg van die feit dat daar 'n regsplig op die opvoeder rus om positief op te tree ten opsigte van treitering kan sy late wel as 'n handeling kwalifiseer en kan hy wel 'n medepligtige tot die misdaad wees (sien ook menings van respondente oor die opvoeder, mededaderskap en medepligtigheid – afdeling 4.4.8; 4.5.3.2).

(e) Strafregtelike aanspreeklikheid van die omstanders as deelnemers aan treitering

Salmivalli et al. (1996 : 1 - 15) – sien ook 5.5.2.3 hierbo – verdeel omstanders in: assistente; aanhitsers; buitestaanders en beskermers.

"Beskermers" word in hierdie bespreking buite rekening gelaat aangesien hulle rol as beskermers van die slagoffer nie hier ter sprake is nie. "Buitestaanders" wat nie betrokke is nie, maar wie se stilswye 'n aanduiding kan wees dat hulle die treitering goedkeur, kan ook duidelik nie vir mededaderskap of medepligtigheid kwalifiseer nie. Hulle voer geen vereenselwigingshandeling uit nie. Stilswyende goedkeuring kan volgens Snyman (1999 : 265) nie dui op aktiewe vereenselwiging met die pleging van 'n misdaad nie. Daar kan dus nie sprake wees van vereenselwiging met 'n gemeenskaplike oogmerk om 'n misdaad te pleeg nie en mededaderskap is dus nie hier ter sprake nie. Wat betref medepligtigheid voer die buitestaanders ook geen handeling uit nie. Hulle stilswyende goedkeuring kan moontlik dui op aanmoediging, maar aangesien die stilswyende goedkeuring nie gepaard gaan met enige handeling nie is daar nie sprake van medepligtigheid nie.

"Assistente" wat die boelie help en aansluit by die treitering nadat dit reeds begin het, se

optrede kan wel vir mededaderskap in terme van die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk kwalifiseer indien bewys kan word dat die lede van die groep opset gehad het om die misdaad te pleeg wat die gevolg is van die treitering asook om mekaar by te staan in die pleging van die misdaad. Aangesien die moontlikheid sterk is dat daar nie 'n voorafgaande ooreenkoms was nie en die assistente spontaan toegetree het, nadat die boelie die treitering begin het, sal bewys moet word dat hulle die een of ander vereenselwigingshandeling met die gemeenskaplike oogmerk verrig het. In die geval van boelies, as rolspelers, wat in 'n groep optree (sien voorlopers – "ringleaders" – as rolspelers in afdeling 5.5.2.3 wat deur Salmivalli et al. beskryf word, as persone wat 'n groep boelies organiseer en die treitering inisieer), is die moontlikheid weer sterk dat daar wel 'n voorafgaande ooreenkoms bestaan om die slagoffer te teiken en hoef aktiewe vereenselwiging nie ook bewys te word nie. Mededaderskap in gevolge die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk kan dus ook ter sprake wees waar 'n groep boelies gesamentlik optree.

"Aanhitsers" wat nie aktief deelneem aan die treitering nie, maar die treitering versterk deur toe te kyk, te lag en aan te moedig, sal eerder as medepligtige tot die misdaad strafregtelik aanspreeklik wees. Volgens Snyman (1999 : 265) beteken aktiewe vereenselwiging met die misdaad dat die lede van die groep bewustelik 'n gemeenskaplike oogmerk moes gehad het. Die aanhitsers en die boelie moes dus bewustelik 'n gemeenskaplike oogmerk gehad het. Dit is nie voldoende dat die persone toevallig – dit wil sê sonder dat hulle van mekaar bewus is – dieselfde oogmerk gehad het nie. Hulle moes dus bewustelik saamgewerk het soos in die geval van die groep boelies. Dit sal moeilik wees om te bewys dat die aanhitsers by treitering bewustelik 'n gemeenskaplike oogmerk gehad het en dat hulle nie bloot toevallig daar opgedaag het as toeskouers en die treitering aangemoedig en saam gelag het nie. Dit wil dus voorkom of dit makliker sal wees om medepligtigheid te bewys as mededaderskap in terme van die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk. Hulle kan medepligtiges wees in die sin dat hulle die misdaad wat die boelie pleeg bevorder deur die boelie aan te moedig en saam te lag (sien ook die siening van die respondente ten opsigte van die omstanders en medepligtigheid in afdeling 4.4.8).

Ten slotte is dit belangrik om te vermeld dat die gemeenskaplike-oogmerk-leerstuk nie toegepas kan word by eiehandige misdade soos verkragting en seksuele misdade nie.

‘n Eiehandige misdaad is ‘n misdaad wat slegs deur middel van iemand se eie liggaam gepleeg kan word. Dus ‘n misdaad wat nie deur bemiddeling van iemand anders gepleeg kan word nie. Indien X byvoorbeeld ‘n vrou verkrag terwyl sy vriend Z hom bystaan deur die vrou vas te hou sonder dat Z ook gemeenskap met Y het kan Z nie op grond van die leerstuk as ‘n mededader aan verkragting skuldig wees nie. Z kan wel as medepligtige tot verkragting skuldig wees. Medepligtigheid aan moord kan regtens ook nie moontlik wees nie aangesien ‘n persoon nie die intrede van die dood kan bevorder sonder om dit oorsaaklik te bevorder nie (Snyman 1999 : 267, 275).

5.5.2.4 Strafregtelike aanspreeklikheid van die skool en die opvoeder

In die geval van ernstige treitering kan dit in uitsonderklike gevalle gebeur dat ‘n slagoffer sterf weens aanranding deur die boelie. Indien dit gebeur, is die eerste vraag wat gevra sal word of daar wel behoorlike toesig was ten tyde van die aanranding en of die skool ‘n behoorlike treiteringbeleid in plek het wat gerig is op voorkoming en intervensie. Dit het ook al gebeur dat die boelie die slagoffer met aanranding dreig en dat die slagoffer en sy ouers die skool in kennis stel, maar dat die skool versuim om voorkomend op te tree, met ernstige gevolge vir die slagoffer (sien afdeling 5.4.2.2). Die vraag is of die skool strafregtelik aanspreeklik gehou kan word vir soortgelyke optredes van boelies op die skoolterrein.

‘n Regspersoon kan wel strafregtelik aanspreeklik wees ( ingevolge artikel 15 van die Grondwet is ‘n skool ‘n regspersoon), met ander woorde kan wel in sekere omstandig-hede aan ‘n misdaad skuldig wees. Indien ‘n regspersoon aan ‘n misdaad skuldig bevind word, kan die hof geen ander straf oplê as ‘n boete nie. So ‘n boete moet deur die regspersoon betaal word, desnoods deur beslaglegging op en die verkoop van sy bates. Die rede waarom slegs ‘n boete opgelê kan word, is dat ideële ding soos ‘n regspersoon tog nie tronkstraf kan kry nie. Strafregtelike aanspreeklikheid van ‘n regspersoon is veral nodig in gevalle van misdade wat daaruit bestaan dat verpligtinge wat spesifiek deur ‘n wet aan ‘n regspersoon opgelê word (soos byvoorbeeld om jaarliks sekere state en verslae op te stel en voor te lê) nie nagekom word nie (Strafproseswet 51 van 1977; Snyman 1999 : 250 - 253).

Die respondente dui aan dat 'n skool nie strafregtelik aanspreeklik gehou kan word vir misdade wat gepaard gaan met treitering nie (sien afdeling 4.4.6 vir respondente A, B en C se menings oor die feit dat 'n openbare skool nie strafregtelik aangekla kan word nie). Daar word saamgestem met die respondente dat dit ondenkbaar is dat 'n openbare skool ('n staatsorgaan), as regspersoon, aangekla kan word vir 'n misdaad. Wat dit eintlik in die praktyk beteken, is dat die staat 'n staatsorgaan (die staat), vir 'n misdaad aankla. Indien die staatsorgaan (openbare skool as regspersoon) aan die misdaad skuldig bevind sou word, sou die openbare skool as staatsorgaan en regspersoon 'n boete aan die staat moet betaal. Dit sou 'n besondere situasie tot gevolg hê waar die staat homself van 'n misdaad aankla en skuldig bevind en dus 'n boete aan homself betaal. Volgens Gobert (2001 : 18) is daar 'n moontlikheid dat ingevolge die Engelse reg skole wel strafregtelik aanspreeklik kan wees vir die dood van leerders en moontlik ook vir ernstige beserings. Dit kan gebeur indien skole in die toekoms geklassifiseer word as ondernemings op wie "corporate killings" van toepassing is. Ingevolge die begrip "corporate killings", kan ondernemings strafregtelik aanspreeklik wees indien die dood van 'n persoon veroorsaak word deur 'n fout aan die kant van die bestuur van die onderneming.

Dit is wel moontlik dat die opvoeder in die uitvoering van sy sorgsaamheidsplig aan 'n strafregtelike oortreding kan skuldig wees. Een van die respondente noem die voorbeeld van die posmeester wat bewus is van bedrogpleging in die poskantoor, maar versuim om daarteen op te tee. Die poskantoor, as staatsinstelling soos ook 'n openbare skool, sal nie vir die misdaad van bedrog aangekla word nie. Die posmeester kan weens 'n late vir bedrog aangekla word omdat hy nie opgetree het nie. In *S v B* 1994 (2) SASV 237 (OK) is die ma van 'n twee en 'n halfjaar-oue kind skuldig bevind aan aanranding weens 'n late. Haar mansvriend het haar kind aangerand. As moeder het sy 'n regsplig gehad om haar kind teen haar mansvriend te beskerm. Aangesien sy versuim het om haar regsplig na te kom, is sy weens dié late aan aanranding skuldig bevind. Net so kan 'n opvoeder, wat versuim om op te tree wanneer 'n boelie 'n slagoffer aanrand, aan strafbare manslag skuldig bevind word as die slagoffer weens sy beserings sou sterf. Die opvoeder het 'n regsplig gehad om die slagoffer te beskerm. Dit geld ook vir aanrandings, veral waar die slagoffer ernstig beseer word. Volgens Gobert (2001 : 17 - 18) gebeur dit nie maklik dat 'n opvoeder in so 'n geval strafregtelik aangekla sal word nie. Howe is ook nog verdeeld ten opsigte van optrede in sulke gevalle. Die moontlikheid

dat 'n opvoeder tog wel strafregtelik aangekla kan word, blyk uit die feit dat die hoof en adjunk-hoof van 'n skool wel aan strafbare manslag skuldig bevind is weens 'n late. Dié twee opvoeders het, ten spyte van die feit dat die skoolkaptein 'n hewige petrolreuk by die koshuis gerapporteer het, nie opgetree nie. Sewe-en-sestig leerders van die Kyanguli-skool in Nairobi het doodgebrand weens dié versuim. Die twee opvoeders is elk tot agt maande tronkstraf gevonnis. Twee leerders van die skool, wat moontlik die brandstigters was, is aangekla van moord (Chepkemei 2002 : 1 - 2).

Behalwe dat 'n opvoeder strafregtelik en sivielregtelik aanspreeklik kan wees weens sy optrede of nie-optrede ten opsigte van treitering, is dit belangrik om ook te meld dat die onderwysdepartement in terme van artikel 18(1) en 18(2) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders ook dissiplinêre stappe teen die betrokke opvoeder kan instel weens wangedrag. Indien die betrokke opvoeder wel skuldig is aan wangedrag is daar verskeie sanksies ingevolge artikel 18(3) wat teen die opvoeder ingestel kan word. Die opvoeder het ingevolge artikel 25 die reg om te appèlleer. Kragtens artikel 26 van bogenoemde wet, moet die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, van die opvoeder se wangedrag in kennis gestel word en voorsien word van alle toepaslike dokumentasie. Die opvoeder se registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, kan in die geval van wangedrag gekanselleer word. Interne kontrole kan dus gelyklopend met eksterne regsprosesse aangewend word ten opsigte van die aanspreeklike opvoeder.

## 5.6 AFSLUITING

Hierdie studie het die regsimplikasies en onderwysbestuursimplikasies vir leerderveiligheid, met verwysing na treitering in Suid-Afrikaanse openbare skole, ondersoek, identifiseer en beskryf. In hierdie hoofstuk is die regsimplikasies vir die onderwysbestuur en onderwysreg afsonderlik beskryf.

Die implikasies van treitering vir die onderwysbestuur en onderwysreg is nie 'n rigiede verdeling nie. Die onderwysreg moet dus ook kennis neem van die implikasies vir die onderwysbestuur, naamlik die optrede van die onderwys op alle vlakke om die regte van die slagoffer te beskerm. Die onderwysreg is juis 'n versameling van regsreëls wat toepassing vind in die onderwys. Andersom, nuwe juridiese kennis is ook onontbeerlik vir die onderwysbestuur op alle vlakke, dit wil sê om so te kan optree dat treitering

effektief bestuur word. Wat betref die implikasies vir die onderwysbestuur en onderwysreg is in hierdie hoofstuk verskeie aanbevelings gemaak met betrekking tot optrede en handelwyse. Vir die onderwys is aanbevelings gemaak ten opsigte van die doeltreffende bestuur van treitering op alle vlakke. Ten opsigte van die onderwysreg is die aanbevole handelinge eerstens implisiet ingesluit in die nuwe juridiese kennis en tweedens in die feit dat daar ook pertinent aangedui word watter optrede aanbeveel word, byvoorbeeld tydens litigasie, wat betref die inhoud van wetgewing ensovoorts.

Hierdie navorsing het 'n baie wye veld gedek. Behalwe dat die fenomeen "treitering" intensief bestudeer is, is wat die regsimplikasies betref, gefokus op verskeie hooffasette van die reg, naamlik: fundamentele regte, internasionale kinderregte, die privaatreg (deliktereg), die gemenereg, strafreg asook regspraak. Hierdie studie het verskeie leemtes in die navorsingsveld van treitering uitgewys. Aangesien hierdie hoofstuk reeds handel oor die regsimplikasies, wat ook aanbevelings insluit, sal daar voorts gefokus word op die leemtes wat verdere navorsing noodsaak:

- **Treitering in die Suid-Afrikaanse konteks**: Die fenomeen "treitering" is al in die buiteland intensief nagevors , maar nog nie in Suid-Afrika nie. Alhoewel die basiese elemente van die fenomeen treitering wêreldwyd dieselfde is, is dit duidelik dat die fenomeen treitering binne die Suid-Afrikaanse konteks verdere intensiewe navorsing verg aangesien die eiesoortigheid van treitering van land tot land verskil. Nuwe eiesoortige kennis sal positief benut kan word vir die bestuur van treitering en litigasie en sal ook 'n bydrae lewer om die onverskillige houding van opvoeders jeens treitering te verander. Navorsing behoort ook gedoen te word om die stand van kennis ten opsigte van treitering in skole en onder opvoeders vas te stel, asook watter impak die stand van kennis op die hantering van treitering het.

- **Nasionale opname**: 'n Nasionale opname wat die aard en omvang van treitering in Suid-Afrika bepaal, is belangrik voordat beleid, wetgewing, voorkomingsprogramme en intervensie-programme oorweeg kan word en suksesvol geïmplementeer kan word.

Wat betref die verskillende fasette of vertakkinge van die reg word die volgende intensiewe navorsing aanbeveel:

- **Fundamentele regte en die skep van 'n menseregtekultuur**: Treitering skend verskeie regte van die slagoffer. Die reg op menswaardigheid en die reg op vryheid en sekerheid van die persoon word deur alle vorme van treitering geskend. Verdere navorsing ten opsigte van treitering en fundamentele regte is noodsaaklik, veral met betrekking tot die skending van die regte van die slagoffer en die skepping van 'n menseregte-kultuur in skole.

- **Wetgewing en 'n treiteringbeleid**: In hierdie studie word aanbeveel dat wetgewing ingestel behoort te word wat die instel van 'n treiteringbeleid in skole verpligtend maak. Navorsing ten opsigte van die problematiek van wetgewing, asook die inhoud van wetgewing wat spesifiek van toepassing op die Suid-Afrikaanse situasie is, is onontbeerlik sodat beleidmakers en wetgewers die nodige kennis kan verkry vir die samestelling van doeltreffende beleid en wetgewing.

- **Strafregstelsel**: Intensiewe navorsing oor die aanwending van die strafregstelsel in Suid-Afrikaanse skole is noodsaaklik, veral teen die agtergrond van die toename van misdaad en geweld in Suid-Afrikaanse skole. Hierdie navorsing hoef nie spesifiek gerig te wees op treitering *per se* nie, want treitering lei slegs in hoogs uitsonderlike gevalle tot misdaad, veral wat die lê van 'n strafklag betref. Die navorsing sal positief meewerk om die onkunde ten opsigte van die aanwending van die strafregstelsel in skole te verlig. The Child Justice Bill wat 'n meer verbruikersvriendelike strafregstelsel vir kinders aanbeveel, behoort as basis vir so 'n studie aangewend te word.

In hierdie navorsing is verskeie aanbevelings gemaak, ten opsigte van dit wat die onderwys op alle vlakke in plek behoort te stel, om treitering doeltreffend te bestuur en sodoende die regte van die slagoffer te beskerm. Die navorser hoop en vertrou dat die nuwe kennis wat in hierdie studie na vore gekom het, 'n invloed sal hê op die optrede van rolspelers en ook daartoe sal lei dat die ellende van duisende slagoffers van treitering, asook potensiële slagoffers van treitering, onderskeidelik aangespreek en voorkom sal word.